

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Jaarverslag Annual Report INgxelo yoNyaka

2009/10

©2010 Western Cape Education Department



PR Nommer: PR187/2009
ISBN Nommer: 978-0-621-38819-0

*Om hierdie dokument te bekom,
tree asseblief in verbinding met:
Hoof:Onderwys , Privaatsak X9114,
Kaapstad, 8000.
Tel: 021 467 2531
Faks: 021 461 3694
E-pos: media1@pgwc.gov.za*

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Jaarverslag: 2009/2010

Inhoudsopgawe Bladsye

Algemene Inligting	Deel 1	1-2
Programprestasie	Deel 2	1-110
Verslag van die Ouditkomitee	Deel 3	1-3
Finansiële Jaarstate	Deel 4	1-60
Menslikehulpbronbestuur	Deel 5	1-27

Voorwoord

Hierdie Jaarverslag verskaf 'n omvattende rekord van die werk van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) vir die 2009/10 finansiële jaar.

Die sleutelfokus vanjaar was om die regering se eerste begroting in lyn te bring met ons jaarlikse prestasieplan en ons strategiese prioriteite, naamlik om die regte van leerders eerste te plaas en onderwysuitkomste te verbeter.

Ons het baie klem gelê op die grondslae van leer, en veral op die verbetering van vlakke van geletterdheid en gesyferdheid in die laer grade. Om dit te bereik het ons die maksimum hulpbronne gekanaliseer na die eerste drie jaar van skoolonderrig, en onself verbind tot formele toetsing in graad 3, 6 en 9, asook tot die verskaffing van meer klaskamerondersteuning, onderwyseropleiding en addisionele leerondersteuningsmateriaal.

Met die oog op die skepping van teksryke klaskameromgewings het ons, bo en behalwe ons jaarlikse begrote toekenning, 'n addisionele R101miljoen toegeken vir die voorsiening van handboeke. R15miljoen hiervan het gekom van kostebesparende inisiatiewe en deur die afgelope jaar oorlog te verklaar teen verkwistende uitgawes, soos besigheidsklasvlugte.

Ons is vasberade om te verseker dat soveel graad 12-leerders as moontlik hulle eksamens in 2010 slaag, en juis om hierdie rede het ons vanjaar 'n reeks nuwe inisiatiewe van stapel gestuur, soos om teikens te stel vir elke skool (met gedetailleerde planne vir skole wat ons ondersteuning nodig het), intensiewe bestuursondersteuning van ons distrikskantore, vakspesifieke ondersteuning vir skole met 'n geskiedenis van 'n lae slaagsyfer, die lansering van die veldtog "Neem eienaarskap van jou eie toekoms, jou eie sukses, en werk hard om jou matriek te slaag",- 'n openbare bewusmaking- en motiveringsveldtog, 'n tutorprogram vir onderpresterende skole in komplekse areas van die sillabus, 'n mentorskapprogram vir prinsipale en die verskaffing van 'n boekie met "Wenke vir sukses" aan elke graad 12-leerder in die provinsie.

Terwyl ons hooffokus egter gerig was op die verbetering van leerderprestasies, moes ons ook die stelsel as 'n geheel verbeter. Ons het dus in die afgelope jaar ook gekonsentreer op ander strategiese prioriteite, soos die skep van groter verantwoordbaarheid binne die stelsel om te verseker dat die WKOD 'n baie meer doeltreffende, meer sorgsame en meer ondersteunende organisasie sal word. Ons het dit vermag deur, onder andere, die Wysigingswetsontwerp van die Wes-Kaap Skoolonderwys te ontwerp en 'n aantal administratiewe funksies en stelsels te verfyn.

Ander prioriteite wat ons gestel het, is die hantering van oorbevolking in ons skole en die verskaffing van veiliger geboue. Om hierdie rede het ek verlede jaar 'n oudit van ons skoolinfrastruktuur gelas om te bepaal waar daar 'n behoefte aan nuwe geboue bestaan, en watter skole vervang moet word of addisionele klaskamers benodig. Ons het ook ons infrastruktuurplan vir die volgende drie jaar aangekondig wat insluit die bou van 25 nuwe skole, 20 skole wat vervang moet word, 'n addisionele 300 nuwe klaskamers, 150 graad R-klaskamers, sowel as mobiele klaskamers vir plasing by skole.

Dit is slegs 'n paar van die prestasies van hierdie jaar. Ons is ook vas van plan om te verseker dat elke rand wat in hierdie begroting gespandeer word, daarop ingestem sal wees om waarde toe te voeg tot die klaskameromgewing.

Ek kan dit egter nie oorbeklemtoon nie dat die ware prestasies in onderwys in hierdie provinsie elke dag plaasvind binne die skole en distrikskantore van die skole in ons provinsie, gelei deur ons toegewyde onderwysers en beampes.

Dit is die soort spangees wat ons regdeur die provinsie wil hê. Ons sal voortgaan op ons weg vorentoe, om ons strategiese doelwitte te bereik. Ons wil dus leerders, onderwysers, prinsipale, beampes en ouers aanmoedig om hierdie visie aan te gryp en kollektief te help verseker dat die gehalte van onderwys wat in die Wes-Kaap aangebied word, steeds sal verbeter.

Donald Grant
Minister vir Onderwys, Wes-Kaap

Deel 1 – Algemene Inligting

1. Algemene inligting

1.1 Voorlegging van die jaarverslag aan die uitvoerende gesag

Dit is die formele voorlegging van die jaarverslag vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir die jaar 2009/10 aan die verantwoordelike uitvoerende gesag.

1.2 Inleiding deur die Departementshoof

Die Strategiese Staat vir die Onderwys 2010 tot 2019 is in November 2009 gepubliseer. Die strategie beklemtoon verhoogde toeganklikheid tot onderwys en die reg van leerders op onderwys van gehalte. In besonder, in die periode 2010 tot 2019, val die fokus op die verbetering van die lees-, skryf- en rekenvermoëns van leerders.

Die hoofaanduiders vir die evaluering van die vordering wat deur die WKOD gemaak is t.o.v. die verskaffing van onderwys van gehalte is: Die verbetering van geletterdheid en gesyferdheid in graad 1 – 6; die verbetering van die slaagsyfer vir graad 12, met inbegrip van 'n toename in kandidate wat slaag met matriek-endorsement, Wiskunde en Wetenskap; en die vermindering van die getal skole wat onderpresteer.

Daar was 'n aantal ontwikkelings in die verslagjaar, soos gelys in die res van hierdie dokument.

1.3 Inligting oor die Ministerie

Binne die konteks van 'n nuwe Administrasie in die provinsie, het die Ministerie hom daartoe verbind om die strategiese oogmerke van die WKOD en 'n reeks van implementeringsplanne en praktiese intervensies te ontwikkel. Die sleutelfokusareas is op infrastruktuur, organisatoriese ontwerp, die verhoging van die bedrag wat op direkte ondersteuning aan skole spandeer word, en die verhoging van onderrigtyd en verantwoordbaarheid.

1.4 Missieverklaring

Die missie van die Wes-Kaap Onderwysdepartement is om seker te maak dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle benodig om:

- hulle potensiaal te verwesenlik
- vervulde lewens te lei
- by te dra tot die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika
- voluit aan die lewe van die land deel te neem
- internasionaal te kompeteer, en
- gemeenskappe te bou wat in staat is om hulle lewens suksesvol en met waardigheid te bestuur.

1.5 Wetgewende mandaat

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 2996 (Wet 108 van 1996) soos gewysig
Die Grondwet van die Wes-Kaapprovinsie, 1988 (Wet 1 van 1998)
Die Suid-Afrikaanse Skolewet, (SASW) 1996 (Wet 84 van 1996) soos gewysig
Die Nasionale Onderwysbeleidswet, 1996 (Wet 27 van 1996);
Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet 16 van 2006),
Die Wet op Gehalteverbetering van Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001), soos gewysig in 2008 (Wet 50 van 2008)

Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998);
Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999(Wet 1 van 1999) soos gewysig
Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003)
Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste
Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)
Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1995 (Wet 58 van 1995)
Wet op die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad, (Wet 31 van 2000)
Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 2000 (Wet 52 van 2000)

Deel 2: Programprestasie

1. Begrote fondse

Hooftoewysing	Aangepaste toewysing	Werklike bedrag bestee	Onderbesteding
R10,346,039,000	R10,663,812,000	R10,613,313,000	R50,499,000
Verantwoordelike Minister	Provinsiale Minister van Onderwys		
Administrerende Departement	Departement van Onderwys		
Rekeningpligtige Beampte	Hoof van Departement, Wes Kaap Onderwysdepartement (WKOD) (Superintendent-Generaal van Onderwys)		

2. Oogmerk van die begrotingspos

Die Wes-Kaapse Regering poog om die lewensgeleenthede van al sy kinders te verbeter deur aan hulle **gehalte-opvoeding** te voorsien. Vir hierdie doel sal alle kinders vir so lank as moontlik in die skool bly, en optimale uitslae behaal.

Om hierdie doel te bereik, sal die WKOD die volgende hoofdienste lewer in die konteks van verpligte onderwys vir almal.

- Oorkoepelende beplanning vir, en bestuur van die onderwysstelsel voorsien
- Openbare onderwysinstansies van ondersteuning voorsien
- Onderwys in openbare gewone skole voorsien
- Onafhanklike skole ondersteun
- Onderwys in openbare spesiale skole voorsien
- Verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges voorsien
- Volwasse onderwys en opleiding (VOO) in gemeenskapsleersentrums voorsien
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R voorsien
- Opleidingsgeleenthede vir opvoeders en nie-opvoeders voorsien
- Die hele kind ondersteun deur MIV/VIGS-bewustheid uit te brei; voedsel aan geïdentifiseerde arm en honger leerders voorsien sodat hulle doeltreffend kan leer; en 'n veilige skoolomgewing bevorder.
- Onderwysers ondersteun deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporing, en welsynprogramme vir werknemers

Opsomming van programme

Die aktiwiteite van al die provinsiale onderwysdepartemente in Suid-Afrika word in die volgende agt programme opgedeel:

Program	Subprogram
1. Administrasie	1.1. Kantoor van die LUR 1.2. Korporatiewe dienste 1.3. Onderwysbestuur 1.4. Mensehulpbronontwikkeling 1.5. Onderwysbestuur-inligtingstelsel (OBIS)
2. Openbare gewone skoolonderwys	2.1. Openbare primêre skole 2.2. Openbare sekondêre skole 2.3. Professionele dienste 2.4. Mensehulpbronontwikkeling 2.5. Nasionale skoolvoedingprogram
3. Subsidies aan onafhanklike skole	3.1. Primêre fase 3.2. Sekondêre fase

Program	Subprogram
4. Openbare spesiale skoolonderwys	4.1. Skole 4.2. Professionele dienste 4.3. Mensehulpbronontwikkeling
5. Verdere Onderwys en Opleiding	5.1. Openbare instansies 5.2. Professionele dienste 5.3. Mensehulpbronontwikkeling 5.4. Voorwaardelike toekenning
6. Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes	6.1. Subsidies aan private sentrums 6.2. Professionele dienste 6.3. Mensehulpbronontwikkeling
7. Vroeëkindontwikkeling	7.1. Graad R in openbare skole 7.2. Graad R in gemeenskapsentrums 7.3. Professionele dienste 7.4. Mensehulpbronontwikkeling
8. Hulp- en verwante dienste*	8.1. Betalings aan SOOO 8.2. Voorwaardelike toekenning-projekte MIV/VIGS 8.3. Eksterne eksamens 8.4. Onderwyseropleiding 8.5. <i>iKapa Elihlumayo</i>

* Hier is daar geringe veranderlikheid tussen programme

Oorsig van die diensleweringomgewing in 2009/10

Makro-verskuiwings en tendense

In Mei 2009 is 'n nuwe regering in die Wes-Kaap gevestig. Hierdie regering het onderwys sy eerste prioriteit gemaak.

'n Strategiese Stelling vir Onderwys 2010 tot 2019 is in November 2009 gepubliseer. Die strategie beklemtoon verhoogde toegang tot onderwys en die reg van leerders op gehalte-onderwys. In die tydperk 2010 tot 2019 sal die fokus veral op die verbetering van die lees-, skryf en rekenvermoëns van leerders val. Die tydperk 2010-2014 sal die grondslag vir hierdie verbeterings lê, sodat in die tydperk 2014-2019 die kinders van die provinsie die vrugte pluk van die stelsel wat ontwerp is en bestuur word om die gestelde teikens te verwesenlik.

Die hoofaanwysers waarmee die vordering gemeet word van die WKOD se pogings om gehalte-onderwys te voorsien, is soos volg:

1. Verbeterde prestasie in geletterdheid en syfervaardigheid in Grade 1-6
2. Toename in die aantal wat Graad 12 slaag, met inbegrip van 'n toename in die aantal wat met matriek-endorsement, wiskunde en wetenskap slaag
3. Afname in die aantal skole wat onderpresteer

Hierdie aanwysers is in die konteks van 'n aantal maatskaplike en ekonomiese probleme bepaal:

- Die meerderheid van die kinders in die Wes-Kaap bereik nie hul akademiese potensiaal nie omdat onvoldoende tyd en aandag aan lees, skryf en tel in die eerste drie grade op skool bestee word
- Skoolbestuur en leierskap in sekere skole is swak
- Response en ondersteuning vanaf die onderwysdepartement is traag
- Die onderwysers se moreel is laag
- Handboeke en ander leermateriaal is van 'n swak gehalte
- Maatskaplike euwels soos armoede en vier misdade hoogty
- Die gehalte van die infrastruktuur van skole gaan agteruit
- Daar is 'n erfenis van onderbesteding op 'n aantal gebiede in die Wes-Kaap, en die immigrasie na die Wes-Kaap verhoog die druk

Die Wes-Kaap se onderwysstelsel is ook deur die ekonomiese krisis van 2009/10 geraak. Dit het 'n impak gehad op die fondse wat vir onderwys beskikbaar is, en op die vermoë van ouers om hul kinders d.m.v. skoolfooi, voedsel, en handboeke te ondersteun.

Bevolkingsdinamika

Sedert die sensus van 2001 het die bevolking van die Wes-Kaap gegroei, en dit groei steeds. 'n Gevolg van hierdie bevolkingstoename in die Wes-Kaap is dat elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie 'n toename in die eise wat gestel word, sal beleef.

Tabel 1 bied die mid-jaar bevolkingsberamings van StatsSA vir 2008 en 2009 vir die leeftydbestek 6-15 jaar en 16-18 jaar. Tussen 2008 en 2009 dui die data vir die leeftydgroep 6-18 jaar op 'n toename in die Wes-Kaap van 15 000 persone.

Die aantal 6- tot 15-jariges in die Wes-Kaap het vanaf 994 084 in 2008 tot 1 006 113 in 2009 toegeneem. In hierdie tydperk het die aantal 16- tot 18-jariges van 286 337 tot 289 167 toegeneem. Die Wes-Kaap het dus nagenoeg 15 000 bykomstige kinders in die ouderdomsgroep 6-18 jaar gehad.

Tabel 1: Aantal persone in die ouderdomsgroepe 6-18 per provinsie 2008 en 2009

Provinsies	Ouderdomsgr oepe	2008	2009	Verskil tussen 2009 en 2008	% toename/afname teenoor 2008	Rangorde per provinsie
Oos-Kaap	6 jr – 15 jr	1 563 395	1 524 235	-39 160	-2.57%	
	16 jr – 18 jr	503 198	503 401	203	0.04%	
		2 066 593	2 027 636	-38 957	-1.92%	9
Vrystaat	6 jr – 15 jr	595 386	595 083	-303	-0.05%	
	16 jr – 18 jr	181 253	180 010	-1 243	-0.69%	
		776 639	775 093	-1 546	-0.20%	6
Gauteng	6 jr – 15 jr	1 784 711	1 824 438	39 727	2.18%	
	16 jr – 18 jr	500 239	510 886	10 647	2.08%	
		2 284 950	2 335 324	50 374	2.16%	1
KwaZulu Natal	6 jr – 15 jr	2 401 388	2 389 211	-12 177	-0.51%	
	16 jr – 18yrs jr	710 042	720 506	10 464	1.45%	
		3 111 430	3 109 717	-1 713	-0.06%	5
Limpopo	6 jr – 15 jr	1 329 306	1 304 558	-24 748	-1.90%	
	16 jr – 18 jr	405 659	408 167	2 508	0.61%	
		1 734 965	1 712 725	-22 240	-1.30%	8
Mpumalanga	6 jr – 15 jr	852 032	846 678	-5 354	-0.63%	
	16 jr – 18 jr	248 371	247 849	-522	-0.21%	
		1 100 403	1 094 527	-5 876	-0.54%	7
Noord-Kaap	6 jr – 15 jr	251 501	252 158	657	0.26%	
	16 jr – 18 jr	69 831	70 072	241	0.34%	
		321 332	322 230	898	0.28%	4
Noord-Wes	6 jr – 15 jr	710 002	712 800	2 798	0.39%	
	16 jr – 18 jr	205 102	205 106	4	0.00%	
		915 104	917 906	2 802	0.31%	3
Wes-Kaap	6 jr – 15 jr	994 084	1 006 113	12 029	1.20%	
	16 jr – 18 jr	286 337	289 167	2 830	0.98%	
		1 280 421	1 295 280	14 859	1.15%	2
Totaal	6 jr – 15 jr	10 481 805	10 454 980	-26 825	-0.26%	
	16 jr – 18 jr	3 110 031	3 135 166	25 135	0.80%	
		13 591 836	13 590 146	-1 690	-0.01%	

Tabel 2 bied inskrywingsdata vir die Wes-Kaap se openbare gewone skoolstelsel vanaf 2000-2009, en dit illustreer die wisselende dog oorkoepelende groei in leerdergetalle in die provinsie. Die toename in getalle op die Graad 12-vlak is 'n bemoedigende ontwikkeling.


Tabel 2: Inskrywings in openbare gewone skole 2000-2009

Databron: 2000 – 2009: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone Skole, leerders by OLSO-eenhede uitgesluit; StatsSA: Bevolking vir 2008 gebaseer op 2007 Gemeenskapsopname)

Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
2000	64,844	81,865	92,343	91,949	85,766	80,658	75,813	80,026	70,634	63,840	48,934	40,996	877,668
2001	81,790	62,960	81,832	94,302	89,254	83,305	77,778	82,190	71,966	67,034	50,206	39,910	882,527
2002	86,969	77,026	64,134	83,022	93,188	86,786	80,865	75,601	80,450	69,752	51,618	40,468	889,879
2003	86,916	82,454	75,931	66,033	82,383	92,341	84,514	81,154	73,200	81,739	51,746	39,644	898,055
2004	104,105	82,130	81,489	76,781	66,060	82,574	89,614	85,053	78,964	80,756	54,199	39,451	921,176
2005	93,515	94,231	80,695	80,809	74,984	66,141	81,953	88,778	82,169	81,577	56,657	39,303	920,812
2006	87,650	85,972	89,828	80,443	77,811	73,106	65,347	78,926	80,595	83,29	57,536	40,198	900,941
2007	92,818	82,562	83,914	89,973	78,674	78,021	72,733	66,406	80,697	86,495	61,938	42,624	916,855
2008	91,853	83,267	79,454	85,891	87,116	78,290	76,146	71,410	72,914	79,133	63,819	43,470	912,763
2009	93,601	82,158	80,385	83,150	82,382	85,621	76,262	75,227	79,795	68,405	60,812	45,692	913,490

Bron: Jaarlikse Skoleopname 2009

Figuur 1 toon die inskrywings per graad vir die jare 1998 tot 2009, en toon dat die retensiesyfer in die skoolstelsel tot Graad 10 goed is. Daar moet werk gemaak word van die afname in getalle in Grade 11 en 12.



Bron: Jaarlikse Skoleopname 2009

Een van die ernstigste redes vir skoolverlating is onvoldoende grondslagleer. Ander redes vir skoolverlating wat in die Algemene Huishoudingsopname vir 2009 gegee word, is "werk", "geen geld", "opvoeding voltooi", "opvoeding is nutteloos", "gesinsverpligtings", "swangerskap" en "eksamen gedruip".

5. Oorsig van die organisatoriese omgewing in 2009/10

Die WKOD bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys, die provinsiale hoofkantoor, agt distrikskantore en onderwysinstansies met inbegrip van openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes, en VKO-persele.

In Mei 2009 is 'n nuwe minister van onderwys aangestel, en 'n nuwe departementshoof is in November 2009 aangestel. In die tweede helfte van 2009 is die WKOD herstruktureer om ondersteuning aan skole te maksimaliseer. Ondersteuning vir onafhanklike skole is aan hoofkantoor opgedra om distrikskantore in staat te stel om op daardie skole te konsentreer wat ondersteuning die nodigste het.

Die herstrukturering beoog om die volgende te voorsien

1. beamptes wat omgee, ingelig en georganiseer is om skole, onderwysers en leerders te ondersteun;
2. onderwysers wat aanwesig en voorbereid is en tekste gebruik;
3. befondsing wat aangewend word om welslae te maksimaliseer;
4. voldoende en veilige skole; en
5. 'n omgewing wat vennote in die onderwys bekwaam om 'n bydrae tot gehalte-onderwys te maak: onderwysvakbonde, skoolbeheerliggame, die private sektor, nie-regeringsorganisasies, private skole, kolleges, en hoërondwysinstansies en -kolleges.

WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders *	953 865
Openbare gewone skole **	1 456
Skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefes	74
Verdere onderwys en opleidingsinstansies (tegniese kolleges)	6 (43 persele)
Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes	112 (301 persele)
Distrikskantore	8
Opvoeders	31 498
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	11 677***

* 2009: Jaarlike opname vir skole (voor Graad R tot na matriek)

** Huidige instansies (alle openbare gewone skole, grade: voor Graad R tot na matriek) (31 Maart 2010)


*** Die totaal van 11 677 staatsdiensposte sluit 1 865 poste in wat geskep is om poste in die beroepskategorie klerk tot SL5 op te gradeer. Die poste is programmaties geskep. Die poste kan slegs na 31 Maart 2010 afgeskaf word, en daarom is hulle by die groototaal ingesluit.

Die agt onderwysdistrikskantore is in kringe verdeel, wat direkte ondersteuning aan skole bied. In 2009 is die grense van die nuwe distrikte en hul kringe gevestig om met munisipale grense ooreen te stem en reisafstande te verlaag. Die kringspanne is multifunksionele spanne wat aan kringspanbestuurders verslag doen. Elke span bedien 'n kleiner aantal skole as voorheen.

Die kringspan bestaan uit drie afdelings met 'n *kringspanbestuurder* aan die hoof.

1. *Kurrikulumadviseurs*: Grondslagfase en Intermediêre/Seniorfase
2. *Spesiale onderwysdiens-beroepslui*: sielkundige, maatskaplike werker, leerondersteuningsadviseur
3. *Institusionele bestuur en beheer en skoolgebaseerde bestuur (skole)* IBB-bestuurder, administratiewe ontwikkelingsadviseur

Education Districts of WCED



Die verspreiding van skole is soos volg:

Openbare gewone skole en leerders per onderwysdistrik en kring										
ONDERWYSDISTRIK	Kring Skole Leerders	1	2	3	4	5	6	7	8	Groot- totaal
KAAPSE WYNLANDE	Skole	40	35	33	38	30	30	32	36	274
	Leerders	24 917	25 618	21 900	12 873	14 879	22 542	9 094	9 639	141 462
EDEN EN SENTRAAL-KAROO	Skole	33	32	24	32	40	40	28		229
	Leerders	8 786	22 184	23 213	18 642	12 670	14 357	14 068		113 920
METRO SENTRAAL	Skole	45	44	36	37	25	25			212
	Leerders	28 508	21 252	21 907	24 741	17 976	17 461			131 845
METRO OOS	Skole	36	20	19	18	18	25			136
	Leerders	37 977	21 825	20 637	19 633	21 177	26 407			147 656
METRO NOORD	Skole	27	26	27	26	33	31	30		200
	Leerders	23 550	18 420	28 836	22 866	22 936	21 683	30 466		168 757
METRO SUID	Skole	35	33	28	16	17	30	30		189
	Leerders	26 042	20 802	18 135	12 734	18 021	31 933	27 388		155 055
OVERBERG	Skole	29	27	25						81
	Leerders	10 577	17 995	10 224						38 796
WESKUS	Skole	27	27	21	26	31				132
	Leerders	13 432	9 480	15 924	7 241	10 297				56 374
TOTAAL skole		272	244	213	193	194	181	120	36	1 453
TOTAAL leerders		173 789	157 576	160 776	118 730	117 956	134 383	81 016	9 639	953 865
<i>Nota: Bron: Jaarlikse opname 2009 – Alle grade: Voor Graad R tot Graad 12 plus OLSO</i>										
<i>3 skole gesluit: Lagunya Finishing School, Ganskraal SSKV Primary en Kliphoek SSKV Primary</i>										
<i>6 skole geopen: Wallacedene Prim, Bardale Sec, Solomon Qatyana Prim, Gansbaai Academia, Avian Park Prim en Witteklip Prim</i>										
<i>Die aantal skole soos op 31 Maart 2010: 1456</i>										1456

6. Strategiese oorsig en sleutel-beleidsontwikkelings vir die 2009-10 finansiële jaar

Die strategiese verklaring stel die drie strategiese doelstellings van die WKOD:

1. Verbeterde prestasie in geletterdheid en syfervaardigheid in Grade 1-6
2. Toename in die aantal wat Graad 12 slaag, met inbegrip van 'n toename in die aantal wat met matriek-endorsement, wiskunde en wetenskap slaag
3. Afname in die aantal skole wat onderpresteer

Ten einde hierdie doelstellings te verwesenlik, mik die WKOD:

1. Om te verseker dat uitkomste vir geletterdheid en syfervaardigheid verbeter, deur die maksimum hulpbronne (menslik sowel as finansiël) aan die eerste drie skooljare te bestee. Vanaf 2010 sal dit gepaard gaan met universele en verpligte toetsing van leerders vanaf Graad 1 tot 6. Norms en teikens sal by elke skool gestel word.
2. Om uitmuntende bestuur van skole te verseker met beamptes, prinsipale en onderwysers wat verantwoordelik gehou word vir hul rol om individuele skoolprestasie te verbeter.
3. Om die meelewendheid en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur op die verbetering van die departement se besigheidsprosesse en -stelsels te fokus.
4. Om die administratiewe werkklas van onderwysers te verminder om meer tyd vir onderrig te voorsien. Onderwysers sal betyds van tekste voorsien word, en geleenthede vir voortgesette professionele ontwikkeling en opleiding kry. Beamptes sal administratiewe en akademiese ondersteuning soos benodig aan onderwysers en skole voorsien.
5. Om te verseker dat elke klaskamer teks-ryk is met leesboeke vir elke Graad 1-6 klaskamer, en teksboeke vir alle Grade 4 tot 12 vir elke vak, en om meer gebruik van tegnologie te maak ten einde 'n kurrikulum van gehalte in die klaskamer te lewer.
6. Om voedsel en ander armoede-verligting en veiligheidsmaatreëls te verskaf ten einde in die behoeftes van arm leerders te voorsien.
7. Om 'n lys van prioriteite vir instandhouding van infrastruktuur te ontwikkel, en die mees koste-effektiewe en doeltreffende prosedure vir die instandhouding van skole te aanvaar.
8. Om menslike en finansiële hulpbronne na daardie distrikte en skole te ontplooi wat histories onderbesteding ervaar het.
9. Om in-migrasie na die Wes-Kaap te beplan en navorsingstendense te gebruik om te verseker dat skole en onderwysers beskikbaar is om gehalte-onderwys aan kinders te voorsien wat die provinsie binnekom.
10. Om geteikende bestuursopleiding en ondersteuning in skole aan alle skoolbestuurslede en SBL'e te bied.

Deurslaggewende nuwe rigtings wat gedurende die verslagjaar ingeslaan is, sluit die volgende in:

1. Hulpbronne (menslik, teks- en finansiël) is aangewend om duideliker en uitdrukliker by verbeterde ondersteuning vir skole in te skakel: Stappe wat gedoen, sluit in dat poste nagegaan word (byvoorbeeld kontrakte wat nie hernu word nie en gesekondeerdes wat na skole terugkeer, poste wat geadverteer word, en bykomstige poste wat aan behoeftige skole voorsien word).
2. Ontwikkeling en uitbreiding van 'n koste-effektiewe, geprioritiseerde en vernuwende infrastruktuurplan om aan agterstande en groei in leerdergetalle aandag te gee.
3. 'n Besluit dat beamptes i.p.v. diensverskaffers kursusse by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) sal aanbied.
4. Dat hoofkantoorvakatures (vanaf SBD-vlak deur alle posvlakke heen) nie gevul word terwyl die behoefte vir alle poste en strukture geëvalueer word nie. Die implikasie is dat beamptes meer funksies oorneem ten einde meer fondse vir direkte steun aan skole beskikbaar te stel. Hieraan is 'n verskuiwing in die rolle gekoppel sodat hoofkantoorpersoneel verantwoordelikheid vir onafhanklike skole aanvaar, waardeur die taak van distrikskantore verlig word.
5. Heroriëntering van die stelsel in elke opsig ten einde die doelstellings van verbeterde akademiese prestasie in skole te verwesenlik. Dit sluit die vestiging van toerekenbaarheidstrukture in om te verseker dat die akademiese teikens wat deur skole gestel word, die lewerbare teikens van alle WKOD-beamptes op alle vlakke word.
6. Verbeterde en vaartbelynde kommunikasie met skole – byvoorbeeld vroeë bekendstelling van die jaarkalender.

7. Die besluit om vyf vakaturelyste per jaar te hê in plaas van die vorige twee, ten einde groter meelewendheid met die mensehulpbronvereistes te toon.
8. Stelsels wat in plek geplaas word om ontwrigting van onderrigtyd te minimaliseer. Dit sluit voortdurende vermanings aan prinsipale en personeel in dat daar geen ontwrigting van onderrigprogramme deur besoekers, NRO's en ander aktiwiteite toegelaat moet word. Alle vergaderings met onderwysers begin om 15:00, na die normale skooldag. Die aantal vergaderings met prinsipale en onderwysers is verminder, en inligting wat elektronies versprei sou kon word, is met hierdie medium gestuur. Die WKOD het die regulasie geïmplementeer wat bepaal dat 'n skool by die distrikdirekteur aansoek moet doen voordat leerders op 'n ekskursie geneem word. Die WKOD het skooldatums bepaal wanneer interne eksamens kan begin (Junie en November), sowel as die vroegste datum vir eksamens om afgehandel te wees. Gedurende die skoolvakansies is ontwikkelingskursusse in geletterdheid en syfergeletterdheid vir onderwysers gehou.

Sleutel-beleidsontwikkelings:

Basiese Wysigingswetsontwerp op Onderwyswette, 2009: Op 9 Desember 2009 het die Departement van Basiese Onderwys die Basiese Wysigingswetsontwerp op Onderwyswette, 2009, vir kommentaar in die *Staatskoerant* Nr. 32790 gepubliseer. Die doel van die wetsontwerp is onder meer: om voorsiening te maak vir die skep van twee nasionale onderwysdepartemente en verwante sake, waardeur die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (WNOB) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW) gewysig word; om die definisies van "ouer" en "lening" te wysig, en voorsiening te maak vir verskeie tipes spesiale skole, bykomstige funksies vir skoolprinsipale, en opleiding van beheerliggame deur 'n erkende beheerliggaamvereniging.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswetsontwerp op Skoolonderwys, 2010, is op 5 Maart 2010 vir kommentaar in die *Buitengewone Provinsiale Staatskoerant* nr. 32790 gepubliseer, en openbare kommentaar moes op of voor 16 April 2010 gelewer word. Die wetsontwerp poog onder meer om die Wes-Kaapse Provinsiale Skolewet, 12 van 1997, met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, wat gedurende dieselfde tydperk agt (8) maal gewysig is, in lyn te bring; beleidmakingsmagte na die provinsiale minister, en reëlmakingsmagte na die departementshoof uit te brei; voorsiening vir skoolinspeksie te maak; opnuut die vestiging en funksies van 'n onderwysraad vir die provinsie te reguleer; voorsiening te maak vir die onderskeid tussen spesiale skole vir leerders met leerhindernisse, en spesiale skole wat onderrig met 'n gespesialiseerde fokus bied; die provinsiale minister te magtig om genoemde norms en standaarde aangaande basiese infrastruktuur en kapasiteit in openbare skole voor te skryf; gevaarlike voorwerp, onwettige dwelms, en alkoholiese drank op skoolpersele te verbied; politieke aktiwiteite gedurende skooltyd by die skool te verbied; betaling van ongemagtigde vergoeding aan sekere werknemers te verbied; voorsiening te maak dat sekere opvoeders onder bepaalde omstandighede as ontslaan beskou sal word, en die tydsduur vir die indien van sekere griewe te verminder. Kommentaar oor die wetsontwerp is ontvang, en konsultasie met relevante deelhebbers het plaasgevind.

7. Ontvangste deur die Departement

Ontvangste word in Tabel ST100 ingesluit.

Departementele inkomste ten bedrae van R26,747 is gedurende 2009/10 ontvang. Die hoofbronne van eie inkomste wat ontvang is, was die volgende.

- Administrasiefoeie (invordering van assuransiepremium)
- Foeie vir reprografiese dienste
- Terugbetalings m.b.t. vorige jare en finansiële transaksies, d.w.s. afskrywing na inkomste

8. Departementele Betalings

Betalings word in Tabel ST100 ingesluit.

Die werklike uitbetalings vir 2009/10 was 99,5% van die goedgekeurde aangepaste begroting. Die onderbesteding is hoofsaaklik weens 'n onderbesteding in die kapitale begroting. Daar was verdragings met by 'n aantal kontrakte waar daar nie met konstruksiewerk begin kon word nie omdat persele onwettig beset was, omgewingsimpakstudies nie gedoen is nie, en/of tenderverkrygingsprosesse langer geneem het as wat verwag was.

Verreweg die grootste gedeelte van die uitgawes is in die primêre en sekondêre skoolstelsel belê, met inbegrip van skole vir OLSO. In die skoolstelsel word personeel in terme van die posvoorsieningsnorms toebedeel volgens gerapporteerde leerdergetalle, armoede-rangorde van die gemeenskap, en vakke wat aangebied word. Norms- en standarde-befondsing word toebedeel volgens nasionale armoede-kwintiele, waar die armste kwintiel gemiddeld ses maal meer ontvang as die mins arm kwintiel.

Nie-personeel besteding verteenwoordig 22,9% van totale besteding vir die 2009/10 finansiële jaar. Nie-personeel besteding sluit in fondse vir norms en standarde; befondsing vir gewone openbare primêre en sekondêre skole; leerdervoerskemas en infrastruktuur. Dit sluit ook in oordragbetalings aan onafhanklike skole, spesiale openbare skole, VOO-kolleges, BOOV-sentrums en VKO-skole en -terreine.

Openbare gewone skoolonderwys was vir 80,6% van die totale besteding vir 2009/10 verantwoordelik. Die hoofdienste wat onder hierdie program ingesluit word, is primêre en sekondêre skoolonderwys by openbare gewone skole (met inbegrip van infrastruktuur), die onderwysdistrikskantoor se steun aan onderwysinstansies m.b.t. bestuur en ontwikkeling, mensehulpbronontwikkeling vir inrigtinggebaseerde personeel, en die voorwaardelike toekenning vir die nasionale skoolvoedingprogram. Die besteding aan die nasionale skoolvoedingprogram was 55.1% vir primêre en 38.8% vir sekondêre skole.

Vroeëkindontwikkeling het gegroei en bykomstige hulpbronne is voorsien om deelname in Graad R te bevorder, en vir die uitgebreide openbare werke program om vir die opleiding van VKO-praktisyns en VKO-personeel te voorsien, en om hulpbronnepakkette vir hierdie personeel te voorsien.

9. SEKTOR-, PROGRAM- EN SUBPROGRAMPRESTASIE

9.0 Die Provinsiale Onderwyssektor

Vordering met belangrike lewerbare bates vir 2009/10

1.1. *Graad R Ontwikkeling:*

- 30 modelpersele is geopen en gebruik om beste praktyk aan naburige skole te demonstree;
- 5 973 studente is as VKO-praktisyns opgelei vir kinders van 0 tot 4 jaar as deel van die uitgebreide openbare werke-program
- Die uitleg en konstruksie van Graad R-klaskamers is verbeter, en 13 van die 104 Graad R-klaskamers wat vir VKO-ontwikkeling beplan was, is teen die einde van die finansiële jaar voltooi. Die oorblywende 91 klaskamers is in verskillende stadiums van voltooiing;
- Die subsidie-toewysing aan openbare en onafhanklike skole vir Graad R-leerders is verhoog;
- 'n Opleidingsprogram vir alle Graad R-onderwysers in die provinsie is ontwikkel, en sal in Junie en Julie 2010 geïmplementeer word.

1.2. *Kurrikulumondersteuning vir Algemene Onderwys en Opleiding (AOO)*

Daar is ondersteuning deur en in distrikskantore om die vlakke van geletterdheid en syfergeletterdheid van alle kinders in primêre skole te verbeter. Die in diens-opleidingsprogram vir onderwysers by die Kaapse Onderrig- en Leierskap-Instituut (KOLI) konsentreer op die onderrig van lees, skryf en wiskunde, en het meer as 3 000 onderwysers bereik. In Maart 2010 het meer as 1 000 onderwysers 'n leeskongres by die KOLI bygewoon.

1.3. *Toename in getalle in die VOO-band wat vir relevante programme ingeskryf is*

Oorkoepelende inskrywing vir Graad 12 het van 39 803 in 2005 tot 46 862 in 2009 toegeneem. Tussen 2008 en 2009 het die getalle van diegene wat die nasionale senior Sertifikaat-eksamens geskryf het van 43 953 tot 44 931 toegeneem. Die aantal leerders wat die nasionale senior Sertifikaat-eksamens geslaag het, het van 34 577 tot 34 017 afgeneem. Die slaagsyfer het van 78.67% in 2008 tot 75.71% in 2009 gedaal.

Vanaf 2008 tot 2009 was daar ook 'n 1,2% afname in die persentasie van diegene wat vir studie vir 'n Baccalaureusgraad gekwalifiseer het. Die stappe wat gedoen is om hierdie afname te voorkom, word in Program 2 uitgestippel.

Die teiken van 11 970 studente wat vir NS (V) by kolleges ingeskryf is, is met die inskrywing van 12 742 studente oorskry. Inskrywing by die ses Wes-Kaapse VOO-kolleges vir 2010 is 29 887. Uitslae vir die kolleges toon dat in totaal 63% van die studente geslaag het. In totaal was daar 'n vakgemiddeld van 68% vir NS (V) en NATED-programme.

1.4. *Verhoog die aantal leerders wat toegang het tot doelgedrewe programme vir (Basiese) Onderwys en Opleiding vir Volwassenes ((B)OOV).*

11 173 leerders het vir die Kha Ri Gude-programme (BOOV vlak 1) ingeskryf. Daarbenewens het 38 053 leerders in 2009/10 vir OOV-programme ingeskryf. Weens die uitfasering van Senior Sertifikaat was daar 2 212 meer inskrywings vir AOO-programme, en 'n geringe afname in getalle wat vir VOO ingeskryf was (tans 17 892 vir Graad 12). Daar was 652 vennootskap-leerders wat deur ander departemente befonds is. Laastens het 241 leerders in die Presidensiële Nodale Sones vaardigheidskursusse in Tuisversorging, Spyseniering, Meubelherstelwerk en Toerustingherstelwerk voltooi.

1.5. *Verbeterde dienslewering aan opvoedkundige terreine*

Alle direktorate het vooruitbeplanning vir 2010-2014 uitgevoer ten einde intervensies vaartbelyn te maak en duidelik te definieer hoedat alle intervensies tot verbeterde leer by skoolterreine sal lei. Beplanning is deur 'n beoordelingsproses voorafgegaan, en alle teikens is teen prestasiemylpale of programprestasie-aanwysers gestel. 'n Opname van kliëntetevredenheid is in 209 skole gedoen, wat insette vir diensstandaarde vir 2010 gelewer het. Die rolle van hoofkantoor en distrikte is verfyn en verduidelik. Daar was 'n afname in die aantal vergaderings, en aandag word gegee aan ander administratiewe laste op skole wat gerapporteer is.

Die WKOD het 'n departementele koerant, *WKOD-nuus*, ingevoer om kommunikasie tussen skole en die administrasie te fasiliteer. Daarbenewens is 'n reeks briewe aan skole gestuur om met voorafbeplanning en bestuur te help. Die aantal besoekers aan die WKOD se webwerf het met 19.7% van 722 009 in 2008/09 tot 864 021 toegeneem. Die WKOD se oproepsentrum het 140 259 oproepe ontvang, 'n toename van 5,3% oor die vorige jaar.

1.6. *Versterkte distrikskantore*

Die aanvang van die kringspanne en die opening van die Overberg-distrikskantore het verbeterde diens teweeg gebring en dit nader aan onderwyspersele gebring. Sekondering vanaf skole is gestaak, en gesekondeerdes is na skole teruggestuur. 136 Sleutelposte is geadverteer en gevul. Die opleiding van ondersteuningspersoneel in distrikte is stelselmatig uitgevoer – IBB-bestuurders (Augustus 2009), leerondersteuningsadviseurs (Januarie 2010), maatskaplike werkers (Maart 2010) en alle personeel wat by die monitering van skole se finansiële bestuur betrokke is (beplan vir April 2010). Die skole se jaarverslae is in April 2010 na die Minister van Onderwys gestuur, en verbeteringsplanne vir Graad 12 is per distrik en per skool opgestel met implementering vanaf Januarie 2010.

1.7. *Versterkte inklusiewe onderwys*

Die aantal OLSO-eenhede by vollediesskole het in 2009/2010 tot 100 gegroei. Om 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel te bou, beteken om strukture, hulpbronne en programme in plek te plaas om leer- en ontwikkelingshindernisse te verhoed, te verwyder, of om daarvoor te kompenseer. Gespesialiseerde ondersteuningspersoneel is deel van die personeeldiensstaat van die distrikgebaseerde ondersteuningspanne en spesiale skole/hulpbronsentrums. Met die vestiging van twee nuwe vaardigheidsskole is groter toegang tot die kurrikulum gebied.

1.8. *Konsolideer e-lewing en e-stelsels en brei dit uit*

Vanaf Augustus tot Oktober 2009 is telematiese onderrig (die gebruik van satellietegnologie) in Wiskunde, Natuurwetenskap, Lewenswetenskappe, Engels Eerste Addisionele Taal (EAT) en Rekeningkunde by 10 onderpresterende skole op die proef gestel.

Die volgende is sommige van die resultate wat deur telematiese onderrig bereik is, en wat tot die besluit gelei het om die loodsprojek in 2010 na 120 skole uit te brei. Konsepte waarmee opvoeders en leerders geworstel het, is verduidelik; na die kontakssessies het opvoeders en leerders voortgegaan met hersiening en konsolidering; die vertroue van leerders en opvoeders het 'n hupstoot gekry; 'n kultuur van interaktiewe onderrig, leer en bespreking is na die klaskamer gebring; daar was verbeterde pedagogie in die klaskamer; die selfbeeld van leerders het verbeter; leerders is met eksamenwenke gehelp en moeilike konsepte is aan hulle verduidelik.

Die Departement van Basiese Onderwys het die rekord- en inligtingopspringstelsel van leerder-eenhede (LURITS) ontwikkel, waaraan provinsies unieke leerderdata voorsien. Aan elke provinsie is teikens gestel, en die Wes-Kaap het sy teikens vir die 2009/10 finansiële jaar oorskry met 1 436 skole en 88 104 leerders wat suksesvol op LURITS vasgelê is. In die 2010/11 finansiële jaar sal verdere opdatings oor drie fases plaasvind, totdat al die leerder- en opvoederdata vasgelê is.

Fase 1 van die distriksbestuur-inligtingstelsel (DIMIS) is in alle distrikte geloods om alle skoolbesoeke en ondersteuning deur distrikbeampies vas te lê en daarvoor verslag te doen. Fase 2 van DIMIS, wat vir 2010/11 beplan word, sal op bykomstige funksionaliteite fokus wat uit die loodsstudie en bestuursverslag oor EduInfoSearch geïdentifiseer is.

Die SA-SABS (nasionale Skooladministrasie- en Bestuurstelsel) is by 100 skole geloods as deel van die bevordering van web-bekwaamheid tot I-SABS. I-SABS sal skole in staat stel om hul skooladministrasieprosesse in 'n netwerkomgewing af te handel. Die stelsel sluit modules vir leerders, opvoeders, ouers, kurrikulum, finansies en die rooster in. Skooldata sal dan op 'n sentrale databasis beskikbaar wees waar provinsiale data opgespoor kan word en "lewend" via EduInfoSearch gerapporteer kan word. Die I-SABS programmatuur sal gedurende die 2010/11 finansiële jaar uitgerol word.

Die Khanya-teiken vir die 2009/2010 finansiële jaar was om 150 fasiliteite te voorsien, meestal aan nuwe skole, maar ook 'n aantal tweede fasiliteite aan groot skole wat bykomende tegnologie benodig om 50 ouer fasiliteite op te gradeer. Dit was nodig om die investering in tegnologie in party van die Khanya-skole te beskerm wat in die periode 2001-2003 toegerus was. Teen die einde van 2010 is 150 fasiliteite voltooi en 110 ouer fasiliteite opgegradeer – wat die teiken met 60 oorskry het. Daarbenewens is 450 interaktiewe witborde by 150 skole geïnstalleer. Telkom het R22 miljoen vir die apparatuur geskenk, en die WKOD het die koste vir projekbestuur en die voorbereiding van infrastruktuur gedek. Khanya het ook interaktiewe witborde vir 'n verdere 89 skole voorsien, en tegnologie-toevoegings by 28 skole. Oorkoepelend is 1 145 skole bygestaan om tegnologiefasiliteite te bekom, 135 skole is in die proses om tegnologiefasiliteite te ontvang, 43 993 rekenaars is voorsien, 25 038 onderwysers het verskillende vlakke van tegnologieopleiding ontvang (of is daarmee besig), 826 390 leerders het toegang tot tegnologiefasiliteite, en 2 100 klaskamers het interaktiewe witborde.

1.9. *Uitrol van ondersteuning aan skole in nasionale kwintiele 1-3*

R42 miljoen is begroot om biblioteek-infrastruktuur en hulpbronmateriaal te verstewig en sodoende boeke en verwante materiaal, rakke, meubels, rekenaars, programmatuur en opleiding vir biblioteek-administrasie, en onderwysopleiding vir skole in nasionale kwintiele 1-3 deur die PGOOO-Skoolbiblioteek-projek te voorsien. 654 Skole het biblioteekhulpbronne ontvang. Fondse is ook vir heelskoolevaluering in 30 primêre en sekondêre skole voorsien. 'n Verskeidenheid onderwysondersteuningsmateriaal vir Lewensoriëntering, Natuurwetenskap en VKO is voorsien.

1.10. *Maak werk van fisiese veiligheid vir kwesbare skole*

Metaalverklidders is onder 109 kwesbare skole versprei, en dit blyk doeltreffend te wees by die bekamping van wapens op skoolterreine. GBT-installasies is voltooi, en 'n evaluering van die program sal bepaal wat die impak was. Die werksverhouding met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Departement van Gemeenskapsveiligheid gaan voort met gereelde vergaderings om skoolveiligheidskwessies te bespreek en werk daarvan te maak. Lukraak soek- en beslagleggingsoefeninge is met die medewerking van die SAPD by geselekteerde skole uitgevoer. Skoolkomitees betrek die gemeenskap, ander regeringsdepartemente en NRO's om skoolveiligheid in die algemeen te versterk.

1.11. *Gekonsolideerde Fokus en Dinaledi-Skole*

Die verbetering in Graad 12-resultate bly stadig. Alhoewel 176 meer leerders in 2009 as in 2008 Wiskunde geskryf het, en 30 meer Natuurwetenskap geskryf het, het die slaagsyfer in Wiskunde en Natuurwetenskap gedaal. In 2009 het die aantal leerders in die provinsie wat hierdie twee vakke in Dinaledi-skole geslaag het, 16% van die provinsie se totaal vir Wiskunde en 15% van die provinsie se totaal vir Natuurwetenskap uitgemaak. Dertien van die Dinaledi-skole het Wiskunde Vraestel 3 geskryf. Daar word aandag geskenk om hierdie skole te ondersteun en ontwikkel ten einde die klaarblyklike uitdagings die hoof te bied.

In 2008 was die oorkoepelende slaagsyfer vir die kunstevakke in die fokusskole 78,64%. Vir 2009 is 681 leerders in die kunstevakke geregistreer, en 604 (88,69%) het geslaag, wat op 'n verbetering van 10,05% dui.

Uit 'n totaal van 3 081 leerders wat Ekonomie, Bedryfsekonomie, en Rekeningkunde by fokusskole geskryf het, het 2 539 (82,4%) geslaag. Dit is 2,26% laer as die uitslae vir 2008, en kan aan die algehele agteruitgang van die uitslae in Rekeningkunde en Ekonomie toegeskryf word.

1.12. *Handhaaf 'n byderwetse en behoeftesgebaseerde program vir infrastruktuur-voorsiening*

In die verslagjaar is 10 skoolgeboue voltooi. Daarbenewens is 184 primêre klaskamers en 101 sekondêre klaskamers plus 16 primêre en 24 sekondêre spesialistekamers gebou. 75 Mobiele klaskamers is gelewer om skole met akkommodasiedruk in die finansiële verslagjaar te help.

1.13. *Verbeter geletterdheid en syfervaardigheid in primêre skole*

Sedert 2003 het daar om die beurt provinsiale toetsing van leerders in Graad 3 en Graad 6 plaasgevind ten einde probleme te diagnoseer en vordering na te speur. Die mees onlangse Graad 3-uitslae dateer terug na 2008 en is: Geletterdheid 54% en Syfervaardigheid 35%.

Die uitslae van die Graad 6-toetsing, wat in November 2009 vrygestel is, toon 'n volgehoue verbetering in die taaltoetstellings, met 48,6% van leerders wat bo 50% behaal. Dit verteenwoordig 'n 3,8% verbetering op die 44,8% van 2007.

Oor die afgelope ses jaar het die persentasie van Graad 6-leerders in die Wes-Kaap wat 50% of meer vir geletterdheid behaal steeds toegeneem:

2003	2005	2007	2009
35%	42.1%	44.8%	48.6%

Dit is 'n toename van 13.6% sedert 2003.

Die uitslae vir Wiskunde het egter gewissel. Die tellings vir Graad 6 het van 'n laagtepunt van 14,0% tot 17,4% toegeneem. Daar is dus steeds minder as 1 uit 5 leerders wie se prestasie aanvaarbaar is. Die aantal Graad 6-leerders met voldoende prestasie op items wat vir Graad 4 en 5-vlakke geld, neem egter toe.

2003	2005	2007	2009
15.6%	17.2%	14.0%	17.4%

Hierdie uitslae oorskry in 2010 die teikens vir die verbetering van prestasievlakke in geletterdheid (teiken 45%) en syfervaardigheid (teiken 15%). Vir 2014 is die teiken vir geletterdheid 65% en vir syfervaardigheid 50%.

'n Mediaveldtog om ouers meer aktief by hul kinders se opvoeding betrokke te maak, is in Januarie 2010 van stapel gestuur.

Verdere besonderhede word onder Program 2 gegee.

1.14. *Voer programme vir heelskoolevaluering en gehaltebestuur en -ontwikkeling uit.*

Heelskoolevaluering is in 99 skole i.p.v. die geteikende 90 skole uitgevoer. Soos die kringspanne sterker geword het, het hulle toenemend pasklaar ondersteuning nader aan skole gebring. 'n Omvattende tendensverslag, wat op bevindings by hierdie skole gebaseer is, is saamgestel en gebruik om as insette vir strategiese intervensies te dien.

1.15. *Ontwikkel prinsipale en onderwysers professioneel*

2 281 Onderwysers is by tersiêre instansies ingeskryf om hul kennis en kwalifikasies te verbeter. 1 724 Onderwysers is vir die Gevorderde Onderwysertifikaat ingeskryf; 349 vir die Nasionale Professionele Diploma in Opvoedkunde, en 145 vir die Hons B Ed nagraadse kursus. 5 253 het programme by die Kaapse Onderwys- en Leierskap-Instituut bygewoon. Hiervan was 652 prinsipale, departementshoofde en adjunkte, en 4 601 onderwysers.

- 1.16. *Verseker dat alle onderwysers voorsien word van die gehalte-ondersteuning wat hulle nodig het: dit deur begrotings-intervensies en -ondersteuning op 'n doelgerigte, doelmatige en konstruktiewe wyse te stuur.* In die verslagjaar is R2,463m vir nie-personeelbesteding toegewys, waarvan R223,123m aan LOOM en R66,701m aan onderwyser-ontwikkeling bestee is. Ten einde die dringende behoeftes die hoof te bied wat in Januarie 2010 met die skoleopening geïdentifiseer is, is byvul-handboeke in sleutelvakke vir Graad 12-leerders voorsien (R1,5m). Graad 11-handboeke ter waarde van R52 450 740 is aan die 359 openbare gewone skole voorsien.

Om die onderrig van korrekte konsepte te versterk in die 154 openbare gewone skole waar Xhosa die onderrigmedium is, is onderwysers op die vlak van Grade 4-6 van handboeke in Xhosa voorsien. Hulle is ook van woordeboeke met wetenskap- en wiskunde-konsepte voorsien. Binne hierdie groep skole is daar 16 Taaltransformasieprojek-skole waar onderrig tot Graad 6 deur die medium van Xhosa geskied. Alle leerders in Grade 4-6 is van hierdie handboeke voorsien (R3 418 734).

Ter ondersteuning van die nasionale Grondslae vir Leer Veldtog is muurkaarte vir Graad 1-6-klaskamers aan 1097 openbare gewone skole teen 'n koste van R8 532 833 voorsien.

Probleme met Verslagdoening

In terme van hierdie Jaarverslag moet kennis van die volgende kwessies geneem word:

Hierdie verslag is op twee patrone gebaseer: die bepalings van die Nasionale Tesourie aan die een kant, en die Departement van Basiese Onderwys se sektorbepalings aan die ander.

Dit is ook gebaseer op die teikens wat in die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 gestel word. Weens probleme met data-insameling vir die Nasionale Prestasiemaatstawwe (PM) wat in vorige jare gebruik is, is 'n nuwe stel Prestasiemetings vir 2009/10 aangeneem. Hierdie besluit het egter 'n uwe stel probleme opgelewer:

<p>Nota:</p> <p>1. Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe teikens gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolasie van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie nuwe prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die jaarverslag van 2008/09 weerspieël word nie, moet die beskrywing daarvan as "werklikes" nie in hierdie konteks beskou word nie.</p> <p>2. Hierdie nasionale prestasiemaatstawwe berus op stelle toetse wat nie sedert 2007 afgeneem is nie, en toe slegs in 'n steekproef van skole. Volledige data is nie deur die benoemde databron, nl. die Departement van Basiese Onderwys voorsien nie, en dus kan dit nie hierby ingesluit word nie. Die historiese data oor die JPP van 2009 was nie met die ter perse gaan beskikbaar nie. Dit is weens die dataprobleme dat hierdie prestasiemeetings by die JPP vir 2010 op 'n nasionale vlak uitgelaat is.</p> <p>3. * Let daarop dat hierdie syfer weens beter databestuur en verfynde definisies in hierdie kategorie verlaag is.</p> <p>4. * Let daarop dat hierdie lesing verander het weens die besluit om slegs werklike klaskamers eerder as alle getewe te tel, ooreenkomstig die veranderende definisies op 'n nasionale vlak.</p>					

ST203	OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleutelfondense	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*					
	Lopende betaling)	2,189,101	2,613,291	2,910,869	2,910,869
	Vergoeding van werknemers	2,006,353	2,365,738	2,692,203	2,692,203
	Opvoeders	1,811,737	2,129,164	2,422,982	2,422,982
	Nie-opvoeders	194,616	236,574	269,221	269,221
	Goedere en dienste en ander lopende betalings	182,748	247,553	218,666	218,666
	Oordragte en subsidies	173,524	162,788	173,771	173,771
	Betalings vir kapitale bates	65,886	97,931	72,551	64,470
	TOTAAL	2,428,511	2,874,010	3,157,191	3,149,110
PRESTASIESTATISTIEK					
PERSONEEL					
	Aantal opvoeders (in openbare diens) (a)	10 748	10 318	10 708	10 247
	Aantal nie-opvoeders	2 600	2 714	2 634	2 428
INSKRYWING					
	Leeders in openbare sekondêre skole (b)	322 371	322 567	327 177	322 524
	L:O-verhouding in openbare sekondêre skole (b/a)	30	31.3	30.6	31.5
	Leeders Graad 8 tot Graad 12 (c)	329 729	327 202	335 746	329 931
	waarvan vroulike leeders (d)	175 764	175 034	173 518	176 489
	Vroulike leeders in Graad 12 wat Wiskunde neem	13 402	11 183	11 000	10 670
	Vroulike leeders in Graad 12 wat Wetenskap neem	6 640	6 824	6 500	6 815

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelitemdise (vervolg)	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik
INSTRUKSIES EN INFRASTRUKTUUR					
Skole		356	356	359	359
Aantal skole met Artikel 21-funksies van die SASW		242	249	260	255
Aantal skole wat as geenfooi-skole verklaar is		106	106	107	107
Aantal skole met watervoorsiening		356	356	359	359
Aantal skole met elektrisiteit		356	356	359	359
Aantal skole met (n toereikende aantal funksionele) toilette#		87	147	99	359
Aantal skole met 'n wetenskapslaboratorium		354	357	354	357
Klaskamers (f)		11 661	11 645	11 661	9 387*
Leerder/klaskamer-verhouding (b/d)		27.6	27.7	27.8	34.4
Skole met meer as 40 leerders per klas		0	0	0	0
BESTEDING AAN INSTANDHOUDING (R'000)*					
Besteding aan skoolinstandhouding		R29 624	R40 119	R20 573	R46 326
Vervanging van alle vaste skoolinfrastruktuur (R'000)		R5 017 600	R5 017 600	R5 017 600	R5 722 268
UITSETSTATISTIEK					
Aantal Graad 9-leerders wat gestandaardiseerde toetse (g) afgelê het		73 877	65 780	76 000	74 836
Aantal Graad 9-leerders wat aanvaarbare uitkomst behaal het (h)		54 693	46 409	63 840	53 651
Aantal Graad 8 tot 12 leerders wat hul graad herhaal het (i)		68 906	66 042	66 042	62 454
Bevolking van 18-jarige ouderdom (j)		86 392	95 216	88 200	97 273
Aantal leerders wat NSS-eksamens geskryf het (k)		41 922	43 953	43 000	44 931
Aantal leerders wat NSS-eksamens geskryf het (k)		33 787	34 577	35 260	34 017
Aantal leerders wat met endossement geslaag het		10 300	14 522	11 200	14 324
NSS-slaagsyfer (lk)		80.60%	78.67%	82%	75.7%
Aantal NSS-kandidate wat beide Wiskunde en Wetenskap geslaag het		8 241	8 103	16 800	6 633
Aantal skole wat NSS-eksamens geskryf het		399	406	401	417

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleuteltegnisse (vervolg)	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik
UITSETSTATISTIEK (vervolg)					
Aantal skole met 'n NSS-slaagsyfer onder 40%	6	17	0	17	
NSS-slaagsyfer van kwintiel 1-skole (n)	72.7%	70.2%	72%	60.2%	
NSS-slaagsyfer van kwintiel 5-skole (o)	98.2%	91.6%	96%	89.1%	
► PRESTASIEMAATSTAWWE					
► PM216: Persentasie van meiseleerders wat in Graad 12 vir Wiskunde ingeskryf het	Nuwe PM	50%	50%	40%	
► PM217: Persentasie van meiseleerders wat in Graad 12 vir Natuurwetenskap ingeskryf het	Nuwe PM	24%	28%	26%	
► PM218: Die prestasieverhouding van die 20% armste leerders in kwintiel 1-skole teenoor die mins arm 20% leerders in kwintiel 5-skole met betrekking tot die graad 12-slaagsyfer	Nuwe PM	0.77	0.78	0.56	
► PM219: Graad 12 slaagsyfer	Nuwe PM	78.67%	80%	75.7%	
► PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde	Nuwe PM	65%	67%	65%	
► PM221: Slaagsyfer in Graad 12 vir Natuurwetenskap	Nuwe PM	50%	71%	53%	
► PM222: Aantal leerders wat by gratis leerdervoer baat	Nuwe PM	46 000	46 500	47 753	
► PM223: Aantal leerders wat by die "Geen-foo"-skoolbeleid baat	Nuwe PM	Nuwe PM	346 139	349 373	
Nee:					
1. Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe teikens gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolasie van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie nuwe prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die jaarverslag van 2008/09 weerspieël word nie, moet die beskrywing daarvan as "werklikes" nie in hierdie konteks beskou word nie.					
2. Let daarop dat die 2008-data vir die bevolking van 18-jariges nie met die ter perse gaan beskikbaar was nie, toe dit as 88 200 weerspieël is, wat op die teiken van 88 200 geïmpakteer het. Dit is hierbo aangepas tot die syfer van 59 216 wat as bron die AHO-beraming vir midjaar 2008 gehad het.					
Die werklike syfer berus op die 2009-beramings (AHO van Statistiek Suid-Afrika)					
3. * Let daarop dat die definisie verander het - vandaar die oënskynlike eksponensiële groei. 4. * Let daarop dat hierdie lesing verander het weens die besluit om slegs werklike klaskamers eerder as alle geteue te tel, ooreenkomstig die veranderende definisies op 'n nasionale vlak.					
5. Die 2009/10-teiken vir Uitgawes is die syfer vir die Finale Toewysing 2009/10.					

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings
<p>201: Aantal leerders wat by die skoolvoedingprogram gebaat het Teiken: 335 000 Werklik: 334 287</p> <p>Vasgestelde maaltydpryse is in die Wet op die Verdeling van Inkomste as 'n minimumvereiste aangedui. Dis NSVP-begroting kon nie vir meer as 334 287 leerders voorsiening maak nie.</p>
<p>► PM 202: Aantal leerders met spesiale onderwysbehoefes in openbare gewone skole</p> <p>Teiken: 13 258 Werklik: 13 765</p> <p>Met die uitbreiding van die inklusiewe onderwysondersteuningstrukture, met inbegrip van die vestiging van meer LOOM eenhede, kon meer leerders met spesiale behoeftes ingeskryf word en ondersteun word met toegang tot die kurrikulum.</p>
<p>► PM 203: Aantal voltdiensskole in die provinsie</p> <p>Teiken: 68 Werklik: 95</p> <p>Tans is daar 95 voltdiensskole wat versterk is. By hierdie voltdiensskole is daar 'n totaal van 100 OLSO-eenheid klasse. Die groei in hierdie sektor is van die beskikbaarheid van hulpbronne afhanklik (finansiële and mensekapitaal).</p>
<p>► PM 204: Aantal openbare gewone skole sonder watervoorsiening</p> <p>Teiken: 0 Werklik: 0</p> <p>Alle openbare gewone skole het watervoorsiening.</p>
<p>► PM 205: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit</p> <p>Teiken: 0 Werklik: 0</p> <p>Alle openbare gewone skole het elektrisiteit.</p>
<p>► PM 206: Aantal skole sonder funksionele toilette</p> <p>Teiken: 0 Werklik: 0</p> <p>Alle openbare gewone skole het funksionele toilette.</p>
<p>► PM 207: Totale openbare begrotingstoewysing vir geskeduleerde instandhouding as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur</p> <p>Teiken: 0.4% Werklik: 0.61%</p> <p>'n Beginsel wat in die beboude omgewing van die Staatsdienskode voorgeskryf word, is om vir 'n bedrag gelyk aan 1,5% tot 2% van die bateswaarde van geboue te begroot wat vir instandhouding beskikbaar moet wees. Tans word 0,5% van die bateswaarde as infrastruktuurfondse vir instandhouding beskikbaar gemaak. Die oorspronklike teiken is op 'n berekening gebaseer wat die toegewysde instandhoudingsfondse gebruik het. Deel van die PG000-begroting is aan instandhouding toegewys. Die teiken is dus oorskry.</p>
<p>► PM 208: Aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid</p> <p>Teiken: 0 Werklik: 0</p> <p>Geen primêre openbare gewone skool het 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid nie. In sommige gevalle het wisselende inskrywings van jaar tot jaar, tesame met klaskamertekorte, tog individuele klasse met meer as 40 leerders per klas tot gevolg. Die kurrikulumaanbieding beïnvloed ook klasgroottes.</p>
<p>► M 209: Aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid</p> <p>Teiken: 0 Werklik: 0</p> <p>Geen sekondêre openbare gewone skool het 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid nie. Vakkombinasies en klaskamertekorte het egter in sommige gevalle tot gevolg dat klasse van meer as 35 leerders onderrig word. Die kurrikulumaanbieding beïnvloed ook klasgroottes.</p>
<p>► PM210: Aantal openbare gewone skole waar alle LOOM- en ander vereiste materiaal teen dag een van die skooljaar soos bestel afgelewer was</p> <p>Teiken: 1 455 Werklik: 1 456</p> <p>Teiken bereik. 100% van die nie-Artikel 21-skole het 100% van LOOM- en ander materiaal op dag een van die skooljaar ontvang.</p>

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings

- ▶ **PM211** Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in syfervaardigheid behaal het
- ▶ **PM212** Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in geletterdheid behaal het
- ▶ **PM213:** Die prestasieverhouding van die armste 20% kwintiel 1-leerders teenoor die mins arm 20% kwintiel 5-leerders in Graad 3
- ▶ **PM214:** Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal het
- ▶ **PM215:** Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal het

Hierdie word nie by dié bespreking betrek nie: Sien "Nota" by die tabel hierbo.

▶ **PM216: Persentasie van meiseleerders wat in Graad 12 vir Wiskunde ingeskryf het**

Teiken: 50%

Werklik: 40%

Die aantal leerders wat bepaalde vakke neem, is 'n faktor van individuele leerderbesluite. Die WKOD moet 'n teiken stel, die omstandighede bepaal wat dit haalbaar sal maak, en uitbreiding bevorder. Die Dinaledi-program en die Wiskunde- en Wetenskap-fokusskole is deel van die WKOD se program om leerdergetalle te verhoog. Die WKOD het fokus- en beroepsvoortligtingprogramme vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie aangeneem om leerders, en veral meiseleerders, aan te spoor om Wiskunde en Natuurwetenskap te neem. Daar is 'n persepsie dat hierdie moeilike vakke is, en dié persepsie word gesteun deur die feit dat die slaagsyfer in die NSS vir hierdie twee vakke veel laer as vir ander vakke is.

▶ **PM217: Persentasie van meiseleerders wat in Graad 12 vir Natuurwetenskap ingeskryf het**

Teiken: 28%

Werklik: 26%

Sien PM 216 hierbo

▶ **PM218: Die prestasieverhouding van die 20% armste leerders in kwintiel 1-skole teenoor die mins arm 20% leerders in kwintiel 5-skole met betrekking tot die graad 12-slaagsyfer**

Teiken: 0.78

Werklik: 0.56

Daar is slegs 4 skole in die Wes-Kaap in die laagste 20% van kwintiel 1-skole, sodat variasie op hierdie PM verag kan word.

PM219: Graad 12-slaagsyfer

Teiken: 80%

Werklik: 75.7%

Die NKV is 'n nuwe kwalifikasie. Die eerste eksamen is in 2008 afgeneem. Daar is nog nie enige voorspelbaarheid in die slaagsyfer van vakke of die NKV nie.

Die slaagsyfer vir 2009 was 2.96% laer as dié van 2008.

Jaar	Geskryf	Geslaag	% Slaag	B. Grd	% B. Grd
2008	43953	34 577	78.67	14 522	33.04
2009	44931	34 017	75.71	14 324	31.88

Alhoewel die WKOD oorkoepelend die hoogste slaagsyfer in die NSS-eksamens vir 2009 gehad het, was die uitslae teleurstellend. Planne is ontwikkel om die teikens wat vir 2010 gestel is, te verwesenlik. Vakke waar daar 'n afname in die slaagsyfer was, sluit Wiskunde, Natuurwetenskap, Rekeningkunde en Aardrykskunde in.

Die afname in die slaagsyfer van Natuurwetenskap en Aardrykskunde was beduidend. Die tabel hieronder toon die prestasie van die Wes-Kaap in die vakke met groot inskrywings in die Wes-Kaap, vergeleke met die oorkoepelende nasionale slaagsyfer in hierdie vakke.

Vak	WKOD-slaagsyfer 2008	Nasionale slaagsyfer 2008	WKOD-slaagsyfer 2009	Nasionale slaagsyfer 2009
Wiskunde	65.2 %	45.7 %	64.9 %	45.9 %
Natuurwetenskap	71.2 %	54.9 %	52.9 %	36.8 %
Rekeningkunde	78.2 %	61.4 %	74.1 %	61.5 %
Aardrykskunde	92.6 %	80.3 %	78.0 %	72.3 %

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings

► PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde

Teiken: 67%

Werklik: 65%

Alhoewel daar 'n toename as teiken gestel is, is die uitslae van 65% gelyk aan die gemiddeld wat in 2008 behaal is, d.w.s. daar was slegs 'n afname van 0,3%. Die opmerking by PM 219 hierbo is van toepassing.

PM219: Slaagsyfer in Graad 12 vir Natuurwetenskap

Teiken: 71%

Werklik: 53%

Prestasie in Natuurwetenskap in die Wes-Kaap

	Aantal geskryf	Aantal geslaag	Slaagsyfer
2008	13612	9691	71.19%
2009	13349	7064	52.92%

Etlieke klagtes is van skole ontvang oor laer as verwagte punte. 'n Ondersoek is afgehandel. Die prestasie in Natuurwetenskap oor die provinsies verskyn hieronder:

Natuurwetenskap-uitslae 2008 – 2009					
Provinsie	Jaar	Geskryf	Geslaag (30%)	Slaagsyfer (%)	Verskil
O-Kaap	2008	25 595	11 119	43.4	
	2009	30 121	8 628	28.6	-14.8
N-Kaap	2008	3 058	1 917	62.7	
	2009	12 010	4 789	39.9	-22.8
N-Wes	2008	13 713	8 768	63.9	
	2009	12 006	4 593	38.3	-25.6
Vrystaat	2008	12 469	7 870	63.1	
	2009	12 010	4 789	39.9	-23.2
Gauteng	2008	40 340	25 998	64.4	
	2009	39 688	16 910	42.9	-21.5
KZN	2008	54 251	26 774	49.4	
	2009	50 470	19 800	39.2	-10.2
Limpopo	2008	34 926	18 022	51.6	
	2009	39 469	12 558	31.8	-19.8
Mum.	2008	20 193	9 667	47.9	
	2009	20 666	5 979	28.9	-19.0
W-Kaap	2008	13 612	9 691	71.2	
	2009	13 349	7 064	52.9	-18.3

Oorkoepelende nasionale prestasie in Natuurwetenskap

	Jaar	Geskryf	Geslaag (30%)	Slaagsyfer (%)	Verskil
RSA	2008	218 156	119 823	54.9	
	2009	220 882	81 356	36.8	-18.1

Die afname in die WKOD se slaagsyfer in Natuurwetenskap vanaf 2008 tot 2009 is in lyn met die afname in die nasionale slaagsyfer van 54,9% in 2008 tot 36,8% in 2009.

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings

► PM222: Aantal leerders wat by gratis leerdervoer baat

Teiken: 46 500

Werklik: 47 753

Dit is die aantal leerders in openbare gewone skole wat by gratis leerdervoer baat. Party roetes is gesluit, maar daar was ook toenemende aanvraag. In Januarie 2010 het 606 bykomstige leerders toegang tot leerdervoer verkry, hetsy op bestaande roetes of op twee nuwe roetes wat ingestel is, naamlik Primêre Skool Karookop (39 leerders) en Bardale Hoërskool (498 leerders). Die toename kan verder toegeskryf word aan die feit dat leerders na die provinsie migreer.

► PM223: Aantal leerders wat by die "Geen-fooi"-skoolbeleid baat

Teiken: 346 139

Werklik: 349 373

Die teiken is met 3 234 oorskry. Dit is weens die toename in leerders in geenfooi-skole soos nuwe grade ingevoer word, en omdat nuwe skole in die vorige jaar geopen was.

Hlulastraat Primêre Skool en Maksa Primêre Skool is nuwe skole, en St Mary's RC Primêre Skool is geherklassifiseer. Die ander skole het toenames in leerderinskrywings gehad.

Vordering

Ten einde herhaling in die dokument as 'n geheel te verminder, word vordering wat onder "Sleutel-Lewerbare Bates" beskrywe word, nie hier gerapporteer nie.

Versterking van Geletterdheid en Syfervaardigheid

Die WKOD het 'n omvattende plan om geletterdheid en syfervaardigheid in Grade 1-6 te verbeter. Een van die maatreëls wat geneem word, is die toepassing van WKOD-toetse vir Grade 3 en 6. Die uitslae van hierdie toetse verskaf insette vir intervensies.

In 2008 het die uitslae van die toetse getoon dat 53,5% van Graad 3-leerders op die ouderdom-/graadnorm vir Geletterdheid en 35% vir Syfervaardigheid presteer het. In 2009 het die toetse onthul dat 48,6% van Graad 6-leerders op die ouderdom-/graadnorm vir Geletterdheid, en 17,4% vir Syfervaardigheid presteer het.

Gesien dat elke Graad 6-toets ontwerp is om prestasievlakke vir Grade 3, 4, en 5 te assesser, word verbetering oor die jare soos volg waargeneem.

PROVINSIALE UITSLAE: GRAAD 6-ASSESSERINGS 2003 – 2009								
Graadvlakke vir Syfervaardigheid	2003 Slaag (%)	2005 Slaag (%)	2007 Slaag (%)	2009 Slaag (%)	2003 Gemiddeld (%)	2005 Gemiddeld (%)	2007 Gemiddeld (%)	2009 Gemiddeld (%)
Graad 3	40.4	43.2	43.0	48.5	42.3	43.9	43.1	46.8
Graad 4	29.1	31.4	37.8	45.1	37.4	39.1	43.7	48.2
Graad 5	24.1	25.9	23.6	26.7	33.3	34.4	34.2	36.9
Graad 6	15.6	17.2	14.0	17.4	27.5	29.0	27.9	31.9
Graad 7	10.0	11.2	15.1	19.3	17.0	18.2	23.4	27.9
Aantal leerders getoets	34,596	31,726	71,854	81,005	34,596	31,726	71,854	81,005
Aantal skole getoets	1,079	1,040	1,034	1,046	1,079	1,040	1,034	1,046

PROVINSIALE UITSLAE: GRAAD 6-ASSESSERINGS 2003 – 2009								
Graadvlakke vir Geletterdheid	2003 Slaag (%)	2005 Slaag (%)	2007 Slaag (%)	2009 Slaag (%)	2003 Gemiddeld (%)	2005 Gemiddeld (%)	2007 Gemiddeld (%)	2009 Gemiddeld (%)
Graad 3	82.8	84.8	84.1	85.8	75.5	77.7	72.5	72.8
Graad 4	67.4	70.5	50.1	57.0	61.5	63.8	51.4	56.1
Graad 5	78.3	80.7	54.7	59.8	67.0	70.2	50.7	54.1
Graad 6	35.0	42.1	44.8	48.6	36.8	40.6	45.0	48.2
Aantal leerders getoets	34,596	31,726	71,854	81,005	34,596	31,726	71,854	81,005
Aantal skole getoets	1,079	1,040	1,034	1,046	1,079	1,040	1,034	1,046

Gedurende die verslagjaar het die volgende intervensies plaasgevind:

- Distrikte is gestruktureer om ondersteuning aan skole te bied wat dit die nodigste het.
- Elke skool het 'n gereedskappakket vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie vir die Grondslagfase en die Intermediêre Fase ontvang.
- Elke onderwyser van Grade 1 tot 6 het 'n Hoofwiskundeboek ontvang.
- Onderwysers in die Intermediêre fase het 'n stel assesseringstake vir Wiskunde ontvang.
- 250 skole het leesskemas (Grade 1 tot 3) en leesboeke (Grade 4 tot 6) ontvang.
- Alle skole met die Intermediêre Fase het 'n Leesintervensieprogram ontvang. Hierdie leesboeke is vir die opleiding van onderwysers in die Gebalanseerde Taalprogram gebruik.
- 342 skole het gereedskappakette vir Geletterdheid en Syfervaardigheid ontvang.
- 25 skole het aan 'n spesifiek ontwerpte intensiewe Syfergeletterheidsprogram deelgeneem, en 125 skole aan 'n intensiewe Geletterdheidsprogram.
- Jaarplanne vir Grade 7 tot 9 is vir 2010 ontwikkel, en werkskedules vir Graad R is vir 2010 ontwikkel.
- 'n Studie van 64 skole het onderrig- en leerpraktyke geassesseer, en 'n grondlyn vir Geletterdheid- en Syfervaardigheidintervensies bepaal.
- 'n Algemene provinsiale moniteringsinstrument is vir die implementering van Geletterdheid en Syfervaardigheid ontwikkel, en toe is 'n program vir Grondlynassessering vir Graad 1-onderwysers ontwikkel.
- 100 Beampptes is opgelei om die Geletterdheid- en Syfervaardigheidspraktyk te moniteer.

Hoërskoolprogram ingevoer

In 2009 is die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens (NSS) deur 44 931 leerders by 417 eksamensentra afgelê. Die Wes-Kaap het die hoogste slaagsyfer van 75,71% gehandhaaf. Daar was egter 'n afname van 2,96% vergeleke met die slaagsyfer van 78,67% wat in 2008 behaal is. 'n Totaal van 14 324 (31,88%) kandidate het die NSS behaal, wat hulle vir studie vir 'n Baccalaureusgraad kwalifiseer.

Vanaf 2008 tot 2009 was daar 'n afname van 1,16% van leerders wat vir graadstudie gekwalifiseer het. Daar was 'n toename tot 'n syfer van 85 in die aantal skole wat minder as 'n 60% slaagsyfer behaal het.

'n Intervensieprogram vir hoërskole is vir implementering in Januarie 2010 ontwikkel. Die proses vir die ontwikkeling van die program was soos volg:

gedetailleerde ontleding van die Graad 12-uitslae per skool; die ontwikkeling van 'n breë strategie as respons op die 2009-uitslae; die identifisering van die besondere vakke met 'n hoë druipsyfer; die kommunikeer van vakdata vir die 2009 Senior Sertifikaat aan elke skool; en die daarstel en kommunikeer van gedifferensieerde teikens en intervensies vir die aantal leerders per skool wat die NSS in 2010 behoort te slaag.

Distrikte het 'n aantal studieleiers per vak met 'n hoë inskrywingsyfer geselekteer, en 'n program en kalender vir studieleiding opgestel. Bykomstige handboeke is verkry, na gelang van die beskikbare fondse, en stelsels is in plek geplaas om die gebruik en terugkry van handboeke deur leerders en opvoeders te verseker. Skryfbehoeftes is ook voorsien.

Planne is in plek geplaas om elke leerder van 'n hoeveelheid vorige eksamenvraestelle, sowel as 'n boekie "Wenke vir Sukses in die NSS" te voorsien. Daar is inligtingsessies met ouers en ander deelhebbers oor voorbereiding vir die eksamen.

Om onderrig en leer te ondersteun, word daar addisionele klasse deur opvoeders aangebied (middae / naweke / vakansies), en daar sal hiermee voortgegaan word; vakspesifieke steun deur kurrikulumadviseurs tydens besoeke aan skole, minstens tweemaal per kwartaal; die maksimum benutting van alle skooldae en onderrigtyd; en die monitering van onderwyser- en leerderbywoning en kurrikulumlewering.

Junie-eksamens moet binne 'n goedgekeurde tydperk geskryf word. Daar is 'n Telematika-program by 120 geselekteerde skole, en daar word klustervergaderings en vergaderings om standarde te bepaal deur distrikte gehou.

Die bywoning deur prinsipale en onderwysers word gemoniteer, en daar is bestuursondersteuning deur spanbestuurders en mentorprinsipale.

Onderwysersopleiding en -ondersteuning

'n Bedrag gelyk aan 1% van die WKOD se salarisbesteding word aangewend om die vaardighede en bevoegdheid van alle WKOD-werknemers te verbeter.

Die vaardigheidsvlakke van onderwysers word deur verskeie ontwikkelingsintervensies (Werkplekvaardigheidsprogramme – WVP's) opgebou. Hier word op opleidingsbehoefte gefokus wat deur Skoolverbeteringsplanne en Distrikverbeteringsplanne geïdentifiseer is, en op distriksvlak gefasiliteer word.

'n Verskeidenheid opleidingskursusse, seminare en kongresse word deur die Kaapse Onderwys en Leierskapinstituut (KOLI) aangebied, wat die kernfasiliteit vir indiensopleiding van die WKOD is. Die kursusse bied kurrikuluminhoud en metodologie in die Grondslag-, Intermediêre en Seniorfases aan. Nog 'n prioriteitsarea is programme vir skoolbestuur- en leierskapontwikkeling. Benewens intensiewe twee- en vierweek-kursusse in hierdie areas, bied die KOLI ook verskillende seminare en konferensies oor aktuele kwessies aan. Deur hierdie intervensies het die KOLI in die finansiële jaar oor die 3 000 opvoeders bereik.

Geteikende formele kursusse soos die Gevorderde Sertifikaat in Onderwys (GSO) wat op 'n verskeidenheid terreine fokus, onder meer Wiskunde, Wetenskap, Skoolleierskap, Biblioteekkunde, Lewensoriëntering, Grondslagfase en Taal, word by hoëronderwysinstansies aangebied. Hierdie kursusse word deur die WKOD gekonseptualiseer en befonds in 'n poging om die kwalifikasies van opvoeders te verbeter, en om die gehalte van leer en onderrig in die klaskamer te verhoog. 2 100 beurse is aan indiens-onderwysers toegeken ten einde hul kwalifikasies te verbeter, en 106 voordiens-beurse in skaars-vak-areas toegeken.

Skoolveiligheid

Die Veiligeskoleprogram het 'n driegaffel-strategie, naamlik: 'n Veilige Skole Inbelsentrum, waar verskillende kwessies aangaande skoolgebaseerde geweld aangemeld kan word; berading deur die inbelsentrum vir geaffekteerde en getraumatiseerde individue; en die voorsien van fisiese veiligheid.

In 2008 het die Oproepsentrum vir Veilige Skole 'n totaal van 19 449 oproepe ontvang, waarvan 3 840 oproepe met ondersteunende intervensies opgevolg is. Vir 2009 was daar 'n totaal van 17 554 oproepe met 3 588 opvolgevalle.

In 2008 het 321 uit 3 840 inligting gevra oor hoe om 'n bepaalde bedreiging te hanteer, inligting oor MIV/VIGS, tienswangerskap, of wangedragprosedures, ens. In 2008 was 660 oproepe in verband met misbruik (fisies, emosioneel, middele) en in 2009 was daar 623 gevalle van misbruik. Die Oproepsentrum vir Veilige Skole bied ondersteuning met aanvanklike aanlyn-ondervraging of "sielkundige eerstehulp", en verwys die geval daarna na diensverskaffers vir indiepte berading.

Die Oproepsentrum vir Veilige Skole rapporteer 'n afname in inbraak en vandalisme gedurende die jaar, vanaf 796 gevalle in 2008 tot 750 gevalle in 2009. In 2008 was 24 skole gedurende die Desembervakansie ge vandaliseer, en in 2009 21. Aangemelde gevalle van misbruik het van 660 tot 623 afgeneem. Trauma gevalle het van 348 in 2008 tot 297 in 2009 afgeneem. Daar was 'n toename in aangemelde misdaad van 605 gevalle in 2008 tot 645 in 2009.

'n Totaal van 240 skole het sekuriteitsinfrastruktuur ontvang. 63 skole het alarmstelsels ontvang wat met gewapende responseenhede gekoppel is; 13 skole het diefwering ontvang; 50 skole het veiligheidshekke ontvang; 28 skole het klipskerms ontvang; 25 skole het interkomstelsels vir ontruimingsdoeleindes ontvang; 4 skole het geslotebaan televisiekameras ontvang, en 57 skole is van gedeeltelike omheining voorsien om gapings te sluit. Noodsekuriteitpatrollies is gedurende die skoolvakansies georganiseer om met die vermindering van eiendomverwante misdaad te help.

Benewens die Oproepsentrum vir Veilige Skole en veiligheidsinfrastruktuur, bied die WKOD opvoedkundige programme aan om positiewe betrokkenhede soos sport, kuns, drama, en toekomstige loopbane te bevorder. Die

program fokus op houdings- of gedragsveranderings, kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur, en bemiddelingsopleiding.

Veiligheidshulpbronbeamptes word ingespan om skole met skoolveiligheidskomitees en skoolveiligheidsplanne te ondersteun; om ondersteunings en/of voorkomende programme te vestig, en om as positiewe rolmodelle en mentors by 109 hoërisikoskole op te tree.

Leerderondersteuningsbeamptes doen opvolgwerk met wegblyleerders en verseker assessering van leerderprobleme. Hulle voorsien mentor- en afrigwerk aan kwesbare leerders en verseker dat leerders die dienste wat hulle benodig, kan assesser. Leerderondersteuningsbeamptes fasiliteer die "Jeug in Beheer"-projek as deel van die vakansieprogram. Die projek poog om positiewe houdings en gedrag te versterk deur toepaslike kanalisering van kwesbare leerders na geskikte opvoedkundige strukture en die ontwikkeling van vaardighede om gemeenskapsprojekte te implementeer.

Infrastruktuurvoorsiening

In die verslagjaar is 10 skoolgeboue voltooi. Daarbenewens is 184 primêre klaskamers en 101 sekondêre klaskamers plus 16 primêre en 24 sekondêre spesialistekamers gebou. 75 mobiele klaskamers is gelewer om skole te help wat akkommodasiedruk beleef.

Die infrastruktuurplan vir 2010/11 – 2012/13 is in Maart ter tafel gelê en stel soos volg voor om infrastruktuurvoorsiening oor die MTUR te berejder.

1. Die gebruik van onderbenutte klaskamers in bestaande skole
2. Die bou van 322 klaskamers by bestaande skole om groei van leerdergetalle en oorlading te verlig
3. Die bou van 25 nuwe skole om groei van leerdergetalle en oorlading te verlig
4. Die vervanging van 20 bestaande skole wat van ongeskikte materiaal is, en die vervanging van ongeskikte klaskamers by 20 bestaande skole, en
5. Instandhoudings- en herstelwerk

In die MTUR sal die WKOD ook 150 Graad R-klaskamers, 4 spesiale skole, en 6 vaardigheidskole bou. Die opsies vir nie-konstruksie wat oorweeg sal word, is huidige leerdervervoerstelsels, die optimale gebruik van hostels, die huur van skoolgeboue, amalgamering en konsolidering van bestaande fasiliteite, meubelgrootte, en die wegdoen met geboue en grond.

Spesifieke Uitdagings, Response en Kwessies wat voortgesette aandag benodig

Al die items wat onder "Vordering" gelys word, verg voortgesette aandag. Elemente hiervan is in die WKOD se Strategiese Verklaring en Strategiese Plan gedefinieer.

Intervensie om Geletterdheid- en Syfervaardigheid te versterk

Dit is onder die opskrif "Vordering" (Deel 2, bladsye 41 en 42 hierbo) voorsien. Dit sluit in die voorsiening van 'n intensiewe ondersteuningsplan in 25 skole, die vestiging van grondlyne vir provinsiale intervensies, die voorsiening van toerusting en jaarplanne aan alle skole, en 'n langtermyn perseelgebaseerde intervensieplan. 'n Groot hupstoot van hierdie veldtog is om elke primêre skool in die provinsie in geletterdheid en syfervaardigheid op te lei. Dit word vergesel van die voorsiening van voldoende LOOM in Huistaal en Eerste Addisionele Taal.

Die provinsiale geletterdheid- en syfervaardigheidstrategie van 2006 voorsien 'n algemene raamwerk wat beide eenvormigheid en soepelheid bied. Dit stel 'n model vir sterk in-klas-opleiding en ondersteuning, monitering, rapportering, definiëring van rolle en verantwoordelikhede van WKOD-rolspelers en toerekenbaarheid vir nie-verbetering, en berus op die volgende pilare:

- 'n Voorskoolse program
- Versterking van, en veranderings aan klaskamerpraktyk
- Onderwysersopleiding en Ontwikkeling
- Leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal
- Navorsing
- Monitering en Ondersteuning
- Koördinerende en volhoubaarheid
- Voorspraak, gemeenskap- en openbare bewustheid, en gesinsgeletterdheid

Teikens is vir die volgende gestel – reg deur tot 2019:

- % van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid behaal het
- % van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Syfervaardigheid behaal het
- % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid behaal het
- % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Syfervaardigheid behaal het
- % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal het
- % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal het

Verbetering van Graad 12-prestasie

Dit behels 'n gemoniteerde program gebaseer op teikenstelling, studieleiding, voorsiening van handboeke, intensiewe ondersteuning vir eksamenvoorbereiding deur plekgebaseerde ontledings, dokumente en 'n program om uitmuntendheid van onderrig, maksimum gebruik van inrigtingtyd en versterking van skoolbestuur te verseker.

Teikens is vir die volgende gestel – reg deur tot 2019:

- Verlaging in die aantal skole met 'n slaagsyfer waar <60% slaag
- Slaagsyfer vir Nasionale Senior Sertifikaat
- Aantal wat Nasionale Senior Sertifikaat slaag
- % leerders wat vir studie vir 'n Baccalaureusgraad kwalifiseer
- Aantal leerders wat vir studie vir 'n Baccalaureusgraad kwalifiseer
- Aantal leerders wat Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaateksamens slaag
- Aantal leerders wat Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaateksamens slaag

9.3 Program 3: Onafhanklike Skole Subsidies

Programdoelwit

Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 te ondersteun

Die Onafhanklike Skoolsubsidieprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Primêre fase

- om onafhanklike skole wat Grade 1 tot 7 aanbied, te ondersteun

Sekondêre fase

- om onafhanklike skole wat Grade 8 tot 12 aanbied, te ondersteun

Ingevolge die Suid-Afrikaanse Grondwet mag enigeen 'n onafhanklike skool vestig en vir eie rekening bedryf, onderworpe aan streng kriteriums. Hierdie skole mag nie op grond van ras diskrimineer nie, moet 'n gehalte van onderwys handhaaf wat nie laer as dié van 'n soortgelyke openbare skool is nie, en moet by die provinsiale departement van onderwys geregistreer wees.

Programbeleidsontwikkelings gedurende 2009/10

In die Staatskoerant nr. 31848 van 30 Januarie 2009 het die Minister van Onderwys bekendgemaak dat die datum vir die kategorisering van onafhanklike skole vir studiedoelindes in terme van die Nasionale Norms en Standaarde vir Skoolbefondsing (NNSB) van Januarie 2004 na Januarie 2008 verander sou word.

Die WKOD het met hierdie proses van kategorisering voortgegaan. Onafhanklike skole is versoek om vir die WKOD 'n aanduiding van hul skoolfooi te gee, en van hoedat hierdie fooi bepaal was. Na die kategorisering van die skole, is alle skole van hul toewysing vir 2009/10 in kennis gestel.

In 2010 het die Wes-Kaap ondersteuning vir onafhanklike skole na Hoofkantoor verskuif ten einde distriksbeambtes in staat te stel om openbare skole te ondersteun. Die WKOD het 127 onafhanklike skole besoek. Skole ontvang al die omsendbriewe en korrespondensie van die WKOD, en word aangemoedig om die WKOD-webwerf te gebruik.

Regulasies in verband met die registrasie van, en subsidies aan onafhanklike skole

Ingevolge Artikels 46 en 48 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig, het die LUR vir onderwys in die Wes-Kaap die regulasies afgekondig wat die volgende sake bepaal:

1. Vereistes en voorwaardes vir registrasie
2. Prosedures vir registrasie
3. Toestemming vir leerders om eksamens af te lê
4. Inspeksie van onafhanklike skole
5. Subsidies aan onafhanklike skole
6. Terugtrekking van registrasie en sluiting van onafhanklike skole
7. Appèl aan die LUR

Die konsepdokument is voltooi.

ST301	SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE – Sleuteltegnense	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik
BETALINGS VOLGENS SUBPROGRAM (R'000)					
3.1 Primêre fase		19,042	19,500	22,610	22,610
3.2 Sekondêre fase		20,671	24,619	32,912	32,912
TOTAAL		39,713	44,119	55,522	55,522
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*					
Lopende betaling		0	0	0	0
Vergoeding van werknemers		0	0	0	0
Goedere en dienste en ander lopende betalings		0	0	0	0
Oordragte en subsidies		39,713	44,119	55,522	55,522
Betalings vir kapitale bates		0	0	0	0
TOTAAL		39,713	44,119	55,522	55,522
PRESTASIESTATISTIEK					
PERSONEEL					
Aantal opvoeders (in openbare diens)		-	-	-	-
INSKRYWING					
Leeders in onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang		16 703	17 397	18 432	17 928
- Primêre fase		8 626	11 115	12 106	11 657
- Sekondêre fase		8 077	6 282	6 326	6 271
Leeders in nie-gesubsidieerde onafhanklike skole		8 532	13 744	8 532	9 096
- Grade 1 tot 7		6 474	6 871	6 474	6 218
- Grade 8 tot 12		2 058	6 873	2 058	2 878
TOTAAL (alle leeders in onafhanklike skole)		25 235	31 141	26 964	27 024
Nota:					
1. Die wisselende leerderdata is 'n faktor van die onbetroubare patroon waarvolgens datastelle in die verlede ingedien is. Aanduidings vir 2010 is dat onafhanklike skole op die ouditbesoek gereageer het deur hul data vrywillig in te dien, wat in die toekoms tot meer betroubare data sal lei.					
2. *Die 2009/10-teiken vir Uitgawes is die syfer vir die Finale Toewysing 2009/10.					

ST301	SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE – Sleuteltoendense (vervolg)					
	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Telken	2009/10 Werklik		
INSTANSIES						
Skole wat 'n subsidie ontvang (a)	87	98	100	106		
3.1 Primêre fase	65	66	65	80		
3.2 Sekondêre fase	22	26	22	26		
Skole wat nie 'n subsidie ontvang nie	118	115	129	125		
TOTAAL	205	213	229	231		
Gesubsidieerde skole wat gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes besoek is (b)	-	61	45	106		
► PRESTASIEMAATSTAF						
► PM391: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is	0.00%	45	45	106		
► PM302 Aantal leerders in gesubsidieerde onafhanklike skole	Historiese data nie beskikbaar nie	17 397	18 432	17 928		
<p>Nota: Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaarlike Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe tekens gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolasië van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie nuwe prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die Jaarverslag van 2008/09 weerspieël word nie, moet die beskrywing daarvan as "werklikes" dienoreenkomstig beskou word.</p>						

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings

► PM301: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is

Teiken: 45

Werklik: 106

Alle skole is besoek. Distrikskantore het 'n rekord gehou van die aard van die ondersteuning wat gebied is.

► PM302 Aantal leerders in gesubsidieerde onafhanklike skole

Teiken: 18 432

Werklik: 17 928

Die werklike syfers vir leerders is uit die aansoekvorms verkry van die onafhanklike skole wat om subsidies aansoek gedoen het. Weens die her kategorisering van onafhanklike skole vir studiedoelindes, het minder skole in terme van die Norms en Standaard vir Skoolbefondsing vir subsidies gekwalifiseer. Dit het bygedra tot die afname in die aantal leerders in gesubsidieerde onafhanklike skole.

Vordering

Die oudit vir skole is in die eerste kwart van 2010 deur Hoofkantoorpersoneel uitgevoer. 'n Verslag oor besoeke is voltooi, en daar is oor aanbevelings ooreengekom. Die WKOD het 127 skole besoek. 106 skole het subsidies ontvang indien hul verlangde WKOD 043 kwartaalopgawes betyds ingedien is. Onderwysers in onafhanklike skole het werkwinkels bygewoon wat deur die WKOD aangebied is.

Die indien by die WKOD van geskikte data was nie konsekwent nie. Behalwe vir 2008 was daar oor die algemeen 'n hoër opgawekoers vir die Kitsopname as vir die Jaarlikse Skoolopname. Die program vir besoeke aan onafhanklike skole vir 2010 het tot 'n skerp toename in opgawes van die Kitsopname in 2010 gelei.

	KITS 07 Ingedien	KITS 08 Ingedien	KITS 09 Ingedien	ASS 07 Ingedien	ASS 08 Ingedien	ASS 09 Ingedien	KITS 10 Ingedien
Nee	73	63	96	59	86	62	105
%	57.48	49.61	75.59	46.46	67.72	48.82	82.6

Tabel 2 Konsekwentheid van ASS- en SS-voorleggings gebaseer op 'n steekproef van 127 skole (Bron: OBIS)

Spesifieke Uitdagings en Response en Kwessies wat voortgesette aandag vereis

Bestuur van die raakvlak met onafhanklike skole in die konteks van kompeterende verantwoordelikhede

Respons:

- Hoofkantoorbeamptes sal in 2010 'n basiese papiergebaseerde oudit van alle onafhanklike skole en tuisskole op die WKOD se databasis uitvoer.
- 80% van onafhanklike skole dien geouditeerde finansiële verslae in soos in die regulasies voorgeskryf.
- Onafhanklike skole wat vir subsidies kwalifiseer, sal hulle betyds ontvang.
- Tot 25% van opvoeders in onafhanklike skole woon opleiding- en ontwikkelingswerkwinkels by wat deur die distrik aangebied word, veral dié vir Geletterdheid en Syfervaardigheid.

9.4 Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys

Programdoelwit

Om openbare onderwys in spesiale skole te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, en Onderwyswitskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys

Die Openbare Spesiale Skoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Skole

- om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien

Professionele dienste

- om openbare spesiale skole te ondersteun

Menshulpbronontwikkeling

- om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole te voorsien

Programbeleidsontwikkelings vir 2009/10

Op 1 April 2010 het die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) in werking getree. Ingevolge Artikel 196 (3) van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), word nywerheidskole en verbeteringskole, wat die verantwoordelikheid van 'n provinsiale Departement van Onderwys is, op die datum wanneer hierdie artikel in werking tree, die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Dit sal gebeur binne twee jaar nadat die betrokke hoofstuk in die Wet in werking tree. Dit impliseer dat nywerheidskole en verbeteringskole in Suid-Afrika teen die einde van April 2012 na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling oorgedra moet word. Die Departement van Basiese Onderwys sal die proses fasiliteer, in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en ander relevante departemente.

Tans is daar slegs drie sulke instansies in die Wes-Kaap wat leerders akkommodeer na wie in terme van die betrokke wette verwys word.

ST401	OPENBARE SPESIALE SKOOLONDERWYS - Sleutelfondense	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik
BETALINGS VOLGENS SUBPROGRAM (R'000)*					
4.1 Skole		434,279	510,390	626,223	623,604
4.2 Professionele dienste		46	0	0	0
4.3 Mensehulpbrontontwikkeling		0	0	0	0
TOTAAL		434,325	510,390	626,223	623,604
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*					
Lopende betaling		354,586	414,963	490,034	490,034
Vergoeding van werknemers		349,223	411,090	484,441	484,441
Opvoeders		276,235	328,379	389,141	389,141
Nie-opvoeders		72,988	82,711	95,300	95,300
Goedere en dienste en ander lopende betalings		5,363	3,873	5,593	5,593
Oordragte en subsidies		79,739	95,427	106,446	104,246
Betalings vir kapitale bates		0	0	29,743	29,324
TOTAAL		434,325	510,390	626,223	623,604
PRESTASIESTATISTIEK					
PERSONEEL					
Aantal opvoeders (in openbare diens)		1 649	1 646	1 644	1 746
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)		950	963	915	984
INSKRYWING					
Tot en met Graad 7		9 665	6 143	10 244	8 522
Graad 8 en hoër		6 050	7 772	6 866	9 444
INSTANSIES en INFRASTRUKTUUR					
Skole		72	72	75	74

ST401	OPENBARE SPESIALE SKOOLONDERWYS – Sleuteltendense (vervolg)				
	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik	
► PRESTASIEMAATSTAWWE					
► PM401: Aantal kinders van 6 tot 15 jaar met spesiale behoeftes wat nie by onderwysinstansies ingeskryf is nie	Nuwe PM	306	204	1 800* [295]	
► PM402: Aantal leerders wat by Spesiale Skole ingeskryf is	15,764	15 790	17 110	17 966	
<p>Nota:</p> <p>1. Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe teikens gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolering van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie nuwe prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die jaarverslag van 2008/09 weerspieël word nie, moet die beskrywing daarvan as "werklikes" nie in hierdie konteks beskou word nie.</p> <p>2. * Let daarop dat die teiken gestel was met gebruikmaking van data uit werklike toepassings wat deur die WKOD gedoen is. Die syfer van 1800 is inligting wat deur die DBO voorsien is, afkomstig uit die Algemene Huishoudelike Opname (AHO) van Statistiek Suid-Afrika. Daardie dokument rapporteer dat die totale Wes-Kaapse bevolking van gestremde kinders in hierdie ouderdomstrek 10 416 is, dus 17,3% van die totale aantal woon nie opvoedkundige inrigtings by nie.</p> <p>3. Databron: vir PM402: "Jaarverslag vir Openbare Spesiale Skole" (2009)4. Die 2009/10-teiken vir Uitgawes is die syfer vir die Finale Toewysing 2009/10.</p>					

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings

PM401: Aantal kinders van 6 tot 15 jaar met spesiale behoeftes wat nie by onderwysinstansies ingeskryf is nie

Teiken: 204

Werklik: 295

Hierdie prestasiemaatstaf kon nie bevestig word nie. Onlangse tendense toon 'n toename in leerders wat nie voorheen by spesiale skole ingeskryf was nie, veral van die Oos-Kaap, ander provinsies, en vlugteling. Sien die nota by die tabel hierbo.

► PM402: Aantal leerders wat by Spesiale Skole ingeskryf is

Teiken: 17 110

Werklik: 17 966

Die toename in die aantal leerders in hierdie sektor is die gevolg van die inkrementele groei van bestaande vaardigheidskole oor 'n tydperk van vier jaar, sowel as die vestiging van twee bykomstige vaardigheidskole elke jaar.

Vordering

Strukture om uitbreiding te ondersteun

Ingevolge Onderwyswitskrif 6 het die WKOD strukture in plek geplaas om die uitbreiding van inklusiewe onderwys (IO) te fasiliteer deur (1) distrikgebaseerde ondersteuningspanne, (2) versterking van spesiale skole sodat hulle hulpbronsentrums kan word, (3) die vestiging van OLSO-eenhede by benoemde openbare gewone skole sodat hulle voldiensskole kan word, en (4) die ontwikkeling van ondersteuningspanne op institusionele vlak.

(1) Distrikgebaseerde ondersteuningspanne

Distrikgebaseerde ondersteuningspanne en kringspanne het die volgende gespesialiseerde onderwysondersteuningspersoneel tot hul beskikking: sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuningsadviseurs, senior terapeute, spesialeskooladviseurs, MIV/VIGS- en voedingsberoepslui.

(2) Spesiale skole as hulpbronsentrums

Tans het die WKOD 74 spesiale skole wat ongeveer 17 970 leerders met spesiale behoeftes akkommodeer. Hierdie syfer oorskry die beraamde teiken van 17 110 met 856 leerders. Die toename in die aantal leerders in hierdie sektor is die gevolg van die inkrementele groei van bestaande vaardigheidskole oor 'n tydperk van vier jaar, sowel as die vestiging van twee bykomstige vaardigheidskole elke jaar. Die departement het 'n program van stapel gestuur om benoemde spesiale skole te versterk sodat hulle beide hulpbronsentrums en spesiale skole kan word. Benoemde hulpbronsentrums-cum-spesiale skole het bykomstige poste gekry vir eksterne spanne om steun te bied aan openbare gewone skole en OLSO-eenhede by voldiensskole. Hierdie bykomstige poste sluit opvoederterapeute, sielkundiges en leerondersteuningsopvoeders in.

(3) Openbare gewone skole as voldiensskole

Die aantal OLSO-eenhede by 95 voldiensskole het tot 100 toegeneem. Die meeste van die leerders in die OLSO-eenhede is leerders wat voorheen na spesiale skole verwys sou geword het.

Die aantal leerondersteuningopvoeders wat leerders in openbare gewone skole en voldiensskole ondersteun, het met 32 tot 552 poste vermeerder. Hierdie leerondersteuningopvoeders word deur die distrikgebaseerde ondersteuningspanne, kringspanne, en hulpbronsentrums ondersteun.

(4) Institusionele vlak ondersteuningspanne (IVOS'e)

Institusionele vlak ondersteuningspanne word by openbare skole gevestig, en word op 'n deurlopende basis versterk.

Vaardigheidskole

Twee bykomstige vaardigheidskole, Cafda en Faure Vaardigheidskole, is gedurende 2009/2010 gestig om die totale aantal in die provinsie na 15 te verhoog. Akkommodasie vir leerders is by die Siviwi Vaardigheidskool vermeerder deur 5 bykomstige klaskamers te bou. Ses spesiale skole het eenhede by die huidige 15 vaardigheidskole gevoeg om die akademiese en praktiese vaardighedsprogramme by vaardigheidskole te bied.

Kurrikulum

Aangepaste NKV-kurrikulums word vir vaardigheidskole ontwikkel. Die kurrikulum vir vaardigheidskole poog om voorsiening te maak vir die spesiale opvoedkundige behoeftes van kwesbare leerders wat uit die skool uitsak voordat hulle Graad 9 bereik. Die kurrikulum vir vaardigheidskole voorsien leerders van vaardighede in areas soos messelwerk, houtwerk, soldeerwerk en ander verwante areas, wat dit vir hulle moontlik maak om aktief in die arbeidsmark te raak. Die voorgestelde kurrikulum dek vier jaar. Jaar 1 is 'n oorbruggingsjaar en alle leerders word met die grondlyn evalueringinstrument geassesseer. Geletterdheid- en syfervaardighedsbehoefte van

leerders word vir intervensie en ondersteuning bepaal. Leerders word ook aan verskillende vaardighede blootgestel om 'n ingeligte keuse vir Jaar 2 te maak. Jare 2 – 4: Die klem bly op geletertheid en syfervaardigheid met 'n hoofvaardigheid en 'n subvaardigheid.

Mensehulpbronontwikkeling

'n Seminaar oor beste praktyk vir mediese en terapeutiese dienste is deur 162 onderwysterapeute en beroepsverpleegkundiges bygewoon.

Skoolsielkundiges is verplig om by die etiese kodes te hou wat op die praktyk van sielkundiges van toepassing is. Die WKOD het opleidingsgeleenthede in *Etik vir Sielkundiges: Inleiding tot Vertroulikheid* vir geregistreerde sielkundiges voorsien, en 82 sielkundiges het die opleiding bygewoon.

Maatskaplike werkers by skole het opleiding ontvang om hul begrip en ontleding van, en respons op skool- en onderwysprobleme te verbeter. Maatskaplike werkers by skole het opleiding in die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) en die Wet op Seksuele Misdring ontvang, sowel as tien prioriteitsareas van die WKOD. 'n Konsepstrategie van die WKOD vir die voorkoming en bestuur van dwelmmisbruik in skole is vir die provinsiale strategie voorsien om dwelmmisbruik te voorkom. Maatskaplike werkers by skole is deur die Kaapstad DwelMBERADINGSsentrum in motiveringsdewelMBERADING opgelei. 'n Konsepplan vir kinderbeskerming is in samewerking met beamptes van die Premier se kantoor en ander staatsdepartemente in afwagting van die Sokkerwêreldbeker ontwikkel.

'n Kongres met die fokus op *Leerondersteuning binne die Paradigma van Inklusiewe Onderwys* is deur 141 leerondersteuningsbeamptes en leerondersteuningsopvoeders bygewoon. Leerondersteuningsbeamptes en leerondersteuningsopvoeders het die opleidingsprogram in Wiskunde vir leerders in primêre skole bygewoon, en is van 'n hulpbronnêr vir leerondersteuning voorsien om beste praktyk te ondersteun.

Die WKOD bemoedig positiewe dissipline, jeugontwikkeling en herstelstrategieë. Opleiding in die program in positiewe gedragbestuur is voortgesit. 'n Totaal van 613 opvoeders en distrikpersoneel is in drie grondslagprogramme opgelei.

Verdere uitrol van die Strategie vir Keuring, Identifisering, Assessering en Ondersteuning het die opleiding van 'n bykomstige 1 929 skool- en distrikgebaseerde beamptes tot gevolg gehad.

Spesifieke Uitdagings en Response

Uitdaging: Druk op akkommodasie

Die groeiende behoefte aan gespesialiseerde ondersteuning het die beskikbare menslike, fisiese en finansiële hulpbronne in die provinsie verbygesteek, met die gevolg dat daar by die meeste spesiale skole waglyste is. Ondanks hierdie uitdagings is die voorsiening van gespesialiseerde onderwysondersteuning met bykomstige befondsing uitgebrei. Die meeste van die befondsing is toebedeel vir die daarstel van bykomstige poste om spesiale skole-cum-hulpbronsentrums, voldiensskole en distrikgebaseerde ondersteuningspanne te versterk.

Kwessies wat voortgesette aandag benodig

Uitbreiding van inklusiewe onderwys verg voortdurende aandag. Die projek bly steeds 'n nasionaalbefondsde inisiatief. Mettertyd sal die WKOD die befondsing vir die uitbreiding van inklusiewe onderwys in sy lynbegroting moet inkorporeer.

Die verbetering van leerderdissipline in skole bly 'n uitdaging wat 'n gestruktureerde en gekoördineerde benadering vereis. Die WKOD se strategie om leerders tot positiewe gedrag aan te spoor, bied 'n raamwerk vir die transformering van skole om omgewings te word wat diegene met problematiese gedragspatrone help om hierdie gewoontes te verander, en opleidingsgeleenthede vir opvoeders om doeltreffend en gepas op probleemgedrag in en buite die klaskamer te repondeer.

9.5 Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding

Programdoelwit

Om VOO by openbare VOO-kolleges te voorsien, ingevolge die Wet op Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (2006).

Die VOO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Openbare instansies

- o om spesifieke openbare VOO-kolleges van hulpbronne te voorsien

Professionele dienste

- o om openbare VOO-kolleges te ondersteun

Menshulpbronontwikkeling

- o om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare VOO-kolleges te voorsien

Voorwaardelike toekenning

- o om vir die herkapitalisering van openbare VOO-kolleges te voorsien

Programbeleidsontwikkeling gedurende 2009/10

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) is in Mei 2009 gevestig. Hierdie departement plaas hoëronderwysinstansies, VOO-kolleges, SOOO'e en Onderwys en Opleiding vir Volwasseenes onder een dak en konsentreer op naskoolse onderwys en opleiding. Met die vestiging van die DHOO sal die VOO-kolleges 'n nasionale bevoegdheid word. Die DHOO en provinsiale onderwysdepartemente sal 'n ooreenkomsprotokol onderteken oor die oordrag en tussentydse beheer en bestuur van die kolleges.

Die Norms en Standaarde-beleid vir die befondsing van VOO-kolleges. Ingevolge Artikel 23 van die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding 16 van 2006, word van die minister verwag om minimum norms en standarde vir die befondsing van VOO-kolleges te bepaal. Hierdie norms en standarde is deur konsultasie ontwikkel soos deur die voormelde Wet bepaal, en is op 16 Maart 2009 in die Staatskoerant nr. 32010 van 16 Maart 2009 gepubliseer. Die datum vir die implementering van die befondsingsnorms was 1 April 2010.

Die norms en standarde is hoofsaaklik gebaseer op die koste om onderwys en opleiding vir die Nasionale Sertifikaat: Beroepsprogramme te voorsien: Afdeling 13 van die befondsingsnorms stel dit soos volg: "Die befondsingsformule het drie komponente. Die eerste is die regeringsubsidie wat 80% van die programkoste dek. Die tweede is om 'n grens op kollegevlakke te plaas, en so daardie deel van programkoste te beperk wat van 20% van die programkoste geveerg kan word. Die derde is die vestiging van 'n nasionale beurskema om te verseker dat studente, wat akademies bekwaam maar arm is, gehelp word om kollegefooi te betaal. Die oordrag van fondse na kolleges by die toepassing van hierdie norms vind plaas in die vorm van 'n voorwaardelike toekenning, met maandelikse oordragte,

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - Sleuteltegnendense				
	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik	
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*					
5.1 Openbare instansies	237,228	289,885	368,917	368,917	
5.2 Professionele dienste	0	0	0	0	
5.3 Mensehulpbronnontwikkeling	0	0	0	0	
5.4 Voorwaardelike toekennings	80,000	77,305	0	0	
TOTAAL	317,228	367,190	368,917	368,917	
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*					
Lopende betaling)	169,049	200,850	212,675	212,675	
Vergoeding van werknemers	169,049	200,850	212,670	212,670	
Opvoeders	142,508	169,098	180,045	180,045	
Nie-opvoeders	26,541	31,752	32,625	32,625	
Goedere en dienste en ander lopende betalings	0	0	5	5	
Oordragte en subsidies	148,179	166,340	156,242	156,242	
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	
TOTAAL	317,228	367,190	368,917	368,917	
*Die 2009/10-teiken vir Ufgawes is die syfer vir die Finale Toewysing 2009/10.					
PERSONEEL					
Opvoeders	1 176	1 123	24	24	
INSKRYPING					
Voltyds-ekwivalente studente	23 945	29 868	20 000	28 053	
Studente (hoofdetelling) (a)	54 721	39 083	39 551	29 887	
waarvan vroulike leerders	22 737	17 918	19 343	15 247	
van wie vroulike leerders in tegniese velde (b) *	2 321	1 810	8 500	1 154	
Studente wat programme gedurende die jaar met welslae voltooi (c)	38 304	20 744	30 000	21 665	

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - Sleuteltegnese				
	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik	
STATISTIEK OOR LEERLINGSKAPPE					
Aktiewe leerlingskap-ooreenkomst in die provinsie (c) **		Geen data beskikbaar nie	5 000	4 196	
Aantal ooreenkomste wat VOO-kolleges as verskaffer betrek (e) **	4 500	4 200	1 090	4 196	
► PRESTASIEMAATSTAWWE					
► PM501: Aantal NS(B)-studente wat by private VOO-kolleges ingeskryf is	Nuwe PM	5 720	11 970	12 742	
► PM502: Aantal NS(B)-studente wat in tegniese velde ingeskryf is (Siviele, Meganiese, Ontwerp Elektriese velde, slegs een hiervan, geen dubbele tellings nie)	Nuwe PM	8 147	5 027	4 280	
► PM503: Aantal leerders in leerlingskappe in VOO-kolleges geplaas	Nuwe PM	2 470	6 500	4 196	
► PPM501: Aantal studiebeurse aan studente by VOO-kolleges toegeken	Nuwe PM	6 260****	10 000	8 124	
Nota:					
1. Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe teikers gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolasie van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die jaarverslag van 2008/09 weerspieël word nie, moet die beskrywing daarvan as "werklikes" nie in hierdie konteks beskou word nie.					
2. Let daarop dat die definisie van tegniese velde tot velde binne die Ingenieurswese verou is ten einde in lyn met die NS(B)-definisie t wees.					
3. ** Openbare en private-verskaffers is by die lewering van leerlingskappe betrokke. Hierdie data verteenwoordig "slegs openbare VOO-kolleges"-data.					
4. *** Kolleges onderteken ooreenkomste met studente in leerlingskapprogramme, daarom is die getalle dieselfde as in PM503.					
5. **** Let daarop dat die oorspronklike syfer wat in die betrokke JPP gegee word, en vanwaar die teiken gestel is, 9 250 was. Die JPP-publikasiedatum kom voor die ouditproses aan die einde van die jaar, en derhalwe was die teiken op 'n onjuiste veronderstelling gebaseer.					

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings
<p>► PM501: Aantal NS(B)-studente wat by openbare VOO-kolleges ingeskryf is</p> <p>Teiken: 11 970 Werklik: 12 742 Die teiken is oorskry.</p>
<p>► PM502: Aantal NS(B)-studente wat in tegniese velde ingeskryf is (Siviele, Meganiese, Ontwerp, Elektriese velde, slegs een hiervan, geen dubbele tellings nie)</p> <p>Teiken: 5 027 Werklik: 4 280 Teiken nie verwesenlik nie. Alle NS(B)-programme word gelyk bemark, maar studente word gekeur en in NS(B)-programme geplaas na gelang van hul belangstelling en potensiaal.</p>
<p>► PM503: Aantal leerders in leerlingskappe in VOO-kolleges geplaas</p> <p>Teiken: 6 500 Werklik: 4 196 Teiken nie verwesenlik nie. WKOD- en VOO-kolleges is met 'n deurlopende proses besig waar verhoudings met SOOO'e versterk word, wat daartoe behoort te lei dat openbare kolleges hul voorkeurvoorsieners word. Die feit dat SOOO'e en VOO-kolleges nou albei onder die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ressorteer, behoort tot 'n meer doeltreffende inskrywing vir leerlingskappe te lei.</p>
<p>► PPM501: Aantal studiebeurse aan studente by VOO-kolleges toegeken</p> <p>Teiken: 10 000 Werklik: 14 071 Teiken oorskry. Weens die stygende koste van programme kon daar slegs 8 124 <i>iKapa Elihlumayo</i> beurse toegeken word. Verder is daar egter 4 876 DHO VOO-kollege (NS(B)) -beurse aan NS(B)-studente toegeken, sowel as 1 071 Toegang (TECSAT) -beurse.</p>

In die Staatskoerant nr. 31848 van 30 Januarie 2009 het die Minister van Onderwys bekendgemaak dat die datum vir die kategorisering van onafhanklike skole vir studiedoeleindes in terme van die Nasionale Norms en Standaarde vir Skoolbefondsing (NNSSB) van Januarie 2004 na Januarie 2008 verander sou word.

Vordering

Herkapitalisering

Die herkapitalisering van VOO-kolleges het in 2006 begin en in 2009 geëindig. Die totale bedrag wat aan die Wes-Kaapse Kolleges toegewys is, was R227 305 000. Dien bedrag is in sewe strategiese areas bestee, wat daartoe gelei het dat

- 1 700 dosente en bestuurders in NS(B)-lewering en bestuur opgelei is;
- opgradering van kollegeadministrasiestelsels en verbeterde kollegeaansluitbaarheid;
- opgradering van werksinkels, klaskamers, rekenaarkamers en studentehulpbronsentrums;
- opgradering van kollegepersele;
- bou van nuwe werksinkels, klaskamers, kantore, hulpbronsentrums en rekenaarkamers by 'n aantal kampusse; en
- aankoop van toerusting en leer- en onderrigmateriaal vir NS(B).

Die herkapitaliseringproses het puik infrastruktuur en stelsels vir die huidige lewering van beroeps- en tegniese programme van 'n hoë gehalte gevestig. Dit het ook gehelp om 'n aantal vennootskappe vanuit die nywerhede te bekom, bv.

- *Belhar Campus and Building Industry*
- *Vredendal Campus and Namaqua Sands*
- *Wingfield Campus and Toolmaking*

Verder het die provinsiale *iKapa Elihlumayo*-befondsing die uitwerking van die herkapitaliseringtoekenning verhoog

- Bootbou by die Falsbaai-kollege
- 'n IKT-geïntegreerde inisiatief vir kunsteontwikkeling by die Kollege van Kaapstad
- Ingenieurswese by die Bellville-kampus.

Kurrikulum en eksamenuitslae

Die NS(B) Vlak 4-programme is in 2009 ingevoer. Die kolleges het 690 NS(B) Vlak 4-studente vir die November 2009-eksamen ingeskryf, en 'n vakslaagsyfer van 84.8% behaal. Aan die einde van 2008 was die NS(B)-uitslae aan onaanvaarbare verdragings onderworpe, en weer aan die einde van 2009. Die redes hiervoor is wydlopend en kompleks, en is die onderwerp van 'n voortgaande ondersoek. Die Vlak 3-studente het 'n vakslaagsyfer van 74,8% behaal, en die Vlak 2-studente 'n vakslaagsyfer van 67.4%. Die Wes-Kaapse kolleges het die hoogste vakslaagsyfer in die land behaal.

NATED-Ingenieurswesestudies het 'n gemiddelde vakslaagsyfer van 58.4% behaal, en Besigheidstudies 68,8%. Hierdie kategorie sluit *Nasionale Onderwysbeleidprogramme 191 en 190* in, wat op vlakke vanaf N1 tot N6 georden is.

Die WKOD-Kurrikulumbeplanners ondersteun NS(B) kurrikulumimplementering. Hul assesseringsinstrumente en modereringsprosesse is daarop gemik om die gehalte van kurrikulumlewering te verbeter.

Akademie Ondersteuning

Die kolleges voorsien intensiewe akademiese ondersteuning aan studente. Dit het tot 'n styging in die vakslaagsyfer vir die November 2009-eksamens gelei. Die akademiese ondersteuning het onder meer wiskunde-ondersteuning, remediërende klasse, studieklassie, bykomstige leermateriaal, en basiese voedingskemas ingesluit. Die akademiese ondersteuning is deur die Studente-ondersteuningsprogram van *iKapa Elihlumayo* befonds. Hierdie spesiale intervensie lewer steeds positiewe resultate deur toegang en akademiese ondersteuning vir studente te bied.

Studente-inskrywings vir 2010

Vir 2010 het die kolleges 12 742 NS(B)-studente en 9 919 NATED-studente ingeskryf. 7 226 studente is in beroepsprogramme ingeskryf, wat meebring dat daar tans 29 887 studente in die stelsel ingeskryf is. Alhoewel daar 'n afname in die groototaal is, het die NS(B)-syfers van 10 164 tot 12 742 toegeneem (42% van die totale studentegeetal). In terme van die registrasies vir NS(B) is die syfers vir Maart 7790 Vlak2-studente, 3 354 op Vlak 3 en 1 479 op Vlak 4, wat 'n totaal van 12 623 uitmaak. Van die 9919 N studente wat in 2010 ingeskryf is, was 1 840 N3-studente, 4 276 N4 studente, 1 634 N5 studente and 2 169 N6 studente.

Toegang

Kolleges brei hul metodes en leweringstermyne uit om meer studente in te skryf. In die meeste gevalle word fasiliteite vir voltydse sowel as deeltydse lewering tot hul volle kapasiteit benut. Die meeste kolleges bedryf hul oop leersentrums ten bate van sowel hul eie studente en die omliggende gemeenskappe.

Beurse

Gedurende 2009 is baie studente deur verskeie beursfondse ondersteun

- 8 124 *iKapa Elihlumayo*-beurse
- 4 876 DHOO VOO-kollege (NS(B)) beurse
- 1 071 Toegang (TECSAT)

'n Aantal kolleges het met hul eie beursfondse begin om behoeftige studente te help.

Besigheidbestuurstelsels

Die WKOD het VOO-kolleges met aanvangsbefondsing ondersteun om ITD as 'n nuwe administrasieprogram te bekom. Die konfigurering van die program en die personeelopleiding word tans gedoen. Die stelsel sal in Januarie 2011 ten volle geïmplementeer word. Die WKOD het ook die plaaslike ontwikkeling van 'n programbestuurstelsel ondersteun wat as ASSET (*Advanced Software Solutions to Education and Training*) bekendstaan. Hierdie program help akademiese bestuurders om programimplementering te beplan en te monitor.

Implementering van Norms en Standaarde vir NS(B)-Befondsing

Die beplanning van programlewering vir 2010 is op die norms vir nasionale befondsing gebaseer, wat tans op die volgende drie-jaar Nasionale Sertifikate toegepas word. (Beroeps-) programme:

- Nasionale Sertifikaat Kantooradministrasie
- Nasionale Sertifikaat Bemarking
- Nasionale Sertifikaat Finansies, Ekonomie en Rekeningkunde
- Nasionale Sertifikaat Bestuur
- Nasionale Sertifikaat Siviele Ingenieurswese en Boukonstruksie
- Nasionale Sertifikaat Ingenieurswese en Verwante Ontwerp
- Nasionale Sertifikaat Elektriese Infrastruktuur en Konstruksie
- Nasionale Sertifikaat Inligtingstechnologie en Rekenaardiens
- Nasionale Sertifikaat Primêre Landbou
- Nasionale Sertifikaat Gasvryheid
- Nasionale Sertifikaat Toerisme
- Nasionale Sertifikaat Veiligheid in die Samelewing
- Nasionale Sertifikaat in Mekatronika
- Nasionale Sertifikaat in Opleiding en Ontwikkeling

Spesifieke Uitdagings en Response

Uitdaging 1

Oorskakeling van VOO-kolleges na DHOO

Die protokolooreenkoms tussen die WKOD en die DHOO sal in Mei 2010 onderteken word.

Uitdaging 2

Nuwe Mandaat vir VOO-kolleges

Daar word van die kolleges verwag om hul programlewering uit te brei en hul studentesyfers te verhoog. Die meeste kampusse repondeer reeds met uitgebreide leweringure. Die huidige infrastruktuur laat egter nie die beoogde studentesyfers toe nie. Die oplossing is om in nuwe en uitgebreide infrastruktuur te belê.

Kwessies wat voortgesette aandag benodig

NS(B)-assessering en eksamens

Protokolooreenkoms tussen WKOD en DHOO

Monitering van die Skedule 4-Voorwaardelike Toekenning, waardeur die kolleges in 2010.2011 befonds word

9.6 Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

Programdoelwit

Om BOOV ingevolge die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000, te voorsien.

Die VOO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subsidies aan private sentrums

- om spesifieke private BOOV-sentrums deur subsidies te ondersteun

Professionele dienste

- om BOOV-sentrums te ondersteun

Mensehulpbronontwikkeling

- om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in BOOV-sentrums te voorsien

Programbeleidsontwikkelings vir 2009/10

Konsepreulasies met betrekking tot die registrasie van private BOOV-sentrums is op 8 Februarie 2010 vir kommentaar in die Provinsiale Koerant nr. 6695 gepubliseer. Die sluitingsdatum vir indiening van kommentaar was 23 Maart 2010. Openbare kommentaar word tans oorweeg.

Tussentydse Algemene Onderwys- en Opleidingsertifikaat (AOOS) Onderwys en Opleiding vir Volwassene (BOOV)

Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het die publiek op 11 Desember 2009 van die hersiene tussentydse Algemene Onderwys en Opleiding-sertifikaat (AOOS) Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) onder die ID 64309 by SAKO in kennis gestel. Die kwalifikasie is op 5 November 2009 gepubliseer, en is vir volwasse leerders op BOOV Vlak 4 (NKR Vlak 1) vir openbare en private sentrums goedgekeur.

ST601	BASIESE ONDERWYS EN OPLEIDING VIR VOLWASSENES - Sleutelitemense	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik
BETALINGS VOLGENS SUBPROGRAM (R'000)					
6.1	Subsidies aan private sentrums	25,821	26,838	29,479	29,479
6.2	Professionele dienste	0	0	0	0
6.3	Mensehulpbrontontwikkeling	0	0	0	0
TOTAAL		25,821	26,838	29,479	29,479
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)					
	Lopende betaling	6,585	4,803	6,901	6,901
	Vergoeding van werknemers	6,524	4,487	6,621	6,621
	Opvoeders	4,971	3,618	5,663	5,663
	Nie-opvoeders	1,553	869	959	959
	Goedere en dienste en ander lopende betalings	61	316	280	280
	Oordragte en subsidies	19,236	22,035	22,578	22,578
	Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0
TOTAAL		25,821	26,838	29,479	29,479
PERSONEEL					
	Aantal opvoeders (in openbare diens)	4	4	4	3
	Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	9	8	8	8
INSKRYWING					
	AOO-vlak	16 612	16 682	20 655	18 894
	VOO-vlak	23 405	19 902	21 845	19 159
	TOTAAL (a)	40 017	36 584	42 500	38 053
BEVOLKING					
	Bevolking van 18 tot 60 jaar (b)	2 821 443	3 059 745	2 874 777	3 118 622
INSTANSIES					
	Gesubsidieerde sentrums	368	296	368	102

ST601	BASIESE ONDERWYS EN OPLEIDING VIR VOLWASSENES - Sleuteltendense (vervolg)				
	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik	
▶ PRESTASIEMAATSTAWWE					
▶ PPM601: Aantal BOOV-leerders in die provinsie	Nuwe PM	16 684	42 500	38 053	
▶ PPM601: Aantal BOOV-leerders vir VOO geregistreer	22 110	19 902	21 845	19 159	
<p>Nota :</p> <p>Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaatrkse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe telkens gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolasië van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie nuwe Prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die Jaarverslag van 2008/09 weerspieël word nie, moet die beskrywing daarvan as "werklikes" dienoreenkomstig beskou word. Bevolkingsdata vir 2008/09 was nie beskikbaar met die ter perse gaan van die JPP van 2009/10 nie, vandaar die verskil tussen die totale. Databron: Algemene Huishoudingsopname van Statistiek Suid-Afrika vir 2008 en 2009.</p> <p>*Die 2008/09-teiken vir Uitgawes is die syfer vir die Finale Toewysing 2009/10.</p>					

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings

PM601: Aantal BOOV-leerders in die provinsie

Teiken: 42 500

Werklik: 38 053

Die implementering van die NKV, die beoogde einde van Verslag 550 in 2011, en die gevolglike besluit om die registrasie van nuwe leerders in die VOO te staak, het 'n afname in inskrywings veroorsaak. Dit het egter tot 'n hernude fokus op BOOV Vlak 1-4 (AOO Vlak) gelei, waar daar gedurende 2009/10 'n toename van 2 201 leerders was. 11 173 leerders het vir die Kha Ri Gude-programme ingeskryf. Hierdie nasionaal bestuurde veldtog is op BOOV Vlak 1-leerders gemik.

PM601: Aantal BOOV-leerders vir VOO geregistreer

Teiken: 21 845

Werklik: 19 159

Met die implementering van die NKV in Graad 12 en die beoogde einde van Senior Sertifikaat/ Verslag 550 in 2011, gewr GLS'e nie nuwe leerders in die VOO-band geregistreer nie. Daarom was daar op hierdie vlak 'n afname in leerders.

Vordering

Regulasies ontwikkel en gepubliseer

Op 8 Februarie 2010 het die WKOD "Regulasies vir die Registrasie van Private Sentrums" in die Provinsiale Koerant nr. 6695 gepubliseer. Hierdie regulasies is daarop gemik om die verskaffing van VOO-dienste deur private verskaffers in die Wes-Kaap te reguleer. Hulle verplig sulke verskaffers om by die WKOD te registreer en definieer duidelik die infrastruktuurvereistes en leer- en onderrigomgewing vir die suksesvolle implementering van VOO-programme deur hierdie verskaffers.

Na 'n proses van wye beraadslaging is die "Konsepregulasies vir die Sentrum se Beheerliggame" gefinaliseer, en dit sal binnekort gepubliseer word. By hierdie regulasies is daar ook 'n raamwerk vir die funksionering van VRL'e by VOO-instansies ingesluit.

Kha Ri Gude

Die Kha Ri Gude massageletterdheidveldtog is in April 2008 van stapel gestuur met die bedoeling om 4,7 miljoen Suid-Afrikaners in staat te stel om teen 2012 in een van die elf amptelike tale geletterd en syfervaardig te word. Leerders word onderrig om in hul moedertaal te lees en skryf, in lyn met BOOV vlak1-standaarde.

Leerders moet twintig assesseringsaktiwiteite (10 vir geletterdheid en 10 vir syfervaardigheid) in hul Leerderassesseringportefeuljes (LAPS) voltooi. Die LAPS word deur SAKO gemodereer en bekragtig. Suksesvolle leerders sal hul rekords op die SAKO se Nasionale Leerderrekorddatabasis (NLRD) oorgedra kry.

Vir 2009 is 11 173 leerders in die Wes-Kaap geregistreer. Van hulle het 9 430 hul LAPS ingedien, en 7 525 is bevoeg verklaar.

OOV-uitslae

Op Vlakke 1 – 3 word geen eksamen afgelê nie. Vlakke 1 en 2 bestaan uit Kommunikasie en Syfervaardigheid, terwyl in Vlak 3 Kernleerareas by Kommunikasie en Syfervaardigheid gevoeg is.

Die proses is soos volg:

- Elke leerder doen 'n plasingtoets (provinsiale instrument wat gebruik word, deur die opvoeder nagesien) om die vlak van die leerder te assesseer.
- Grondlynaktiwiteit vind aan die begin van elke module plaas (deur die opvoeder opgestel) om die bevoegdheid van leerders te bepaal.
- Elke module dek die kurrikulum.
- Na voltooiing van die module word die vermoë/bevoegdheid van die leerders met 'n bevoegdheidstoets geassesseer.
- Daar is 5 modules per leerarea, nl.
 - 5 bevoegdheidstake vir kommunikasie (Vlak 2 en 3)
 - 5 bevoegdheidstake vir syfervaardigheid (Vlak 2 en 3)
 - 5 bevoegdheidstake vir Bane (slegs Vlak 3). Die sentrum voltooi 'n behoeftebepaling en daarna selekteer leerders een van die volgende bane: a) Lewens- en Sosiale Bane; b) Ekonomiese Entrepreneurskapbaan, en c) Wetenskap en Tegnologie

- Die norm vir vooruitgang en bevordering is 50%, maar leerders moet al 5 bevoegdheidstake per leerarea voltooi. 'n Totaal van 2 738 leerders het vir die 2008 Junie- en November-eksamens vir BOOV Vlak 4 geregistreer, waarvan 1 901 volwasse leerders inderdaad die eksamens afgelê het. Die oorkoepelende uitslae vir 2009 verskyn in die tabel hieronder.

LEERAREA	BOOV Vlak 1	BOOV Vlak 2	BOOV Vlak 3
Hulpgesondheidsorg	120	87	110
Toegepaste Landbou			
Kuns en Kultuur	195	20	154
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	31		383
Mens- en Sosiale Wetenskappe			194
Tale, Geletterdheid en Kommunikasie	3 631	2 435	2 262
Lewensoriëntering	268	244	888
Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid	2 940	1 991	1 866
Wiskunde en Wiskundige Wetenskappe	59	42	44
Natuurwetenskap	31		88
Ander	55	34	141
Klein, Medium en Mikro-Ondernemings			150
Tegnologie	72	22	230
Toerisme			
TOTAAL	7 402	4 875	6 510

Oorkoepelende uitslae vir 2009 BOOV Vlak 4-eksamens

	Ingeskryf	Afgelê	% Afgelê	Vak Ingeskr.	Vak Afgelê	% V. Afg.	Vak Slaag	% Slaag
2009	2 738	1 901	69.43	11 950	7 440	62.26	4 759	63.97

Leerders in Vaardigheidskursusse

258 leerders het vaardigheidskursusse in tuisversorging en meubel- en toerustingherstelwerk voltooi.

Volwasseneonderwysprogramme vir werknemers van staatsdepartemente

Die WKOD sit sy lewering van Volwasseneonderwysprogramme vir werknemers van Provinsiale en Nasionale Departemente voort. Daar is tans 628 vennootskopleerders in die stelsel. Daar is tien provinsiale vennootskappe wat deur Aktes van Verstandhouding (AVV's) met ander provinsiale departemente en met die nasionale Departemente van Waterwese en Korrektiewe Dienste bereël word. Deur hierdie vennootskappe word hierdie werknemers van provinsiale departemente die geleentheid gebied om 'n AOOS te verkry. Daar is 'n transversale beleid vir die lewering van BOOV aan werknemers van provinsiale staatsdepartemente in plek. Vennootskappe word op provinsiale en sentrumvlak ontwikkel.

Voorsiening van materiaal

Die WKOD het 'n leidende rol ingeneem in die ontwikkeling van materiaal (handboeke) vir alle BOOV Vlak 2-leerders. Deur hierdie inisiatief sal elke Vlak 2-leerder in 2010 toegang tot 'n handboek in alle leerareas hê, terwyl opvoeders van 'n Fasiliteerdersgids en Assesseringsriglyne voorsien sal word.

Spesifieke Uitdagings en Response

Die vertraging in die verklaring van Norms en Standaard-befondsing vir VOO het die volgende uitwerkings gehad:

- Gebrek aan 'n uniforme befondsingsmodel vir VOO-sentrums
- Weens gebrek aan hulpbronne repondeer VOO-sentrums nie voldoende op gemeenskapsbehoefes nie.

Die norms is op 14 Desember 2008 gepromulgeer. Die huidige WKOD-beleid/praktyk het baie van die inhoud van hierdie regulasies beïnvloed. Die implementering van hierdie regulasies is tot 2011 deur die Departement van Basiese Onderwys uitgestel. Ten einde die regulasies en programgebaseerde befondsing te implementeer, moet alle leersentrums vir volwassenes gesertifiseer word. Sertifisering impliseer die bevestiging of verklaring deur die WKOD dat "'n leersentrum vir volwassenes as bevoeg beskou word om openbare fondse te bestuur en rekenskap daarvan te gee in lyn met die BOOV-wet en die WBOF" (par. 23). As 'n voorvereiste vir implementering sal alle GLS'e dus in 2010 gesertifiseer word.

Kwessies wat voortgesette aandag benodig

Die Verslag 550 vir Graad 12 of die vroeëre "Senior Sertifikaat" sal in 2011 vir die laaste keer aangebied word. Die WKOD sal voortgaan om 'n rol in die herkonfigurering van volwassene-onderwys op provinsiale en nasionale vlak te speel. Op nasionale vlak word 'n Witskrif opgestel, sowel as 'n nuwe kwalifikasie om die Senior Sertifikaat te vervang. Dit sal die implementering fasiliteer van 'n kwalifikasie wat op die behoeftes van volwassenes ingestel is, en behoort die behoudsyfer in leersentrums vir volwassenes te verbeter. Die kwalifikasie sal die studie van minder leerareas vereis, en sal op die naskoolse jeug fokus, veral dié wat nie werk het of by onderwys en opleiding betrokke is nie.

Tydens die verslagtydperk is sekere stappe gedoen om toegang tot alternatiewe vaardigheidgebaseerde VOO-programme te verkry.

Die uitreiking van diensvoorwaardes van VOO-personeel kry deurlopend aandag, en word gereeld met die Departement van Basiese Onderwys bespreek.

9.7 Program 7: Vroeëkindontwikkeling

Programdoelwit

Om VKO ingevolge Witskrif 5 op die Graad R en vroeëre vlakke te voorsien

Die VOO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Graad R in openbare skole

- om spesifieke openbare gewone skole van die hulpbronne te voorsien wat vir Graad R vereis word

Graad R in gemeenskapsentrums

- om bepaalde gemeenskapsentrums op die Graad R-vlak te ondersteun

Professionele dienste

- om VKO-sentrums te ondersteun

Mensehulpbronontwikkeling

- om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in VKO-sentrums te voorsien

Programbeleidsontwikkelings vir 2009/10

Nasionale Norms en Standaard vir Graad R-befondsing:

Die WKOD het die implementering van die registrasie van gemeenskapsentrums as onafhanklike skole geïnisieer, sowel as die Nasionale Norms en Standaard vir Graad R-befondsing soos in Januarie 2008 gepubliseer.

Lewerbare bates sluit die bou van Graad R-klaskamers in: die voorsiening van leer- en onderrigondersteunende materiaal (LOOM); *Jungle Gyms (buitemuurse toerusting)*;

Graad R-leerderssubsidies aan alle geregistreerde Graad R klasse by openbare gewone en onafhanklike skole; en die voorsiening van professionele ontwikkeling vir VKO-praktisyns by die geregistreerde VKO-gemeenskapsentrums/kinderhawens.

ST701	Vroeëkindontwikkeling - Sleutelendense	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Telken	2009/10 Werklik
BETALINGS VOLGENS SUBPROGRAM (R'000)*					
7.1	Graad R in openbare skole	70,382	137,345	178,502	174,502
7.2	Graad R in gemeenskapsentrums	29,399	34,468	45,869	45,869
7.3	Professionele dienste	0	0	0	0
7.4	Mensehulpbrontwikkeling	42,478	56,935	68,249	68,249
7.5	Voorwaardelike toekennings	0	0	0	0
	TOTAAL	142,259	228,748	292,620	288,620
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*					
	Lopende betaling	99,794	67,715	123,332	119,332
	Vergoeding van werknemers	69,649	53,202	58,740	58,740
	Opvoeders	69,649	53,202	58,416	58,416
	Nie-opvoeders	0	0	324	324
	Goedere en dienste en ander lopende betalings	30,145	14,513	64,592	60,592
	Oordragte en subsidies	42,465	161,033	169,288	169,288
	Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0
	TOTAAL	142,259	228,748	292,620	288,620
PERSONEEL					
	Aantal opvoeders (in openbare diens)	278	265	266	251 ^{1*}
	Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	-	-	0	0

* Die 2009/10-teiken vir Uitgawes is die syfer vir die Finale Toewysing 2009/10.

ST701	Vroeëkindontwikkeling - Sleutelfondense				
	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik	
INSKRYWING (SLEGS MET OPENBARE BEFONDING)					
Graad R in openbare skole* (a)	32 428	37 045	43 932	46 100	
Graad R in gemeenskapsentrums (b)	24 899	31 556	24 000	21 077	
Voor Graad R in openbare skole*	1 375	1 644	1 700	1 820	
Voor Graad R in gemeenskapsentrums	Hierdie statistiek kan nie bereken word nie aangesien databronne in die verband nie in die WKOD beskikbaar is nie.				
TOTAAL	58 702	70 245	69 632*	68 997	
BEVOLKING					
Bevolking van 5 jaar (c)	91 757	92 829	92 829	100 799	
► PRESTASIEMAATSTAWWE					
► PM701: Aantal Graad R-leerders in openbare skole	31 916	37 045	43 932	46 100	
► PM702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings	Nuwe PM	Nuwe PM	Nuwe PM	55 357	
► PPM701: Aantal praktisyne wat vir VKO-leerlingskappe (volle kwalifikasie) ingeskrif is	0	3 000	4 000	5 973	
Nota:					
1. Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe teikens gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolasie van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie nuwe prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die jaarverslag van 2008/09 weerspieël word nie, moet die beskrywing daarvan as "werklikes" nie in hierdie konteks beskou word nie.					
2. Die databron vir PM702 is Statistiek Suid-Afrika, Algemene Huishoudingsopname, 2008 3. * Let op dat daar 'n berekeningsfout in die statistiek vir die JPP van 2009 was.4. ** 248 van die 251 opvoeders in Program 7 is Pre-Primêre Personeel – hierdie personeel word almal in bykomende poste getra					

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings

► PM701: Aantal Graad R-leerders in openbare skole

Teiken 43 932

Werklik: 46 100

Die totale aantal Graad R-leerders in openbare skole het die teiken oorskry. Terwyl die aantal Graad R-leerders in openbare gewone skole toegeneem het en die teiken oorskry, het die aantal Graad R-leerders in onafhanklike skole afgeneem. Dit is in lyn met Onderwyswitskrif 5 wat voorstel dat Graad 3-leerders hul onderrig in Graad R-klasse in alle openbare skole en sommige geselekteerde onafhanklike skole moet ontvang.

► PPM702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings

Teiken: Ten tyde van die publikasie van APP 2009/10 word daar op bevestigde data van Statistiek SA gewag.

Werklik: 55 357

Aangesien daar teen die publikasiedatum van die JPP geen inligting beskikbaar was nie, is geen teiken gestel nie.

► PPM701: Aantal praktisyns wat vir VKO-leerlingskappe (volle kwalifikasie) ingeskryf is

Teiken: 4 000

Werklik: 5 973

Die aantal praktisyns wat vir VKO-leerlingskappe ingeskryf is, het die teiken oorskry. Meer VKO-praktisyns as wat verwag was, het vir die opgradering van hul kwalifikasies aansoek gedoen. Die UOWP-voorspraakstrategie en die voorneme van SARO om praktisyns met Vlak 4- en Vlak 5-kwalifikasies te registreer, het belangstelling in die verwerwing van volle kwalifikasies verhoog.

Vordering

Die opleiding van VKO-praktisyns as deel van die Uitgebreide Openbare Werke-program word regdeur die provinsie geïmplementeer. In hierdie leerlingskappe word daar ook vir praktisyns uit landelike gebiede voorsiening gemaak. Die 3 653 praktisyns wat reeds vir die volle kursus vir praktisyns ingeskryf was, is met 'n verdere inname van 2 320 vermeerder, wat die totale aantal studente onder opleiding op 5 973 te staan gebring het.

In 2009 is die nuwe uitleg en konstruksie van die Graad R-klaskamers verbeter. Dit bevoordeel Graad R-leerders, wat aan 'n omgewing blootgestel sal word wat die gehalte van onderrig en leer verhoog.

30 Graad R-klasse is gevestig om as model te dien, en om beste praktyke in VKO met nabygeleë skole te deel.

13 van die 104 Graad R-klaskamers wat vir VKO-uitbreiding beplan was, is teen die einde van die finansiële jaar voltooi. Die oorblywende 91 klaskamers is in verskillende stadiums van voltooiing.

Alle skole met nuwe Graad R-klaskamers het ook befondsing vir meubels en 'n basiese VKO-afskoppakket ontvang.

Die subsidie-toewysing vir Graad R-leerders aan openbare en onafhanklike skole is verhoog om dit in lyn te bring met die vereistes van die Nasionale Norms en Standaarde vir Graad R-befondsing. Befondsing is soos volg verhoog: Nasionale Kwintielbefondsing (NQ 1) het van R12 tot R17 per dag toegeneem, tot 'n totaal van R3 400 per leerder per jaar. NQ2-subsidies het van R12 tot R16 per dag, d.w.s. tot R3 200 per jaar toegeneem; NQ3-subsidies het van R9 tot R13 per dag, d.w.s. tot R2 600 per jaar toegeneem;

NQ4-subsidies het van R6 tot R9 per dag, d.w.s. tot R1 800 per jaar toegeneem, en NQ5 het R5 per dag, of R1 000 per jaar gebly.

Alle gemeenskapsentrums word versoek om as onafhanklike skole te registreer. Tot op datum het 65% van hierdie sentrums geregistreer.

Graad R-leerders wat by onafhanklike skole is, het voorheen nie by SOBIS geregistreer nie. Die WKOD beplan tans vir al hierdie leerders om by SOBIS geregistreer te word.

Spesifieke Uitdagings en Response

Uitdaging 1

Lae geletterdheidsvlakke van praktisyns en lede van die SBL.

Respons op Uitdaging 1

Geletterdheidsklasse vir volwassenes sal aan sekere praktisyns (bv. versorgers) en lede van die SBL by VKO-sentrums gebied word. Die uitbreiding van inskrywings in die UOWP-program sal help om die vlakke te verhoog. 'n Vaardigheidsprogram vir 60 VKO-praktisynsassistente sal aangebied word om die uitdagings van lae geletterdheidsvlakke die hoof te bied.

Uitdaging 2

Insamel van data, bv. die Jaarorsig en SOBIS

Respons op Uitdaging 2

VKO-assistente wat op leerlingskappe is, word tans gebruik om met die insamel en vaslê van SOBIS-data van die Graad R-leerders by onafhanklike skole te help.

Alle gemeenskapsentrums, ongeag hul vorige registrasie, word ook versoek om as onafhanklike skole te registreer. Hierdie is 'n vereiste van die Departement van Basiese Onderwys. Die SBL'e van onafhanklike skole sal SOBIS-opleiding ontvang sodat die data van Graad R-leerders meer akkuraat kan wees.

Uitdaging 3

Laat lewering van 150 Graad R-klaskamers in 2009/10

Respons op Uitdaging 3

Die SBS'e en SBL'e van die geselekteerde skole is van die vertraging in die lewering van die klaskamers kennis gestel, en is versoek om alternatiewe reëlins vir die Graad R-leerders te tref totdat die klaskamers voltooi is.

Kwessies wat voortgesette aandag benodig

Ondersteuning aan hierdie sentrums en toegang tot landelike en afgeleë sentrums bly steeds 'n uitdaging. Dit verhoed die insameling van akkurate data m.b.t. Graad R in gemeenskapsentrums, aangesien baie hiervan informele nedersettings is met weinig pos- of fisiese adresse vir die aflewering van vorms vir jaarlikse opnames. Om die korrektheid van eise te verseker, is dit essensieel om ouderdomme by alle sentrums te verifieer.

Ander kwessies wat voortgesette aandag benodig, sluit die volgende in:

- Die stipendium vir landelike VKO-praktisyns in die leerlingskapprogram is onvoldoende. Vervoerkoste na die opleidingsgeriewe is hoog. Daar word van praktisyns verwag om hierdie bykomstige koste te dra, en dit dra heel dikwels tot wegblyery en uitsakking by. 'n Nasionale taakspan ondersoek die moontlikheid van 'n gestandaardiseerde stipendiumkoers wat in alle provinsies geïmplementeer sal word, om werk te maak van die behoeftes van leerders uit landelike gebiede.
- Infrastruktuur: Die voorsiening van Graad R-klaskamers aan skole wat nie die nodige akkommodasie het nie, of wat ongeskikte akkommodasie het, sal voortgesit word. Dit sal op 'n formule van 50 geïdentifiseerde sentrums per jaar in areas met die grootste behoeftes op armoede-indekse, demografiese druk (waar daar byvoorbeeld 'n groot aantal Graad 1-leerders is), en beskikbaarheid van grond en finansiële bestuur gebaseer wees.
- Om doeltreffende gebruik van befondsing en doeltreffende lewering van die VKO-program te verseker, is die vaslegging, verifisering en instandhouding en voortgesette monitering en evaluering van VKO-databasisse noodsaaklik.

9.8 Program 8: Hulp- en Verwante Dienste

Programdoelwit

Om onderwysinstansies as 'n geheel van ondersteuning te voorsien

Die Hulp en Verwante Dienste-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Betalings aan S000

- om ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling mensehulpbronontwikkeling vir werknemers te voorsien

Voorwaardelike toekennings-projekte

- om vir projekte voorsiening te maak soos deur die Departement van Onderwys gespesifiseer, wat op meer as een program van toepassing is en uit voorwaardelike toekennings befonds word

Eksterne eksamens

- om vir departementeel bestuurde eksamendienste voorsiening te maak

Onderwyseropleiding

- om met die voorsiening van gekwalifiseerde en bevoegde onderwysers vir die onderwysberoep te help

iKapa Elihlmayo

- om met die bou van mensehulpbronne te help

Programbeleidsontwikkelings vir 2009/10

Geen nuwe verwickelinge

ST801	Hulp- en Verwante Dienste – Sleuteltegnisse	2007/08	2008/09	2009/10	2009/10
		Werklik	Werklik	Teiken	Werklik
BETALINGS VOLGENS SUBPROGRAM (R'000)*					
8.1	Betalings aan SOOO	3,944	4,255	4,604	4,604
8.2	Voorwaardelike toekennings-projekte	13,001	13,727	14,626	14,626
8.3	Ekssterne eksamens	64,442	87,865	101,914	101,914
8.4	Onderwyseropleiding	1,909	0	2,000	2,000
8.5	ikapa Eilhlumayo	111,702	105,282	121,062	121,062
	TOTAAL	194,998	211,129	244,206	244,206
BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*					
	Lopende betaling	88,070	112,552	141,851	141,851
	Vergoeding van werknemers	47,407	63,194	72,886	72,886
	Opvoeders	24,178	21,207	30,611	30,611
	Nie-opvoeders	23,229	41,987	42,275	42,275
	Goedere en dienste en ander lopende betalings	40,663	49,358	68,965	68,965
	Oordragte en subsidies	106,892	98,422	102,123	102,123
	Betalings vir kapitale bates	36	155	232	232
	TOTAAL	194,998	211,129	244,206	244,206
PERSONEEL					
	Aantal opvoeders (in openbare diens) (a)	19	12	10	7*
	Aantal nie-opvoeders	234	114	117	91

ST801	Hulp- en Verwante Dienste – Sleuteitendense (vervolg)				
	2007/08 Werklik	2008/09 Werklik	2009/10 Teiken	2009/10 Werklik	
▶ PRESTASIEMAATSTAWWE					
▶ PPM801: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jeugdiges van 15-19 jaar	4.3%	5.4%	4.7%	Data nog nie deur DOH vrygestel nie	1 255
▶ PPM802: Aantal openbare skole met minstens een rekenaarfasieliteit vir onderdig en leer	950	1 029	1 239		
<p>Nota:</p> <p>1. Hierdie Jaarverslag rapporteer oor 'n nuwe stel prestasiemaatstawwe. In die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) van 2009/10 lui die nota soos volg: "Nuwe Nasionale Prestasiemaatstawwe, daarom geen historiese data vir daardie besondere formules en omstandighede nie". Omdat daar nuwe teikens gestel moes word, is 'n benadering gebruik vir 'n waarskynlike of veronderstelde vlak vir 2008/09, gebaseer op ekstrapolاسie van soortgelyke datastelle. Aangesien die data-items wat vir hierdie nuwe prestasiemaatstawwe beskrywe is nie in die Jaarverslag van 2008/09 weerspieel word nie, moet die beskrywing daarvan as "werkliktes" dienoreenkomstig beskou word.</p> <p>2. Die 6 opvoeders in Program 8 is MIV-personeel en word almal in bykomstige poste gedra. Een permanente opvoeder is ook deel van hierdie totaal.</p> <p>3. Die 2009/10-teiken vir Uitgawes is die syfer vir die Finale Toewysing 2009/10.</p>					

Prestasiemaatstawwe Bespreking van Afwykings
▶ PPM801: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jeugdiges van 15-19 jaar
Teiken: 4.7% Werklik: Data nog nie beskikbaar nie
▶ PPM802: Aantal openbare skole met minstens een rekenaarfasiliteit vir onderrig en leer
Teiken: 1 239 Werklik: 1 255 1 145 skole is histories van fasiliteite voorsien. In die verslagjaar het 150 skole nuwe installasies ontvang, en het 110 skole by 'n opgradering gebaat. Die teikens is dus oorskry.

Vordering

Party van die befondsing van hierdie program dek statutêre betalings aan SOOO en is befondsing wat befondsing in ander programme komplementeer, byvoorbeeld befondsing vir geletterdheid en syfervaardigheid, vir beurse, vir vaardighedsopleiding en ander programme vir mensehulpbronontwikkeling wat onder "Sleutel Lewerbare Bates" gelys word. Ander projekte wat uit hierdie program befonds word, val onder "Voorwaardelike Toekennings", en word onder Punt 10 (bladsy 78) gerapporteer.

Eksamens

Die WKOD administreer jaarliks vier groot eksamens: Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Oktober/ November; Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende Eksamen in Februarie/Maart; Senior Sertifikaat-eksamen (ou leerplan) in Mei/Junie en die BOOV L4-eksamens in Mei/Junie en Oktober.

Die eksamenvraestelle vir die vier eksamens word deur die Departement van Basiese Onderwys opgestel. Die provinsie verseker streng sekerheidsmaatreëls en beheerstelsels tydens die druk-, verpakking- en verspreidingsprosesse. Skoolprinsipale en hoofopsieners word opgelei om die eksamens te bestuur en administreer in terme van die *Regulasies met Betrekking tot die Beheer, Administrasie en Bestuur van Assessering vir die Nasionale Senior Sertifikaat*.

Die eksamenafdeling het 28 640 miljoen vraestelle vir 4 eksamens gedruk. Hierdie was BOOV Vlak 4-eksamens in Mei (47 sentrums); midjaar-eksamens vir die SS (251 sentrums); jaareind-eksamens in 417 sentrums, en die Februarie-eksamens in 156 sentrums.

Dit het die voorbereiding van vraestelle vir druk, verpakking en verspreiding behels, wat gekyktydig en met inagneming van sperdatums gedoen is. Sperdatums vir die voorbereidingstadiums van die verskillende eksamens oorvleuel, wat eise aan beampstes stel om doeltreffende en doelmatige eksamens te verseker.

Die proses het 2 194 Hoof- en Assistent-opsieners vir die jaareindeksamens vereis (met inbegrip van BOOV); 358 vir die aanvullende eksamens, en 759 vir die April/Mei-eksamens. Daar was 3 735 nasieners en 66 interne moderators vir die November/Desember-eksamens; 'n totaal van 184 vir Februarie/Maart en 627 vir die April/Mei-eksamens.

Khanya-projek

Hieroor word daar uitvoerig onder "Sleutel Lewerbare Bates op bladsy 12 gerapporteer. Oorkoepelend het 1 145 skole tegnologiefasiliteite bekom, 135 skole is in die proses om tegnologiefasiliteite te ontvang, 43 993 rekenaars is voorsien, 25 038 onderwysers het verskillende vlakke van tegnologieopleiding ontvang (of is daarmee besig), 826 390 leerders het toegang tot tegnologiefasiliteite, en 2 100 klaskamers het interaktiewe witborde.

Spesifieke Uitdagings en Response

Uitdaging 1 Die Khanya-projek is vir die afgelope agt jaar in werking, en sommige van die ouer installasies het nou instandhouding nodig.

Respons op Uitdaging 1

Gedurende die verslagjaar is 110 fasiliteite opgegradeer, waardeur voortgesette toegang tot rekenaarlaboratoriums en die gebruik van rekenaartoerusting verseker word.

Uitdaging 2

Die behoefte om die volle potensiaal van IKT- en Biblioteekhulpbronne in te span.

Respons op Uitdaging 2

Die volgende response sal bewerkstellig word:

Beleidsontwikkeling:

1. Ontwikkel en implementeer beleidsbepalings wat op die opvoedkundige benutting van inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) betrekking het.
2. Ontwikkel en implementeer beleidsbepalings wat op die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste betrekking het.

Professionele Ontwikkeling

3. Professionele ontwikkeling in IKT wat uit aangesig-tot-aangesig opleidingsessies by alle ingangsvlakke bestaan, aanvaarding, aanpassing en vernuwing vir alle onderwysers, kurrikulumbeplanners en kurrikulumadviseurs.
4. Om voorspraak te maak en ondersteuning te werf vir die implementering van die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste, deur voordragte aan onderwys- en bestuursgroepe wanneer die dokument gefinaliseer en amptelik verklaar is.
5. Bykomstige professionele ontwikkeling vir onderwysers in bevel by skoolbiblioteke, wat nog nie opleidingskursusse bygewoon het nie.

Toegang tot IKT- en Biblioteekhulpbronne

6. Voorsien toegang tot IKT-infrastruktuur en -stelsels in alle skole in die WKOD.
7. Voorsien toegang vir WKOD-beamptes, onderwysers en leerders tot digitale, elektroniese, audio-visuele en gedrukte inligting by die EDULIS-biblioteek, sy takke, en distrikshulpbronsentra.

Hulpbronne en e-Inhoud

8. Toegang tot digitale inhoud vir leerders, onderwysers en kantoorgebaseerde personeel. Toegang vir alle skole tot 'n lys aanbevole programmatuur wat aan kurrikulum- en tegniese evaluering blootgestel was.
9. Ontwikkel 'n groep ontwerpers en ontwikkelaars van digitale inhoud uit onderwysers en kurrikulumadviseurs wat in die praktyk staan.
10. Teken vir toepaslike e-hulpbronne in.

Gemeenskapsbetrokkenheid

11. Bevorder gemeenskapsbetrokkenheid deur skole met IKT-infrastruktuur en biblioteke/ hulpbronsentra aan te spoor om hul skole en persele vir hul gemeenskappe oop te stel ten einde insluiting en lewenslange leer te bevorder, en sodoende as e-leer en e-inligtingentrums te fungeer.

Navorsing en Ontwikkeling

12. Wees betrokke by navorsing en ontwikkeling ten einde huidige praktyke te assesser, en nuwe tegnologieë, metodologieë en tegnieke te verken, uit te toets en daarmee te eksperimenteer, ten einde besluite te rig wat met die ontplooiing en gebruik daarvan saamhang, ten einde leer, onderrig en administrasie van gehalte te bevorder.
13. Ondersoek beste biblioteekpraktyk en inligtingstegnologie ten einde opvoedkundige navorsing, beleid en pedagogie te ondersteun.

Aansluitbaarheid

14. Verseker aansluitbaarheid sodat skole toegang sal hê tot stelsels en hulpbronne vir onderrig-, administrasie-, en leerdoeleindes.

Voortdurende kwessies

Eksamenprosesse

Die eksamenprogram word uit Program 8 befonds. Hierdie voortdurend uitdagende funksie hou hoë risiko's in en vereis noukeurige tydsberekening. Skedulering is 'n uitdaging aangesien die projekte oorvleuel en eise aan personeel, kopieerprosesse, toerusting, en sekuriteit en vervoer van eksamenvraestelle na sentrums stel.

Voorwaardelike Toekennings-programme

Oor die skoolvoedingsprogram en die MIVVIGS-program word afsonderlik op bladsy 78 gerapporteer.

Voeding: Hierdie program het 'n baie groot rol om op 'n daaglikse basis te speel. Sleutelkwessies is die hoeveelheid en gehalte van voedsel. Die projek is aan noukeurige monitoring onderworpe. Tyd wat vir voeding gebruik word, moet ondersoek word om te verseker dat dit nie op onderrigtyd inbreuk maak nie.

MIVVIGS Die uitdaging is om 'n gefokusde program te handhaaf wat vars genoeg bly om nuwe leerders te akkommodeer. Die program sal uiteindelik in die daaglikse werkinge van die WKOD geïntegreer word, en nie as 'n aparte program bedryf word nie.

2. Oordragbetalings

Naam van Instansie/Begunstigdes	Bedrag Oorgedra (R'000)	Nakoming van Artikel 38(1)(j) van die WBOF
Program 1	30,224	
Waarvan		
Telekommunikasieprojek by openbare gewone skole	7,118	J
Wiskunde- en Wetenskap-projek by openbare gewone skole	11	J
Veiligeskoleprojek by openbare gewone skole	15,858	J
VOO BIS vir VOO-kolleges	7,237	J
Program 2	484,954	
Waarvan		
Openbare gewone primêre skole	304,177	J
Openbare gewone sekondêre skole	164,945	J
Nasionale Skoolvoedingprogram	15,832	J
Program 3	55,522	
Waarvan		
Onafhanklike primêre skole	22,610	J
Onafhanklike sekondêre skole	32,912	J
Program 4	102,011	
Waarvan		
Openbare spesiale skole	102,011	J
Program 5	126,988	
Waarvan		
Openbare VOO-instansies	126,988	J
VOO Voorwaardelike toekenning	N.V.T	
Program 6	22,578	
Waarvan		
Gemeenskapsleersentrums	22,578	J
Program 7	135,173	
Waarvan		
Vroeëkindonderwys in openbare skole	89,441	J
Vroeëkindonderwys in gemeenskapsentrums	45,732	J
Program 8	100,118	
Waarvan		
OOOP S000	4,604	J
Khanya-projek by openbare gewone skole	61,145	J
<i>iKapa Elihlumayo</i> -projekte by VOO-kolleges	3,000	J
<i>iKapa Elihlumayo</i> -projekte by fokusskole	18,366	J
<i>iKapa Elihlumayo</i> -projekte by vaardigheidskole	13,003	J
Totale Oordragbetalings	1,057,568	

10. Voorwaardelike Toekennings

Tabel: Samevatting van Voorwaardelike Toekennings vir 2009/10 (R'000)

Voorwaardelike Toekenning	Werklike Besteding 2008/09	Oorrol van 2998/09	Totale Toewysing 2009/10	Totale Oordragte Ontvang	Werklike Besteding 2009/10	% Besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
MIV/VIGS	13,727		14,626	14,626	14,626	100%
Nasionale Skoolvoeding-program (NSVP)	81,301	5,195	117,751	117,751	117,751	100%
Verdere Onderwys en Opleiding-kolleges Sektor – herkapitalisering	77,305		-	-	-	-
Provinsiale Infrastruktuur-toekenning	120,478		170,395	170,395	169,976	99,75%
TOTAAL	292,811	5,195	302,772	302,772	302,353	99,86%

Aan al die vereistes ingevolge die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2007 (Wet nr. 1 van 2007) t.o.v. die bogenoemde voorwaardelike toekennings is voldoen, nl.

- Al die oordragte wat ontvang was, is in die departement se bankrekening gedeponeer;
- Al die fondse is bestee;
- Daar is aan al die voorwaardes van die voorwaardelike toekennings voldoen, soos in die goedgekeurde besigheidsplanne uiteengesit.

Lewensvaardighede: MIV/VIGS	
SLEUTEL-PRESTASIEAREAS	VORDERING
<p>SPA 1: Voorspraak <i>Kommunikasie en verspreiding van beleid- en programinligting; bevordering van koöperatiewe vennootskappe ter ondersteuning van Hoër Onderwys-doelstellings; en die ontwikkeling van 'n geïntegreerde, veelsektor bekwaamende omgewing om strategieë vir gesondheid-in-onderwys te ondersteun.</i></p>	<p>Voorspraak duur voort op die vlakke van provinsie, distrik, kringspan, en skoolgemeenskap. Dit sluit 'n nuwe kwartaalike nuusbrieff aan skole (in vennootskap met NACOSA, DvG, en DSO) in; 'n verskeidenheid deelhebersvergaderings; distriksondersteuning vir ouervergaderings (51 gerapporteer); en die handhawing van 1 450 Skool MIV/VIGS-Koördineerders. Die voorspraak-inisiatief is opsetlik verskuif van die 'VIGS-bewustheid' van etlike jare gelede na strategiese beplanning rondom bewysgebaseerde response op MIV/VIGS (en verwante psigososiale en ekonomiese kwessies soos dwelm- en alkoholmisbruik) wat 'n afname in MIV-voorkomsvlakke onder jeugdiges van 15-24 jaar sal verseker. Buitemuurse, naskoolse en skoolvakansieprogramme word deur verskeie vennootskappe ondersteun om leerders veilig en in die skool te hou. 'Skoolgemeenskap', 'openbaar-privaat' en 'regering-burgerlike samelewing' vennootskappe en tussensektorale samewerking word in alle SPA's bevorder om plaaslik-relevante, kostedoeltreffende en volhoubare response te verseker, wat die staatmaak op finansiële hulpbronne en beperkte ondersteuningspersoneel verminder. Holistiese gesondheid-deur-onderwys-modelle soos <i>Child-Friendly Schools (UNICEF)</i>, <i>Health Promoting Schools (WHO)</i>, <i>Caring Schools (UCT)</i> and <i>Schools as Nodes of Care and Support (SNOG)</i> word steeds bevorder om risikovermindering en VIGS-voorkoming te bolwerk. Doeltreffende MIV-voorkoming word egter steeds deur waninligting en hardnekkige stigmatisering ondergrawe.</p>

Lewensvaardighede: MIV/VIGS (vervolg)	
SLEUTEL-PRESTASIEAREAS	VORDERING
<p>SPA 2: Opvoederontwikkeling Kurrikulum <i>Ingevolge die Nasionale Onderwyswet op MIV/VIGS en die bepalings van die NKV, is die onderrig van MIV/VIGS lewensvaardighede en seksualiteit verpligtend vir elke graad. Die provinsiale teiken om te verseker dat 80% van alle primêre skool opvoeders en 80% van sekondêre skool Lewensoriëntering-opvoeders voldoende opgelei is om MIV/VIGS-lewensvaardighede te onderrig bly van krag.</i></p>	<p>Hierdie SPA moet verseker dat opvoeders voldoende opgelei is en dat skole toegerus en ondersteun is. Teen 'n 2009/10-teiken van 1 000 opvoeders wat opgelei moet word, is die JPP-teiken oorskry. 1007 Graad 1-7 en 220 Graad 8-9 Lewensoriëntering-opvoeders is opgelei. Nuwe Graad 10-12 meesteropleiers is ook in die voorbereiding vir verdere implementering in 2010 van die WKOD se 'Today's Choices'-programme opgelei. 'n Teiken vir 2010/11 van 100 opvoeders vir Graad 1-7, 100 vir Graad 8-9 en 50 vir Graad 10-12 per distrik is deur elke distrik aanvaar. Die opleiding van opvoeders vir Lewensoriëntering (Lewensoriëntering) in Graad 8-9 in die besonder bly steeds 'n kritieke kwessie. Opleiding verken alternatiewe onderrigmetodologieë wat bedoel is om VIGS-moegheid teen te werk. 180 Meesteropleiers is ter voorbereiding vir die implementering in 2010/11 opgelei.</p>
<p>SPA 3: MIV/VIGS Leierskap, Bestuur en Beheer in skole <i>Die voorsiening van opleiding en inligting vir sowel Skoolbestuurspanne (SBS'e) as Beheerliggame (SBL'e), gekontekstualiseer in heelskoolontwikkeling in die verpligte Skoolverbeteringplanne (SVP's).</i></p>	<p>Ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: MIV/VIGS-beleid vir Opvoeders en Leerders (1996), is dit verpligtend vir elke skool om sy eie MIV/VIGS-implementeringsplan te ontwikkel. Dit sal in die SVP van elke skool geïnkorporeer word. Deur 'n proses van die kartering van hulpbronne word skole aangespoor om gemeenskapsvennote te identifiseer en om, waar toepaslik, hulpbronnepersone op hul SBL'e te koöpteer. Opleiding-/hulpbronnêers is vir verspreiding aan alle skole voorberei, en opleiding sal via die kringspanne onderneem word, maar 'n brand by Paarl Pring het implementering vertraag. Die strategie is dus weereens vir 2010/11 gevestig. Implementering sal deur Kringspanne bestuur word, en die kostedoeltreffende betrokkenheid van die Vereniging vir Afgetrede Onderwysers is verkry. Vrywillige MIV-toetsing en berading word in hoërskole bevorder, met 5 000 tot 10 000 leerders wat elke kwartaal getoets word, en met 'n VBT-deelname wat by sommige skole so hoos as 95% is. In lyn met die Wet op Nasionale Onderwysbeleid oor MIV/VIGS help baie skole in hoë-risiko-gemeenskappe seksueel aktiewe leerders op 'n toepaslike wyse en konteks met toegang tot kondome. Daar word geglo dat albei strategieë 'n beduidende uitwerking in hierdie provinsie se afname in voorgeboortelike MIV-voorkoms onder tieners oor die afgelope vyf jaar gehad het.</p>
<p>SPA 4: Versorging en Ondersteuning <i>Opleiding van opvoeders (Versorging en Ondersteuning) en Skoolbeheerliggame en Gemeenskapdeelhebbers (SNVV), sowel as opleiding vir geselekteerde opvoeders in Basiese Berading- en Verwysingsvaardighede en 'n reeks ondersteuningsprogramme – almal daarop ingestel om weeskinders, MIV-besmette en geaffekteerde en kwesbare leerders te ondersteun – om gevolglike uitsak van leerders te verminder.</i></p>	<p>Tot 5 opvoeders en 5 SBL-lede per skool (na gelang van die grootte van die skool) word geteiken. Opleiding in die <i>Soul City 'Schools as Nodes of Care and Support' (SNOC)</i> model vi SBL'e en skoolgemeenskapvennote, word steeds via Kringspanne geïmplementeer. 80 bykomstige meesteropleiers is hierdie jaar opgelei, en 251 opleidingsessies is aangebied. 'n Parallele program vir opvoeders sal ook via die Kringspanne aangebied word, om deur 90 spesiaal opgeleide departementele sielkundiges en maatskaplike werkers ondersteun te word. Hierdie program, wat deur DBO en SAOG ontwikkel is en as 'Care and Support for Teaching and Learning' (CSTL) bekendstaan, sal teen 2011 gefinaliseer word. 25 bykomstige distrikspersoneel is ook hierdie jaar in Verliesbestuur opgelei, en 473 opvoeders is in MIV/VIGS-strategieë vir inklusiewe onderwys opgelei.</p>
<p>Portuur-onderwys <i>Portuuronderwys is 'n voorkomingstelsel tussen jeugdiges, en is van sterk toesig deur volwassenes afhanklik. Portuuroopvoeders, in die diens van hul eweknieë, speel vyf onderling verwante rolle. onderwys (lesselewering), herkenning en verwysing (van leerders wat volwasse hulp benodig), informele invloed en rolmodellering, voorspraak en psigososiale steun. Onderwys is die hoofrol deurdat dit die ander vier rolle moontlik maak en versterk.</i></p>	<p>Gedurende 2009 het meer as 5 000 'jong leiers', ondersteun deur <i>loveLife</i> en <i>groundBreakers</i>, aan die <i>lifeStyle</i>-program in 176 sekondêre skole deelgeneem; meer as 7 500 portuuroopvoeders het die Wes-Kaap se portuuronderwysstrategie in 150 sekondêre skole geïmplementeer; meer as 10 000 primêre skool 'Buddyz' het aan die program van die <i>Soul City</i> buitemuurse klub deelgeneem, en 250 portuuroopvoeders van VOO-kolleges is deur vennote van die WCYPE-vereniging opgelei. Alle implementerende organisasies en sekondêre skole is besoek, en prestasie geassesseer. Oor die afgelope vyf jaar is die program vir sekondêre skole hoofsaaklik deur die Globale Fonds (GF) befonds, toe slegs in GF-skole 37 348 junior (Graad 10) portuuroopvoeders opgelei is. Hiervan het 21 169 as senior (Graad 11) portuuroopvoeders voortgegaan, en 7 822 as Graad 12-mentors. Hierdie program is saam met die provinsiale Departement van Gesondheid (DvG) bestuur. Op grond van 'n A+ prestasiegradering het die GF die Wes-Kaap genooi om vir 'n verdere 6 jaar se befondsing aansoek te doen.</p>

Lewensvaardighede: HIV/AIDS (continued)	
SLEUTEL-PRESTASIEAREAS	VORDERING
SPA 5: Portuur-onderwys (vervolg)	Teen 2012 sal die program tot 110 GF-skole en 254 GF- en WKOD-skole uitgebrei wees – met 'n waardetoevoeging van ongeveer R60m (en R1,2m met inbegrip van ander nie-skool MIV/VIGS-programme). 'n Assessering deur die DvG in 2009 het onthul dat in areas waar portuuronderrig oor die afgelope 5 jaar in sekondêre skole geïmplementeer is, voorkomsvlakke van tiener-MIV afgeneem het – terwyl dit in areas waar daar geen portuuronderrig was nie, toegeneem het. 'n Provinsiale kongres is in November 2009 gehou om die hersiene model vir sekondêre skole te bespreek. Daar is tans 454 geregistreerde <i>SoulBuddyz</i> -klubs by primêre skole (minder as die ongeveer 540 in 2008/09) en 'n bykomstige 144 opvoeders is opgelei om klubaktiwiteite te koördineer en te handhaaf.
SPA 6: Leer- en onderrig-ondersteuningsmateriaal <i>Opvoedergids en leerderaktiwiteitboeke ter ondersteuning van Lewensorientering veral Leeruitkomst 1), en bykomstige materiaal wat aan skole en distrikskantore voorsien word ter ondersteuning van die ander MIV/VIGS-strategieë.</i>	Die Wes-Kaap produseer Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) vir MIV/VIGS-Lewensvaardighede in drie tale (Afrikaans, Engels en Xhosa) en versprei dit jaarliks onder geselekteerde skole. In 2009 kon LOOM vir Grade 1-7 egter nie aan skole gelewer word nie aangesien die nuwe LOOM wat deur die DBO geproduseer is (om die ouer K2005-gerigte LOOM te vervang) nog geredigeer en vertaal moes word om 'n hoë gehaltevlak te verseker. Lewering is vir 2011 bestem. LOOM vir Grade 8-9 en 10-12 is in 2009 aan geselekteerde skole gelewer. Gespesialiseerde LOOM is ook aan verskeie kategorieë van OLSO-skole voorsien. Die MIV/VIGS-LOOM word voorsien om die kurrikulum te ondersteun, en word as bykomstige materiaal beskou wat vrywilliglik deur opvoeders in die klaskamer gebruik kan word.
SPA 7: Monitering, Ondersteuning en Evaluering <i>Oorkoepelende program M en E. Skole word deur die distrikgebaseerde MIV/VIGS-koördineerders en veldwerkers ondersteun, en toenemend deur die multifunksionele Kringspanne.</i>	Die unieke Wes-Kaapse stelsel van benoemde MIV/VIGS-koördineerders (ook deur vrywillige Klusterkoördineerders ondersteun) binne die verpligte Gesondheidsadvieskomitee (NEPA) en WWP 6 Inrigting-gebaseerde LOS'e (ILOS'e), is een wat versterk behoort te word ten einde skole se onafhanklikheid en selfstandigheid te verhoog in die wyse waarop hulle die impak van MIV/VIGS op onderwys en die skoolgemeenskap die hoof bied. 1 216 besoeke vir monitering en ondersteuning van skole het hierdie jaar plaasgevind, 185 klustervergaderings is gehou, en 'n verdere 8 vergaderings van klusterkoördineerders het plaasgevind. Een onafhanklike nasionale evaluering het plaasgevind (DBO) sowel as een onafhanklike (AG) evaluering, en een evaluering van die provinsie-na-distrik – program. Verder is 'n onafhanklike evaluering en twee onafhanklike opnames van die Portuuronderwysprogram gedoen, sowel as 'n aantal assesserings wat van loodsprogramme en diensverskaffers gedoen is. Die Wes-Kaapse program dra steeds by tot die ontwikkeling van nasionale MIV/VIGS-onderwys, -voorkoming, en -versorging en ondersteuningstrategieë.
SPA 8: Bestuur en Administrasie <i>Die provinsiale program is ontwerp sodat die respons van Onderwys tot VIGS strategies transversaal bestuur word oor alle WKOD-takke en relevante direktorate heen, en progressief deur sy 8 Distrikte en 49 Kringspanne na die hoofstroom verplaas word (eerder as om as 'n aparte program bestuur te word met weinig of geen belang in die res van Onderwys en/of riskante keuses m.b.t. gedrag en gesonde leefwyse nie).</i>	Leierskap en bestuur van hierdie program word gefokus op die uitset- en impakaanduiders vir die mediumtermyn wat in die internasionale UNGASS-raamwerk en die Nasionale en Provinsiale regerings se 2007-2011 strategiese planne vervat is, waarin die onderwys se primêre verantwoordelikheid is om te verseker dat (i) vir elke jaar en vir alle leerders in grade 1-12 doeltreffende klaskamergebaseerde onderrig in MIV/VIGS-Lewensvaardighede plaasvind, sodat (ii) die onderwys wesenlik kan bydra tot die geteikende 50% vermindering in MIV-voorkomsvlakke onder jeugdiges van 15-24 jaar (teen 2011). Deur intersektorale samewerking het hierdie provinsie MIV-voorkoms onder die jeug doeltreffend verminder. Die voorwaardelike toekenning bied 'n belegging van ongeveer R15 per leerder per jaar – R150 oor 10 jaar – met inbegrip van opvoederopleiding, LOOM, en programpersoneelvoorsiening. Die hoofstroomplasing van programverantwoordelikheid wil die provinsie se ambisieuse teikens en dié van die Kabinet se Nasionale MIV/VIGS-Strategiese Plan 2007-2011 verwesenlik, en dit bestuur. Daar word geglo dat hierdie program tot die Wes-Kaap se 50% verlaging van voorgeboortelike MIV-voorkomsyfers onder tieners (15-19 jaar) bygedra het (laer as die 8,7% van 2004 tot 4,3% in 2007, maar met 'n styging tot 5,4% in 2008 – teenoor die landwye 14,1% in 2008) en dalende voorkomsvlakke onder 20 tot 24-jariges (van 17,4% in 2004 tot 13,6% in 2008 – teenoor die landwye 26,9% in 2008).

Skoolvoedingprogram	
Prioriteit	Vordering
Om voldoende toegang tot die Nasionale Skoolvoedingprogram deur geteikende skole te verseker	<p>34 287 leerders is van voedsame maaltye by 997 geteikende skole voorsien [een geteikende skool het gesluit en die leerders was na ander skole oorgedra]. Kwintiel 2 sekondêre skole is gereed om alle leerders vanaf 1 April 2010 te voed. Personeelopleiding vir die Nasionale Skoolvoedingprogram (NSVP) is met die volgende onderwerpe uitgevoer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nasionale perspektief op Voedingsonderwys [25 Junie 2009] • Monitering en evaluering [29-30 Junie 2009]. • Mentorondersteuning: monitering en evaluering [17 September 2009] • Doeltreffende gebruik van brandblussers en voedselprosesseerders, gasinstandhouding riglyne vir nuwe spyskaartopsies, en meesteropleiding. Vrywillige Voedselhanteerders [21 Januarie 2010] • Personeelprestasiebestuur en -ontwikkelingstelsel [30 Maart 2010] <p>566 werkwinkels vir kapasiteitsbou is vir Vrywillige Voedselhanteerders gehou oor voedsel- en gasveiligheid en higiëne.</p> <p>Bykomstige opleidingsmateriaal is ontwikkel m.b.t. kapasiteitsbou vir Vrywillige Voedselhanteerders oor voedsel- en gasveiligheid en higiëne.</p> <p>Skole het bykomstige kombuistoerusting aangekoop om vars vrugte en groente en ingemaakte sardyne voor te berei, wat deel van die nuwe spyskaartopsies sal vorm wat in die 2010/11 finansiële jaar ingevoer gaan word.</p> <p>Geteikende skole is op 'n gereelde basis vir moniteringsdoeleindes besoek.</p> <p>Die pakhuis vir al die huidige en nuwe diensverskaffers word tweemaal per jaar gemoniteer om vas te stel of voedselprodukte aan die voorgeskrewe vereistes voldoen.</p> <p>Voedselonderwysmateriaal is onder 873 primêre en spesiale skole versprei.</p> <p>159 behoefte skole het mobiele kombuise aangekoop om as voedselvoorbereidingsareas te dien. 61 van hierdie skole is in vennootskap met die PGOOO-program finansiële bygestaan. Tot op datum is 297 behoefte skole in staat gestel om mobiele kombuise aan te koop.</p> <p>Goeie ondersteuning m.b.t. voedselveiligheid en voeding is deur beamptes van die Departement van Gesondheid gebied.</p>
Om die ontwikkeling van voedseltuine en ander volhoubare voedselproduksie-aktiwiteite by geteikende skole waar daar infrastruktuur beskikbaar is en personeel en die gemeenskap toegewy is, aan te spoor, te adviseer en te ondersteun.	<p>29 Voedselproduksiewerkwinkels is gedurende die 2009/10 finansiële jaar oor Onderwysdistrikte in die provinsie heen gehou. 21 van hierdie werkwinkels is deur die NSVP gefasiliteer en 8 is deur <i>Eduplant</i>, 'n Woolworths-inisiatief wat op opleiding in organiese tuinbou fokus, gehou.</p> <p>Hierdie werkwinkels het oor die volgende aspekte gehandel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tuinvestiging • Tuinbestuur • <i>Perm</i>-verbouing • Grondvrugbaarheid • Die plant van vrugtebome <p>Die aantal skole in die provinsie het van 284 tot 303 toegeneem.</p> <p>Die Departement van Landbou (DvL) was gasheer vir 'n provinsiale Wêreldvoedseldag (WFD) aan die Weskus. NSVP-vertegenwoordigers het aan die program deelgeneem. Die NSVP het ook sy Wêreldvoedseldagviering in die Overberg Onderwysdistrik gehou.</p> <p>Junior grondversorgingskampe is in die Overberg Onderwysdistrik gehou. Die leerders is aan Tuinbou, Natuurlike Hulpbronne, en Geografiese Inligtingstelsels (GIS) blootgestel Die Departement van Landbou (DvL) het hierdie kampe gehou.</p> <p>Skole met voedseltuine is op 'n gereelde basis vir ondersteuningsdoeleindes besoek.</p> <p>Die Departement van Basiese Onderwys, in vennootskap met die Mediese Navorsingsraad (MNR) en die Landbounavorsingsraad (LNR) is met 'n navorsingsprojek oor skoolvoeding by 10 skole in die Weskus Onderwysdistrik en spesifieke distrikte in ander provinsies besig. Die doel met die navorsing is om leer- en onderrigmateriaal vir onderrig in voedselproduksie en voeding te ontwikkel.</p>

11. Kapitaalbelegging, batesbestuur en -instandhouding

Die regering het meer fondse vir infrastruktuur beskikbaar gemaak, en die Nasionale Tesourie is van plan om infrastruktuurlewering te verbeter deur die Plan vir die Verbetering van Infrastruktuurontwikkeling (PVIO). Hierdie PVIO stel provinsies in staat om beter prosedures toe te pas om die gaping vas te stel tussen die infrastruktuur wat beskikbaar is en die infrastruktuur wat benodig word.

12.1 Belegging van vaste kapitaal

12.1.1 Bouprojekte wat gedurende 2009/10 voltooi is

Opsomming:

Kapitaalprojekte	Aantal projekte voltooi		Skole
Skoolbouprojekte	Primêre skole	7 uit 5 (oorspronklike teiken van skole om te voltooi – 5)	Gedurende die eerste kwartaal voltooi: Klapmuts PS Gedurende die tweede kwartaal voltooi: Table View PS Gedurende die derde kwartaal voltooi: Vredenburg PS, Avian Park PS Gedurende die vierde kwartaal voltooi: Zwelihle PS, Nomzamo PS, Bongolethu PS Geen konstruksie het plaasgevind nie, tender laat toegestaan: Westlake PS
	Sekondêre skole	3 uit 3 (oorspronklike teiken van skole om te voltooi)	Gedurende die eerste kwartaal voltooi Gansbaai SS, Bloekombos SS Gedurende die tweede kwartaal voltooi Wellington SS Steeds onder konstruksie Wallacedene SS
	Spesiale skole	0 uit 1 (oorspronklike teiken van skole om te voltooi)	Laat lewering van skool steeds onder konstruksie Tafelberg Skool
Klaskamers by nuwe of bestaande skole voltooi	Spesiale skole	Klaskamers by spesiale skole – 0 uit 46	Onderrigkamers steeds onder konstruksie by nuwe skole Tafelberg Skool (40) Onderrigkamers steeds onder konstruksie by 'n bestaande skool Karitas (6)
Onderrigkamers van steen as deel van elke nuwe skool of as aparte projekte	Primêre skole	184 uit 142 voltooi (oorspronklike teiken van klaskamers om te voltooi was 193)	In vorige finansiële jaar voltooi: Gordonsbaai PS (3), Marine PS (3), FJ Conradie PS (2), Chris Nissen PS (4), Gansbaai PS (2), Lukhanyo PS (8), Thembaletu PS (6), Heidedal PS (6) Onderrigkamers by nuwe skole voltooi Gedurende die tweede kwartaal voltooi: Table View PS (30) Gedurende die derde kwartaal voltooi: Vredenburg PS (22), Avian Park PS (32) Gedurende die vierde kwartaal voltooi: Zwelihle PS (32), Nomzamo PS (30), Bongolethu PS (32) Onderrigkamers by bestaande skole voltooi Gedurende die vierde kwartaal voltooi: Meulenhof PS (6)

Kapitaalprojekte	Aantal projekte voltooi	Skole	Kapitaalprojekte
			<p>Geen konstruksie het plaasgevind nie, tender laat toegestaan: Westlake PS (17)</p> <p>Klaskamers steeds onder konstruksie: Bloekombos PS (6), Stawelklip PS (5)</p>
	Sekondêre skole	Voltooi 101 uit 139 (oorspronklike teiken van skole om te voltooi was 142):	<p>Onderrigkammers by nuwe skole voltooi: Gedurende die eerste kwartaal voltooi: Gansbaai SS (22) , Bloekombos SS (35), Gedurende die tweede kwartaal voltooi: Wellington SS (35), <i>92 onderrigkammers by nuwe skole voltooi</i></p> <p>Onderrigkammers by bestaande skole voltooi Gedurende die vierde kwartaal voltooi: Masibambane SS (9), <i>9 onderrigkammers by bestaande skole voltooi</i></p> <p>Permanente klaskamers steeds onder konstruksie: Wallacedene SS (35), Waveren SS (3) (drie minder klaskamers onder konstruksie as geteiken)</p>
	Hervestiging van bestaande mobiele klaskamers Ad-hoc Voorsiening van mobiele	0 uit 75 mobiele klaskamers hervestig	<p>In die 2009/10 Jaarlikse Prestasieplan is getoon dat 75 mobiele klaskamers beskikbaar sou raak en op nuwe plekke hervestig sou word.</p> <p>Die buitensporige groei van primêre leerdergetalle in Wallacedean het beteken dat 30 beskikbare klaskamers nie meer vir hervestiging beskikbaar sou wees nie.</p> <p>25 klaskamers by Wellington was ook nie hervestig nie aangesien daar nie toegang tot die nuwe perseel in Mfuleni voorsien is nie.</p> <p>Weens groei in die sekondêre leerdertalle in Nomzamo is 15 mobiele by Simanyeye SS nie na ander plekke verskuif nie.</p> <p>Die tender om 5 mobiele klaskamers vanaf Table View Primêre Skool na Malmesbury te hervestig, maar die kontrakteur het nie die klaskamers hervestig nie.</p> <p>Die Departement van Vervoer en Openbare Werke is versoek om 41 eenhede te hervestig.</p>
		5 vervalle en onveilige mobiele klaskamers is uit skoolpersele verwyder 20 mobiele onderrigkammers by nuwe skole	<p>Verwydering van vervalle klaskamers van skole 1 van Cathkin HS 1 van Murray HS 2 van Lutzville PS 1 van Jurie Hayes PS</p> <p>Onderrigkammers by nuwe skole Gedurende die eerste kwartaal voltooi: Klapmuts PS(20)</p> <p>'n Versoek is ook gerig vir die voorsiening van 67 Graad R-klaskamers gedurende die 2009/10 finansiële jaar. Uitlegplanne vir Graad R-klaskamers is deur die DVOW voorberei voordat die projekte geadverteer is. Onaanvaarbare pryse is vir projekte gevra, en daar is besluit om nie die tenders toe te ken nie en te heradverteer.</p>

Kapitaalprojekte	Aantal projekte voltooi	Skole	Kapitaalprojekte
		55 van 151 mobieles (plasing van mobieles weens tekorte aan ruimte.	'n Versoek is laat in die finansiële jaar gemaak vir bykomstige mobiele klaskamers, en tot op datum is 13/25 sekondêre skool-mobieles, 2/4 spesiale skool-mobieles, en 40/95 primêre skool-mobieles gelewer.
	Forums/sale	Primêre skole – 1 van 3 (oorspronklike teiken van sale om te voltooi was 3)	Gedurende die derde kwartaal voltooi: De Heide PS Steeds onder konstruksie Plantation Rd, Siyazakha PS
		Sekondêre Skole – 1 van 3 (oorspronklike teiken van sale om te voltooi was 3)	Gedurende die derde kwartaal voltooi: Diazville SS Steeds onder konstruksie Indwe SS, Forest Heights SS (opgraderingsprojek deur SBL)
Toilette	Primêre skole	235 van 160 (oorspronklike teiken van toilette om te voltooi was 160)	Gedurende die tweede kwartaal voltooi: Table View PS (35) Gedurende die derde kwartaal voltooi: Vredenburg PS (35), Avian Park PS (41) Gedurende die vierde kwartaal voltooi: Zwelihle PS (41), Nomzamo PS (41), Bongolethu PS (42) Steeds onder konstruksie Westlake PS (20)
	Sekondêre skole	117 van 115 (oorspronklike teiken van toilette om te voltooi was 115)	Gedurende die eerste kwartaal voltooi: Gansbaai SS (36) , Bloekombos SS (44), Gedurende die tweede kwartaal voltooi: Wellington SS (37), Steeds onder konstruksie Wallacedene SS (37)
Opgraderingsprojekte	Primêre skole	0 van 1	Steeds onder konstruksie Cloeteville PS, Klapmuts PS
		Sekondêre Skole – 0 van 0	
		Spesiale skole – 1 van 1	Karitas Skool steeds onder konstruksie:
Skole waar tenders toegeken is	Primêre skole	0	Onder konstruksie: Blue Downs PS, Westlake PS, Delft N2 Gateway PS 1; Delft N2 Gateway PS 2
	Sekondêre skole	0	Konstruksie naby: Delft N2 Gateway SS 1, Delft N2 Gateway SS 2,
Skole waar met beplanning begin is	Primêre skole	0	Nali'kamva PS
	Sekondêre skole	0	Northpine SS, New Eisleben SS, Brackenfell SS

12.1.2 Instandhoudingsprojekte gedurende 2009/10 onderneem

Aantal projekte	Begroting vir 2009/10 R'000	Geraamde koste (R'000)
541	R75,038m	R75,038m

*'n Aantonende aantal projekte

Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP)

Tot aan die einde van die 2009/10 finansiële jaar het die WKOD vir die Gebouefasiliteite-Onderhoudprogram (GFOP) begroot, wat by 480 skole gefunksioneer het. In die toekoms sal die Departement van Vervoer en Openbare Werke vir hierdie program begroot en oor GFIP-kwessies rapporteer. Aktiwiteite sluit die opruim van persele, sny van gras, diep skoonmaak van toilette, voorsiening van opleiding, toerusting en hulpbronne vir GFIP-werkers, skoonmaak van klaskamers, en skoonmaak van reënwatergeure in. Die volgende tipes onderhoudtake is in die program ingesluit, en kry dus ook aandag.

- Loodgieterij en dreineringsherstelwerk
- Herstel of vervanging van reënwaterstelsels
- Herstelwerk aan vloere, plafonne en mure
- Herstelwerk en vervanging van deure en slotte
- Herstel van vensterrame
- Verfwerk en herversiering.

12.2 Batebestuur

Onroerende bates

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuur en Inligtingstelsel (OBIS) en die Skoleregister en Behoeftesinligtingstelsel (SRBIS) om onroerende bates te bestuur.

Groot roerende bates

Hoofkantoor en Onderwysdistrikte (met inbegrip van kantore wat by Onderwysdistrikte inskakel)

Wat roerende bates betref, het die WKOD 'n batesbestuureenheid gevestig. Hierdie eenheid is een van die hoekstene van die Aanvoerkettingeenheid.

Alle meubels en toerusting wat vir die hoofkantoor en die onderwysdistrikskantore nodig was, is sentraal aangekoop en is op 'n inventaris van roerende bates vasgelê ingevolge die vereistes wat deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf is. 'n Jaarlikse bestekopname (November 2009 tot Maart 2010) is onderneem.

Die volgende maatreëls is geneem om 'n doeltreffende batesregister te verseker wat rekeningkundige standaard handhaaf, en 'n doeltreffende, doelmatige en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker.

- Jaarlikse bestekopnames deur die departement onderneem, soos in die Tesourieregulasies voorgeskryf.
- Afteken van inventarisse deur die verantwoordelike beampptes en sertifisering deur die Verantwoordelikhedsbestuurders
- Uitstuur van omsendbriewe in lyn met Hoofstuk 10 van die Tesourieregulasies
- Verkrygingsprosedures vir bates in die Rekeningpligtige Beampte se stelsel
- Maandelikse rekonsiliasie van aankope op LOGIS en die uitgewes op BRS
- Byhou van 'n batesregister wat al die inligting bevat wat ingevolge Tesourieregulasies vereis word

Die meganismes wat geïmplementeer is om 'n doeltreffende stelsel te verseker m.b.t. die identifisering, beveiliging, monitering en rekord-hou van roerende bates was soos volg:

- Alle bates was van staafkodes voorsien, met "RSA" gemerk, en op inventarisse aangeteken.
- Alle bates is in die register van roerende bates geïdentifiseer in alle bateskategorieë wat deur Tesourie aangedui is, en is van unieke nommers en staafkodes voorsien.
- Verantwoordelikhedsbestuurders is vir die beveiliging van hul bates verantwoordelik,
- Alle roerende bates is per kostesentrum en plek op 'n inventaris aangeteken. Inventarisse is deur die kostesentumbestuurders as korrek gesertifiseer, en by elke terrein op 'n sigbare plek gehou.

Skole

Die WKOD het meubels en werkhulptoerusting vir skole gekoop, en hierdie items vorm nie deel van die WKOD se batesregister nie. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet nr. 84 van 1996), word hierdie as inventarisitems van die skole beskou. Skole moet dus in hul jaarlikse finansiële state oor hierdie inventarisitems rapporteer. Die WKOD se Batesregister weerspieël slegs die inventaris vir Hoofkantoor en die onderwysdistrikte en hul onderskeie dienspunte.

Planne aangaande roerende bates, soos motorvoertuie

Die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke (Regeringsmotorvervoer) bestuur die voorsiening, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde Regeringsgarage (GG) motorvoertuie. Die Departement is verantwoordelik vir die lisensiering, instandhouding en brandstofaanvulling van die voertuie, sowel as vir die byhou van 'n batesregister op die Fleetman-stelsel. Hulle formuleer ook provinsiale beleid m.b.t. die gebruik van GG-voertuie.

Die WKOD verseker dat die provinsiale beleid toegepas word. Dit hou ook 'n register by van voertuie in gebruik deur die WKOD, en monitor voertuiggebruik deur middel van logblaie.

Die vloot voldoen tans aan die huidige behoeftes van die WKOD.

13. Koördinerings-, samewerking- en uitbestedingsplanne

13.1 Interdepartementele skakeling

Gereelde vergaderings en besprekings in forums soos die Raad van Onderwysministers, die Onderwyshoofdekomitee (HEDCOM) en sy verskillende subkomitees word met die Departement van Basiese Onderwys en die ander provinsiale onderwysdepartemente aangaande onderwysbeleid gehou.

Besprekings met susterdepartemente oor tussensektorale samewerking vind ook gereeld plaas, veral met die Departemente van Gesondheid (MIV/VIGS en lewensvaardighede, gesondheid en welsyn in skole, vroeë identifisering, en skoolgesondheidsdienste), Gemeenskapsveiligheid (Veiligeskoleprojek en Ondersteunings-beamptesprojek om wegblyery en jeugoortreding te bekamp), die Premier (waaronder die Kantoor van die Status van Gestremde Persone en die Batho Pele-netwerk), Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, en Vervoer en Openbare Werke (kapitaalprojekte en onderhoud). Saam met provinsiale en plaaslike regeringskantore is 'n Geïntegreerde Provinsiale Strategiese Plan vir MIV en VIGS 2007-2011 ontwikkel en deur die Provinsiale VIGS-raad onderskryf.

Die BOOV-subdirekoraat van die WKOD is by tien provinsiale vennootskappe betrokke wat deur Aktes van Verstandhouding (AVV's) met ander provinsiale departemente en twee met die Nasionale Departemente van Waterwese en Korrektiewe Dienste bereël word. Deur hierdie vennootskappe word werknemers van provinsiale departemente die geleentheid gebied om 'n Algemene Onderwys en Opleiding (AOOS) -Sertifikaat te verkry. Daar is 'n transversale beleid vir die lewering van BOOV aan werknemers van provinsiale staatsdepartemente in plek. Vennootskappe word op provinsiale en sentrumvlak ontwikkel. Riglyne vir vennootskappe sluit onder meer fases in vir die implementering van 'n vennootskap; rolle en verantwoordelikhede van die betrokkenes; koste en koste-aandrywers.

13.2 Plaaslike regering-skakeling

Die WKOD werk met die Stad Kaapstad saam aangaande die Stedelike Hernuingsplan (SHP), en met die Sentraal Karoo Munisipaliteite aangaande die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsplan (GVLOP). Die doel met albei die programme is om met ander departemente en regerings saam te werk om armoede te verlig deur vaardighedsontwikkeling vir werklose jeugdiges. Die program is (vir Khayelitsha en Mitchells Plain) deur die Valsbaai Kollege toegepas, met die fokus op loodgiery; spuitverfwerk; duikklopwerk en VKO; die Suid-Kaap Kollege (in vennootskap met die Beaufort-Wes GLS), en in die Kannidood-projek van die Boland Kollege.

Die teikensyfer van agtien (18) studente het vir die Kannidood-projek geregistreer, en die WKOD het vyftien befonds. Daar was opleiding in tekstielverfwerk, glaswerk, papiermaak en erdewerk/pottebakkerie (gebaseer op die Handwerkproduksie Vlak 2-kwalifikasie). Hulle is ook in besigheidsvaardighede opgelei. Die Kollege was in vennootskap met die Distriksmunisipaliteit wat die geriewe verskaf het, met die Toerismeburo van Laingsburg om hul produkte te bemark, en met die Laingsburg Hoërskool wat vir die fasiliteerders verblyf in die koshuise verskaf het.

Vir (B)OOV-leerders in hierdie areas is ook kredietdraende kursusse aangebied – waaroor elders gerapporteer word – met 'n totaal van 258 leerders in Vaardigheidskursusse.

13.3 Openbare entiteite

Daar is tans geen openbare entiteite waarvoor die WKOD verantwoordelik is nie.

13.4 Openbare-private vennootskappe en uitbesteding

Alhoewel die WKOD geen formele openbare-private vennootskappe (OPV's) het nie, het die departement 'n aantal intervensies en projekte ingevoer in 'n poging om aan verskillende aspekte van gehalteonderwys in skole aandag te gee. Hierdie projekte en intervensies word of direk deur die WKOD bestuur (deur die onderwysdistrikte) of deur die etlike onderwys-nieregeringsorganisasies (NRO's). Hierdie vennootskappe is oor die algemeen transversaal (binne die WKOD) en/of multisektooriaal van aard, en bestaan om psigososiale en ekonomiese kwessies die hoof te bied wat, tensy hulle doeltreffend gehanteer word, die verskaffing van gehalteonderwys in skole ondergrawe.

Die Globale Fonds, deur die Departement van Gesondheid, ondersteun 'n MIV/VIGS-portuuronderwysinisiatief in 94 skole. 'n Bykomstige 42 skole implementeer ook hierdie program deur ander befondsing. Daar is ook 'n aantal ander samewerkingsvennootskappe binne die WKOD se MIV/VIGS-program.

Die WKOD het met PETROSA saamgewerk aan 'n R12m skoolgebou vir Rietvlei Primêre Skool in Mosselbaai. PETROSA het ook al vier die gewese DOO-skole in Mosselbaai met die mees moderne rekenaar- en Wetenskaplaboratoriums toegerus.

'n Memorandum van ooreenkoms is tussen PETROSA en die WKOD onderteken vir die R15m skenking vir die oprigting van 'n nuwe primêre skool in Vredenburg. Witteklip Primêre Skool (Weskusdistrik) het in Januarie 2010 geopen. Die nuwe skool bring verligting aan leerders wat busse moes gebruik of lang afstande moes stap, en maak voorsiening vir die kultuurdiversiteit van die gemeenskap wat dit dien.

Garden Cities Edms. Bpk. beplan en bestuur die oprigting van skoolsale. Die oprigting van die sale by Matthew Goniwe SS (Khayelitsha), Intshukumu Comprehensive School (Guguletu), Knysna SS (Knysna), Rocklands SS (Mitchells Plain), Sarepta SS (Kuilrivier), Scottsville SS (Kraaifontein), Phoenix SS (Manenberg) en Mountview SS (Hanover Park) is gedurende 2007/08 voltooi. Tans is die saal van Mzamomtsha PS steeds onder konstruksie. Die voltooiing van 'n skoolsaal by Westridge High is in Januarie 2010 verseker nadat die Wes-Kaap Onderwysstigting (WKOS) 'n R4m gesamentlike onderneming beding het waarby die *Garden Cities Archway*-stigting en die *Vodacom*-stigting betrokke was.

13.5 Donateurbefondsing

Gedurende die 2009/10 finansiële jaar het die WKOD geen donateurbefondsing ontvang nie.

Die departement het die Wes-Kaap Onderwysstigting daargestel om vennootskappe met organisasies uit die private sektor te smee, en om bykomstige befondsing vir onderwyslewering in die provinsie te bekom.

Gedurende die 2009/10 finansiële jaar het die WKOD die volgende befondsing ontvang.

R1.6m van *Airports Company South Africa (ACSA)* vir die voorsien van skoolbiblioteke en verwante hulpbronne in skole naby die lughawe. Die befondsing sal gebruik word om 'n e-leer hulpbronsentrum te vestig. Hierdie voorkeurprojek van ACSA betrek sowel bibliotekehulpbronvoorsiening as infrastruktuurontwikkeling – albei sleutelprioriteite van die WKOD. 'n Biblioteek sal by die e-leer hulpbronsentrum gevoeg word, wat ter wille van maklike toegang op 'n skoolgrens gevestig sal word.

R1,25m is van BMW ontvang om hulpbronne vir onderrig en leer in Wiskunde en Natuurwetenskap in Grade 10 tot 12 te voorsien. Die projek sal hulpbronne vir twee Wiskunde en Natuurwetenskap-laboratoriums verskaf.

R500 000 is deur BP (Suider-Afrika) voorsien vir 'n doenbaarheidstudie om die lewensvatbaarheid van die ontwikkeling en volhoubaarheid van wetenskapklubs in 15 Dinaledi Skole in die Wes-Kaap te assesser. Die positiewe respons op die BP-befondsde wetenskapklub-voorstel illustreer die potensiaal van hierdie inisiatief om soliede fundamente te lê en die onderrig en leer van wetenskap in hierdie skole te transformeer. Die tweede fase van die projek is met die ontwikkeling van BP se besigheidsplan vir die vestiging van wetenskapklubs in geselekteerde Dinaledi-skole voltooi. Vyftien skole sal hierby baat.

Opsomming: Prestasiemaatstawwe			
Programme / Subprogramme / Prestasiemaatstawwe	Bepaalde Geraamde Teiken 2009/10	Werklike Teiken Bereik 2009/10	Verskil tussen Raming en Werklike Prestasie
Program 1: Administrasie			
▶ PM001: Persentasie van die bevolking van 6 tot 15 jaar wat skole bywoon	[77.9%] ¹	74.59%	-3.3%
▶ PM002: Persentasie van die bevolking van 16 tot 18 jaar wat onderwysinrigtings bywoon	[69.7%] ²	71.6%	1.9%
▶ PM003: Openbare nie-personeel-besteding aan die armste 20% leerders in kwintiel-1 skole as 'n persentasie van openbare nie-personeel-besteding op die mins arm leerders in kwintiel-5 skole	396%	391.71%	-4.29%
▶ PM004: Persentasie volwassenes wat Graad 9 voltooi het	69.3%	71%	1.7%
▶ PM005: Persentasie volwassenes wat Graad 12 voltooi het	13.4%	39%	25.6%
▶ PM006: Geletterdheidskoers van volwassenes	85.2%	83.9%	-1.3%
▶ PM007: Aantal deelnemers aan die Kha Ri Gude geletterdheidsveldtog-program	7 262	11 173	3 911
▶ PM008: Aantal deelnemers aan die provinsiale geletterdheidsveldtog-program (sonder Kha Ri Gude)	0	0	0
▶ PM101: Aantal skole wat SA-SABS gebruik om data oor die nasionale leerderopspoorstelsel tydens die verslagtydperk te voorsien	1 455	1 456	1
▶ PM102: Aantal skole wat volledig opgelei is in die kern-registrasie-modules in die Skool-Administrasie en -Bestuurstelsel tydens die verslagtydperk (skoolinligting, leerderinligting en opvoederinligting)	850	100	-750
▶ PM 103: Aantal skole wat elektronies (e-pos) deur die departement bereik kan word	1 455	1 450	-5
▶ PM104 Persentasie kantoorgebaseerde vroue in senior bestuursdiens	35%	28.85%	- 6.15%
▶ PM105 Persentasie vroulike skoolprinsipale	33%	28.32%	- 4.68%
▶ PM106: Persentasie van lopende uitgawes wat aan nie-personeel-items in skole bestee word	22.7%	20.84%	-1.86%
Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys.			
▶ PM201: Aantal leerders wat by die skoolvoedingprogram gebaat het	335 000	334 287	-713
▶ PM202: Leerders met spesiale onderwysbehoefes in openbare gewone skole	13 258	13 765	507
▶ PM203: Aantal voldiensskole in die provinsie	68	95	27
▶ PM204: Aantal openbare gewone skole sonder watervoorsiening	0	0	0
▶ PM205: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit	0	0	0
▶ PM206: Aantal skole sonder funksionele toilette	0	0	0
▶ PM207: Totale openbare begrotingstoewysing vir geskeduleerde instandhouding as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur	0.4 %	0.61%	0.21%
▶ PM208: Aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid	0	0	0
▶ PM209: Aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid	0	0	0
▶ OM210: Aantal openbare gewone skole waar alle LOOM- en ander vereiste materiaal teen dag een van die skooljaar soos bestel afgelewer was	1 455	1 456	1

¹ Sien volledige verduideliking in Program 2

² Sien volledige verduideliking in Program 2

Opsomming: Prestasiemaatstawwe			
Programme / Subprogramme / Prestasiemaatstawwe	Beplande Geraamde Teiken 2009/10	Werklike Teiken Bereik 2009/10	Verskil tussen Raming en Werklike Prestasie
▶ PM211 Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in syfervaardigheid behaal het	50%	Geen data	Nie in staat om te bereken nie
▶ PM212 Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in geletterdheid behaal het	50%	Geen data	Nie in staat om te bereken nie
▶ PM213: Die prestasieverhouding van die armste 20% kwintiel 1-leerders teenoor die mins arm 20% kwintiel 5-leerders in Graad 3	Geen data	Geen data	Nie in staat om te bereken nie
▶ PM214: Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal het	50%	Geen data	Nie in staat om te bereken nie
▶ PM215: Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal het	50%	Geen data	Nie in staat om te bereken nie
▶ PM216: Persentasie van meiseleerders wat in Graad 12 vir Wiskunde ingeskryf het	50%	40%	-10%
▶ PM217: Persentasie van meiseleerders wat in Graad 12 vir Natuurwetenskap ingeskryf het	28%	26%	-2%
▶ PM218: Die prestasieverhouding van die 20% armste leerders in kwintiel 1-skole teenoor die mins arm 20% leerders in kwintiel 5-skole met betrekking tot die graad 12-slaagsyfer	0.78	0.56	-0.22
▶ PM219: Graad 12 slaagsyfer	80%	75.7%	-4.3%
▶ PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde	67%	65%	-2%
▶ PM221: Slaagsyfer in Graad 12 vir Natuurwetenskap	71%	53%	-18%
▶ PM222: Aantal leerders wat by gratis leerdervoer baat	46 500	47 753	1 253
▶ PM223: Aantal leerders wat by die "Geen-fooi"-skoolbeleid baat	346 139	349 373	3 234
Program 3: Onafhanklike skole			
▶ PM391: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is	45	106	61
▶ PM302 Aantal leerders in gesubsidieerde onafhanklike skole	18 432	17 928	-504
Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys:			
▶ PM401: Aantal kinders van 6 tot 15 jaar met spesiale behoeftes wat nie by onderwysinstansies ingeskryf is nie	204	[1800] 295	- 91
▶ PM402: Aantal leerders wat by Spesiale Skole ingeskryf is	17 110	17 966	856
Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding			
▶ PM501: Aantal NS(B)-studente wat by openbare VOO-kolleges ingeskryf is	11 970	12 742	772
▶ PM502: Aantal NS(B)-studente wat in tegniese velde ingeskryf is (Siviele, Meganiese, Ontwerp, Elektriese velde, slegs een hiervan, geen dubbele tellings nie)	5 027	4 280	-747
▶ PM503: Aantal leerders in leerlingskappe in VOO-kolleges geplaas	6 500	4 196	-2 304
▶ PPM501: Aantal studiebeurse aan studente by VOO-kolleges toegeken	10 000	14 071	4 071
Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes			
▶ PM601: Aantal BOOV-leerders in die provinsie	42 500	38 053	-4 447
▶ PPM601: Aantal BOOV-leerders vir VOO geregistreer	21 845	19 159	-2 686
Program 7: Vroeëkindontwikkeling:			
▶ PM701: Aantal Graad R-leerders in openbare skole	43 932	46 100	2 168
▶ PM702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings	Nuwe PM	55 357	Geen teiken gestel nie

Opsomming: Prestasiemaatstawwe			
▶ PPM703: Aantal praktisyns wat vir VKO-leerlingskappe (volle kwalifikasie) ingeskryf is	4 000	5 973	1 973
Program 8: Hulp- en Verwante Dienste			
▶ PPM802: Programme vir Lewensvaardighede en MIV/VIGS: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jeugdiges van 15-19 jaar (8,7 in 2003, 7,2 in 2005)	4.7%	Nog nie deur DvG vrygestel nie	Nog nie deur DvG vrygestel nie
▶ PPM802: Aantal openbare skole met minstens een rekenaarfasiliteit vir onderrig en leer	1 239	1 255	16

PRESTASIEMAATSTAWWE (2009/10)

Afgekorte definisies en formules soos deur die Departement van Basiese Onderwys voorsien

PM 001: Persentasie van die bevolking van 6 tot 15 jaar wat skole bywoon**Definisie**

Hierdie is die persentasie van kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie wat 'n skool bywoon. Hierdie prestasiemaatstaf dui aan hoe doeltreffend die opvoedkundige regte van kinders, soos in die Grondwet uitgedruk, verwesenlik word, en hoe ver die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet oor verpligte onderwys nagekom word.

Formule

Die volgende formule moet gebruik word om hierdie PM te bereken.

$$ASER_{6-15} = \frac{E_{6-15}}{P_{6-15}} * 100$$

Waar:

$ASER_{6-15}$ die persentasie van kinders van 6-15 in die provinsie is wat skole bywoon.

E_{6-15} is die bevolking van 6 tot 15 jaar wat by enige skool ingeskryf is (alle openbare en onafhanklike skole, met inbegrip van Spesiale skole).

P_{6-15} is bevolking van 6 tot 15 jaar.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databronne

- Onderwysbestuur en Inligtingstelsel (OBIS): Jaarlikse Skoleopname (JSO)
- Statistiek SA se Mid-jaar Bevolkingskattings

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 002: Persentasie van die bevolking van 16 tot 18 jaar wat onderwysinrigtings bywoon**Definisie en doel**

Hierdie is die persentasie van die bevolking van 16 tot 18 jaar wat 'n onderwysinrigting bywoon. Dit sluit skole en Verdere Onderwys en Opleiding-kolleges in. Dit dui aan hoe suksesvol die regering en die land is met die voorsien van skool- en ander onderrig ná die basiese onderwysvlak. Die Grondwet verplig die regering om verdere onderwys progressief beskikbaar en toeganklik vir sestien- tot agtienjariges te maak.

Formule

Die volgende formule moet gebruik word om hierdie PM te bereken.

$$ASER_{16-18} = \frac{E_{16-18}}{P_{16-18}} * 100$$

Waar:

$ASER_{16-18}$ die persentasie van sestien- tot agtienjariges in die provinsie is wat 'n onderwysinrigting bywoon.

E_{16-18} die bevolking van 16 tot 18 jaar is wat by enige onderwysinrigting ingeskryf is.

P_{16-18} bevolking van 16 tot 18 jaar is

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Algemene Huishoudingsopname van Statistiek Suid-Afrika (AHO)

Data deur die Nasionale Departement van Onderwys voorsien

Die data sal teen November 2009 aan POD'E voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 003: Openbare nie-personeel-besteding aan die armste 20% leerders in kwintiel 1-skole as 'n persentasie van openbare nie-personeel-besteding op die mins arm 20% van leerders in kwintiel 5-skole
Definisie en Doel

Hierdie is die regering se nie-personeel besteding aan die armste een-vyfde van leerders as 'n persentasie van die regering se besteding aan die mins arm een-vyfde. Gedurende die laaste jare van apartheid was die persentasie ongeveer 20%, m.a.w. vir elke R1 wat aan nie-arm leerders bestee was, was R0.20 aan arm leerders bestee. Dit is die regering se doel om hierdie persentasie na meer as 100% vir alle provinsies te verhoog. Daar is baie faktore wat hierdie persentasie laat styg en daal: die pro-arm voorsiening en die regering se beleidsbepalings vir skooltoewysings; die regering se skoolbouprogramme (stoot die persentasies op); probleme om onderwysers na landelike areas te lok (hierdie faktore stoot die persentasie af).

Hierdie maatstaf is die maklikste om te bereken indien die data per leerdertoewysing gebruik word. Om dus nie-personeel-uitgawes van die geteikende leerders te bereken, moet die toewysing per leerder, soos deur die provinsie voorsien, gebruik word.

Dit beteken dat hierdie maatstaf kapitaalbesteding op geteikende leerders sal uitsluit, en dat dit daarom nie presies is soos dit in die titel van die prestasiemaatstaf gestel word nie. Die afwyking van die titel van die PM bied 'n makliker berekening van hierdie Prestasiemaatstaf.

Formule

Die volgende formule moet gebruik word om hierdie PM te bereken.

Exp is die nie-personeeluitgawes op die 20% armste van die leerders in kwintiel 1-skole
Nie-personeeluitgawes op die 20% mins arm leerders in kwintiel 5-skole

Dit is:

$$EXP = \frac{NonPE_{20\% Q1}}{NonPE_{20\% Q5}} * 100$$

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databronne

- Per Leerder Toewysing
- Hulpbronteikenlys
- Provinsiale Begrotingverklaring

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 004: Persentasie volwassenes wat Graad 9 voltooi het

Definisie en Doel

Hierdie maatstaf poog om toegang tot die voltooiing van verpligte onderwys, graad 1-9 te assesser. Ons Grondwet waarborg die reg op 'n basiese opvoeding vir almal. Om menseregteredes, maar ook ter wille van ekonomiese ontwikkeling, is hierdie 'n belangrike prestasie-meting vir die regering. Ons doel moet wees om 100% basiese onderwys te verwesenlik.

Formule

Die volgende formule moet gebruik word om hierdie PM te bereken.

$$PAAG9 = \frac{T}{N * 100}$$

Waar:

PAAG 9 = Die persentasie van volwassenes in die bevolking wat Graad 9 behaal het.

T = Die totale aantal van alle mense van 20 jaar en ouer in die bevolking met Graad 9,

N = Die bevolkingsgroep van mense in die land wat 20 jaar en ouer is.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Algemene Huishoudingsopname van Statistiek Suid-Afrika (AHO)

Data deur die Nasionale Departement van Onderwys voorsien

Die data sal teen November 2009 aan POD'e voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 005: Persentasie volwassenes wat Graad 12 voltooi het**Definisie en Doel**

Soos ons bevolking meer geleerd raak, behoort die waarde vir hierdie prestasiemeting toe te neem. Ons behoort geleidelike toenames te verwag, aangesien dit baie jare neem vir skoononderwys en BOOV om die oorkoepelende onderwysvlakke oor die hele volwasse bevolking heen te verander.

Formule

Die volgende formule moet gebruik word om hierdie PM te bereken.

$$PACG12 = \frac{T}{N * 100}$$

Waar:

PACG 12 = Die persentasie van volwassenes in die bevolking wat Graad 12 behaal het.

T = Die totale aantal van alle mense van 20 jaar en ouer in die bevolking wat Graad 12 voltooi het.

N = Die bevolkingsgroep van mense in die land wat 20 jaar en ouer is.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Algemene Huishoudingsopname van Statistiek Suid-Afrika (AHO)

Data deur die Nasionale Departement van Onderwys voorsien

Die data sal aan POD'e voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 006: Geletterdheidskoers van volwassenes**Definisie en Doel**

Hierdie is die persentasie van volwassenes wat in staat is om te lees en skryf, ten minste op 'n basiese vlak. Ons Grondwet waarborg die reg op 'n basiese opvoeding vir alle volwassenes. Om menseregteredes, maar ook ter wille van ekonomiese ontwikkeling, is hierdie 'n belangrike prestasiemeting vir die regering. Ons doel moet 'n 100% geletterdheidskoers vir volwassenes wees.

In die verslag deur die Ministeriële Komitee (Departement van Onderwys 2006) oor geletterdheid, word 'n persoon as funksioneel geletterd gedefinieer indien hy/sy minstens sewe jaar se skoolonderwys gehad het (d.w.s. primêre skool voltooi het). 'n Persoon word as funksioneel ongeletterd gedefinieer indien hy/sy die skool verlaat het voordat graad 7 voltooi is. 'n Persoon word as ongeletterd gedefinieer indien hy/sy hoegenaamd geen onderwys ondergaan het nie.

Formule

Die volgende formule moet gebruik word om hierdie PM te bereken.

$$LIT = \frac{T}{P} * 100$$

Waar:

LIT die geletterdheidskoers van volwassenes is

T die totale aantal persone van 20 jaar en ouer is wat 'n graad 7-vlak van onderwys volgens die AHO-data vir die relevante jaar voltooi het.

P die totale aantal persone van 20 jaar en ouer is volgens die mees resente AHO-data.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Algemene Huishoudingsopname van Statistiek Suid-Afrika (AHO)

Data deur die Nasionale Departement van Onderwys voorsien

Die data sal aan POD'e voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 007: Aantal deelnemers aan die Kha Ri Gude geletterdheidsveldtog/-program**Definisie en Doel**

Hierdie aanwyser meet die deelname van volwassenes aan die Kha Ri Gude geletterdheidsprogram. Volgens die amptelike syfers van Statistiek SA is daar 4,7m mense in Suid-Afrika wat ongeletterd is. Daarom moet hierdie maatstaf teen die nasionale teikens gerapporteer word.

Inligting verskaf deur:

Nasionale Departement van Onderwys

Databron

Programbestuurder (Nasionaal)

Data voorsien deur:

Departement van Basiese Onderwys

Rapporteerfrekwensie

Kwartaalliks

PM 008: Aantal deelnemers aan die provinsiale geletterdheidsveldtog/-program (sonder Kha Ri Gude)**Definisie en Doel**

Hierdie aanwyser meet die deelname van mense aan 'n provinsiale geletterdheidsprogram (sluit nie die Kha Ri Gude geletterdheidsveldtog in nie). Hierdie maatstaf moet teen teikens gerapporteer word wat in die provinsie gestel is.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

Provinsiale Programbestuurder vir Geletterdheid/BOOV

Teiken Gestel

Om provinsiale teikens in die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) vir hierdie maatstaf te stel, moet Provinsiale Onderwysdepartemente (POD'e) vasstel wat die agterstand m.b.t. geletterdheid is. Gebruik die syfers wat in PM 006 gegee word, om die teikens te help bepaal.

Rapporteerfrekwensie

Kwartaalliks

PM 101: Aantal skole wat SA-SABS gebruik om data oor die nasionale leerderopspoorstelsel tydens die verslagtydperk te voorsien**Definisie en Doel**

Die Suid-Afrikaanse Skooladministrasie en -Bestuurstelsel (SA SABS) is 'n nasionaal benoemde en gerekenariseerde stelsel wat skole in staat stel om hul inligting aangaande leerders, personeel, geriewe en finansies meer doeltreffend te organiseer en te gebruik. SA SABS sal die beplanningskapasiteit van skole verbeter, en gevolglik kan beter diens van hierdie skole verwag word.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

Onderwysbestuur Inligtingstelsel (OBIS) – Provinsie

Rapporteerfrekwensie

Kwartaalliks

PM 102: Aantal skole wat volledig opgelei is in die kern-registrasie-modules in die Skooladministrasie- en Bestuurstelsel tydens die verslagtydperk (skoolinligting, leerderinligting en opvoederinligting)

Definisie en Doel

Daar is 'n aantal skole wat in die kernregistrasie-modules van SA SABS opgelei is. Kernregistrasie-modules is die basiese modules wat gebruik word om skool-, leerder-, en opvoederinligting vas te lê. Die inligting in hierdie modules is deurslaggewend vir die Leerdereenheid Rekordprestasie-opspoorstelsel (LERPOS).

In 'n poging om die gehalte van administrasie en bestuur in skole te verseker, het die Departement van Basiese Onderwys die Suid-Afrikaanse Skooladministrasie- en Bestuurstelsel (SA SAMS) ontwikkel, wat die administrasie en bestuur van skole sal verbeter. Die stelsel het die potensiaal om 'n reeks inligting oor leerders, opvoeders, en die skool se begroting vas te lê.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Onderwysbestuur Inligtingstelsel (OBIS) Programbestuurder – Provinsie

Rapporteerfrekwensie

Kwartaalliks

PM 103: Aantal skole wat elektronies (e-pos) deur die departement bereik kan word

Definisie en Doel

Dit is die aantal skole wat toegang tot e-pos het. E-pos help skole om met die Departement te skakel wanneer daar 'n probleem is waarvan die Departement werk moet maak. Hierdie vorm van kommunikasie stel die Departement ook in staat om inligting oor beleidsveranderings, lopende projekte en algemene omsendbriewe vinnig en goedkoop te kommunikeer. Die regering se doel is om te verseker dat alle skole e-aansluitbaarheid geniet.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Programbestuurder (bv. IT)

Rapporteerfrekwensie

Kwartaalliks

PM 104: Persentasie kantoorgebaseerde vroue in Senior Bestuursdiens

Definisie en Doel

Hierdie maatstaf poog om billikheid na te gaan en reg te stel in terme van die Wet op Diensbillikheid van 1998 en die Witskrif oor Regstellende Aksie in die Staatsdiens. Dit beklemtoon waarom dit nodig is om toepaslik gekwalifiseerde vroue in senior bestuursposisies aan te stel.

Aangesien die aanduiding op administratiewe program 1 fokus, verwys "bestuursposisies" na die rang van Direkteure en gelykstaande posisies, sowel as hoër posisies. Instansiegebaseerde personeel word uit hierdie PM uitgesluit. Hierdie PM verwys slegs na kantoorgebaseerde personeel.

Formule

$$WSMS = \frac{NWSM}{TSM} * 100$$

Waar:

WSMS die persentasie van kantoorgebaseerde vroue in Senior Bestuursdiens in die Provinsiale Onderwysdepartement is

NWSM die aantal vroue is wat direkteursposte of hoër in die Provinsiale Onderwysdepartement beklee (met personeel wat in skole, VOO-kolleges, en ander instansies gebaseer is, uitgesluit).

TSM die totale aantal van alle kantoorgebaseerde Senior Bestuursdiensposisies in die Provinsiale Onderwysdepartement is

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

PERSAL

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 105: Persentasie vroulike skoolprinsipale

Definisie en Doel

Daar is 'n persentasie van vroue in posisies van skoolprinsipaal, en dit is 'n billikeidsaanwyser. Alhoewel diensbillikheid 'n aantal areas dek, is vroue in prinsipaalposisies belangrik om vordering tot diensbillikheid in Provinsiale Onderwysdepartemente uit te lig.

Formule

$$WSP = \frac{NWSP}{TSP} * 100$$

Waar:

WSP die persentasie van vroue in posisies van skoolprinsipale in Provinsiale Onderwysdepartemente beklee

NWSP is die aantal vroue wat posisies van skoolprinsipale in Provinsiale Onderwysdepartement beklee

TSM is die totale aantal van alle skoolprinsipale in die Provinsiale Onderwysdepartement

Bereken deur

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

PERSAL

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 106: Persentasie van lopende uitgawes wat aan nie-personeel-items in skole bestee word

Definisie en Doel

Hierdie is die persentasie van huidige provinsiale onderwysbesteding wat aan nie-personeelitems soos handboeke, skryfbehoeftes en skoliervoer ens. bestee word. Dit gee 'n aanduiding daarvan of opvoeders die nodige gereedskap beskikbaar het om hul pligte na te kom.

Formule

$$NonPE_{curr} = \frac{Curr - PE}{Curr} * 100$$

Waar:

NonPE_{curr}

die Persentasie van die lopende besteding is wat na nie-personeelitems gaan

Curr is die lopende uitgawes vir 'n finansiële jaar

Lopende Uitgawes is vergoeding van werknemers en besteding aan goedere en dienste (nie-kapitaalbesteding)

PE = is vergoeding van werknemers

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

BRS

Rapporteerfrekwensie

Kwartaalliks

PM201: Aantal leerders wat by die skoolvoedingprogram gebaat het

Definisie en Doel

Dit verwys na die aantal leerders wat by minstens een maaltyd per dag vir minstens 156 dae per jaar deur die nasionale skoolvoedingprogram baat.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Programbestuurder

Rapporteerfrekwensie

Kwartaalliks

PM 202: Aantal leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole

Definisie en Doel

Dit is die aantal leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole. Hierdie maatstaf sluit leerders in spesiale skole uit. Histories het sulke leerders probleme gehad met toegang tot openbare gewone skole, alhoewel in die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid, stappe gedoen moet word om toegang vir leerders met spesiale behoeftes 'n werklikheid te maak.

"**Leerders met spesiale behoeftes**" is leerders wat deur 'n sifting-, identifikasie- en assesseringsproses geïdentifiseer is as mense wat bykomstige ondersteuningsbehoefte het wat redelike akkommodasie en intervensies van 'n gespesialiseerde aard sal benodig (Departement van Onderwys, 2008).

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Onderwysbestuur Inligtingstelsel (OBIS), Jaarlikse Skoolopname (JSO)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

Teiken Gestel

Die teiken vir hierdie maatstaf moet van PM 401 gestel word.

PM 203: Aantal voldiensskole in die provinsie

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser meet die aantal voldiensskole in die provinsie. 'n Voldiensskool word gedefinieer as 'n gewone openbare skool wat spesiaal toegerus en geïntereerd is om 'n volle reeks leerhindernisse in 'n inklusiewe onderwysomgewing die hoof te bied. Hierdie skole ondersteun onderwys vir alle leerders, ongeag hul verskille, en voorsien 'n inklusiewe leeromgewing deur onderwyshindernisse te minimaliseer in terme van die kurrikulum, onderrigmetodologieë en die fisiese omgewing.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

Provinsiale Programbestuurders (Inklusiewe Onderwys)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 204: Aantal openbare gewone skole sonder watervoorsiening

Definisie en Doel

Dit is die aantal openbare gewone skole wat geen toegang tot voorsiening van skoon water het nie. Hierdie maatstaf sluit alle skole in wat nie toegang tot enige die volgende het nie: nie-munisipale boorgate of reënwaterversamelingstelsels, diens deur die munisipaliteit met mobiele tenkwaens, gemeenskaplike waterkrane, of toegewysde erfkonneksies.

Om gesondheid- en ander redes is dit belangrik dat alle skole toegang tot skoon water op die perseel moet hê.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Nasionale Onderwysinfrastruktuur Bestuurstelsel (NOIBS)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 205: Aantal openbare gewone skole sonder elektrisiteit

Definisie en Doel

Dit is die aantal openbare gewone skole sonder 'n bron van elektrisiteit. Dit sluit skole sonder draad- of netwerkkonneksies, kragopwekkers, sonenergie ens. in. Elektrisiteit is 'n belangrike voorvereiste vir die invoer van moderne tegnologieë wat bestuur, onderrig en leer in skole kan verbeter.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Nasionale Onderwysinfrastruktuur Bestuurstelsel (NOIBS)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 206: Aantal skole sonder funksionele toilette

Definisie en Doel

Hierdie is die aantal skole sonder funksionele toilette. Dit sluit skole in wat nie emmerstelsels, putlatrines, VIP- en Enviroloo-toilette en spoeltoilette het nie.

Ter wille van gesondheid- en skoolbywoningsredes is dit vir die skoolstelsel belangrik om na hierdie minimum norm vir alle skole te beweeg.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Nasionale Onderwysinfrastruktuur Bestuurstelsel (NOIBS)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 207: Totale openbare begrotingstoewysing vir geskeduleerde instandhouding as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur

Definisie en Doel

Dit bied 'n aanduiding van die begroting wat aan instandhouding van bestaande geboue en toerusting bestee word, in verhouding tot die waarde van die skoolinfrastruktuur. Dit is belangrik dat bestaande geboue en toerusting toereikend in stand gehou word, sodat hulle ten volle funksioneel kan wees en vervanging tot die minimum beperk kan word. Beleid bepaal dat jaarlikse besteding aan instandhouding van geriewe minstens 1,5% van die totale waarde van daardie geriewe moet beloop.

Formule

$$M \% = \frac{MExp}{CValue}$$

Waar:

M % die besteding aan instandhouding as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur is.

MExp die besteding aan instandhouding per jaar in rand is

CValue die waarde van die skoolinfrastruktuur is, soos van NOIBS ontvang

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databronne

- Programbestuurder (bv. Fisiese Beplanning of BRS))
- Nasionale Onderwysinfrastruktuur Bestuurstelsel (NOIBS)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 208: Aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid

Definisie en Doel

Dit is die aantal primêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 40 leerders per klaseenheid. Baie groot klasse is kennelik nie goed vir onderrig en leer nie, en die doel is om hierdie persentasie na nul (0) te verminder.

Die gemiddelde aantal leerders in 'n klaseenheid (gemiddelde klasgrootte) kan bereken word deur die totale aantal leerders in 'n skool deur die aantal klaseenhede in 'n skool te deel.

Dit is:

Klasgrootte = $\frac{\text{Totale aantal leerders in 'n skool}}{\text{Aantal klaseenhede in 'n skool}}$

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Onderwysbestuur Inligtingstelsel (OBIS) Jaarlikse Skoolopname (JSO)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 209: Aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid

Definisie en Doel

Dit is die aantal sekondêre openbare gewone skole met 'n gemiddeld van meer as 35 leerders per klaseenheid. Baie groot klasse is kennelik nie goed vir onderrig en leer nie, en die doel is om hierdie persentasie na nul (0) te verminder.

Hierdie maatstaf word soos dié van PM 208 bereken.

Klasgrootte = $\frac{\text{Totale aantal leerders in 'n skool ingeskryf}}{\text{Aantal klaseenhede in 'n skool}}$

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Onderwysbestuur Inligtingstelsel (OBIS), Jaarlikse Skoolopname (JSO)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 210: Aantal openbare gewone skole waar alle LOOM- en ander vereiste materiaal teen dag een van die skooljaar soos bestel afgelewer was

Definisie en Doel

Dit is die aantal openbare gewone skole wat die Leer- en Onderrigsteunmateriaal (LOSM) wat hulle bestel het, ontvang. Leer- en Onderrigsteunmateriaal (LOSM) word as een van die belangrikste instrumente beskou om billikheid, regstelling en gehalteleer in die openbare onderwysstelsel te bevorder.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Provinsiale Programbestuurder

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 211 Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Syfervaardigheid behaal het

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser meet of leerders 'n aanvaarbare vlak van bedrewenheid in Syfervaardigheid op die Graad 3-vlak bereik het. Leerders word deur nasionale toetse geassesseer wat deur die Departement van Onderwys landwyd voorsien word en wat tans as die Jaarlikse Nasionale Assessering bekend staan. Dit dui die persentasie van alle leerders in Graad 3 aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomst in Syfervaardigheid behaal het. 'n Aanvaarbare uitkomst is wanneer leerders 50% of meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal.

Formule

$$Gr3Min = \frac{L}{N} * 100$$

Waar:

Gr3Min die persentasie van leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid in die Jaarlikse Nasionale Assesserings behaal

L die persentasie van leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Syfervaardigheid in die Jaarlikse Nasionale Assesserings behaal

N die persentasie van Graad 3-leerders in die provinsie is wat vir Syfervaardigheid in die Jaarlikse Nasionale Assesserings geassesseer is.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Departement van Onderwys, Jaarlikse Nasionale Assessering (Sistemiese Assesseringsdirekoraat)

Data deur die Nasionale Departement van Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 212 Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid behaal het

Definisie en Doel

Die PM dui die persentasie van alle leerders in Graad 3 aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid behaal het. 'n Aanvaarbare uitkomst is wanneer leerders 50% of meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal.

Weens die swak uitslae vir geletterdheid in die land is die regering daartoe verbind om die geletterdheid van skoolleerders te verbeter. Hierdie prestasiemaatstaf berus op die pogings van die Departement van Basiese Onderwys om die geletterdheidsuitslae in skole te verbeter.

Formule

$$Gr3Min = \frac{L}{N} * 100$$

Waar:

Gr3Min die persentasie van leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid in die Jaarlikse Nasionale Assesserings behaal

L die persentasie van Graad 3-leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal

N die totale aantal Graad 3-leerders in die provinsie is wat in Geletterdheidseksamens in die Jaarlikse Nasionale Assesserings geassesseer is.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Departement van Onderwys, Jaarlikse Nasionale Assessering (Sistemiese Assesseringsdirekoraat)

Data deur die Nasionale Departement van Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 213: Die prestasieverhouding van die armste 20% kwintiel 1-leerders teenoor die mins arm 20% kwintiel 5-leerders in Graad 3

Definisie en Doel

Hierdie maatstaf vergelyk die prestasie van die armste 20% Graad 3-leerders in Kwintiel 1 met die mins arm 20% van leerders in kwintiel 5.

Dit is nie slegs belangrik om die apartheid erfenis van ongelyke besteding op leerders die hoof te bied nie. Dit is ook belangrik om te verseker dat ongelykhede in leerderuitslae verminder word, sodat leerders 'n gelyker beginpunt in die lewe kan hê.

Formule

Die volgende formule sou gebruik word om die PM te bereken

$$PR3_{Q1/Q5} = \frac{Perf_{Q1}}{Perf_{Q5}}$$

Waar:

$PR3_{Q1/Q5}$ die Prestasieverhouding van 20% Graad 3-leerders in kwintiel 1 is, relatief tot 20% van leerders in kwintiel 5.

$Perf_{Q1}$ die gemiddelde prestasie van die armste 20% van Graad 3-leerders in kwintiel 1 in die provinsie is. Dit word soos volg bereken:

$$Perf_{Q1} = \left(\frac{\sum Lit}{N} + \frac{\sum Num}{N} \right) / 2$$

met

$$\sum Lit$$

Som van al die Geletterdheidstellings vir die armste 20% van Graad 3-leerders in kwintiel 1 vir die spesifieke provinsie

$$\sum Num$$

Som van al die Syfervaardigheidstellings vir die armste 20% van Graad 3-leerders in kwintiel 1 vir die spesifieke provinsie

$$N$$

Die aantal Graad 3-leerders in kwintiel 1 wat in hetsy Geletterdheid of Syfervaardigheid in die spesifieke provinsie geassesseer is.

$Perf_{Q5}$

die gemiddelde telling van die mins arm 20% van Graad 3-leerders in kwintiel 5 in die provinsie. Dit word soos vir kwintiel 1-leerders bereken.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Departement van Onderwys, Jaarlikse Nasionale Assessering (Sistemiese Assesseringsdirekoraat)

Data deur die Departement van Basiese Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 214: Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal het

Definisie en Doel

Hierdie PM dui die persentasie van alle leerders in Graad 6 aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomst in Taal behaal het, d.w.s. leerders wat 50% en meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal het.

Die Grondwet erken dat ons kultuurdiversiteit 'n waardevolle nasionale bate is, en daarom is dit die taak van die onderwys om al die amptelike tale in die land te bevorder.

Formule

$$Gr6Lan = \frac{L}{N} * 100$$

Waar:

Gr6Lan die persentasie van leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Taal in die Jaarlikse Nasionale Assesserings behaal

L die aantal Graad 6-leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Taal in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal

N die totale aantal Graad 6-leerders in die provinsie is wat in Taal in die Jaarlikse Nasionale Assesserings geassesseer is

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Departement van Onderwys, Jaarlikse Nasionale Assessering (Sistemiese Assesseringsdirekoraat)

Data deur die Departement van Basiese Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 215: Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal het

Definisie en Doel

Hierdie aanwyser meet die persentasie van alle leerders in Graad 6 aan wat gemiddeld aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal het, d.w.s. leerders wat 50% en meer in die Jaarlikse Nasionale Assessering behaal het.

Weens die tekort aan vaardighede in tegniese velde plaas die Departement meer klem op Wiskunde. Daarbenewens presteer leerders in Suid-Afrika swak in internasionale Wiskunde-assesserings.

Formule

$$Gr6Mat = \frac{L}{N} * 100$$

Waar:

Gr6Mat die persentasie van leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assesserings behaal het.

L die persentasie van Graad 6-leerders is wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assesserings behaal het.

N die totale aantal Graad 6-leerders in die provinsie is wat in Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assesserings geassesseer is.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Departement van Onderwys, Jaarlikse Nasionale Assessering (Sistemiese Assesseringsdirekoraat)

Data deur die Departement van Basiese Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 216: Persentasie van meisieleerders wat in Graad 12 vir Wiskunde ingeskryf het

Definisie en Doel

Hierdie is die persentasie vroulike leerders wat in Graad 12 vir Wiskunde ingeskryf het. Hierdie is meisies in Wiskunde ondervertegenwoordig, sodat verhoogde deelname in Wiskunde 'n belangrike aanwyser van die beweging na genderbalans sou wees. Hierdie PM behoort bereken te word deur die aantal meisieleerders in ag te neem wat Wiskunde in Graad 12 neem. Alle meisies wat in gewone openbare skole ingeskryf is, word vir hierdie PM in ag geneem.

Formule

Om die persentasie van meisies te bereken wat vir Wiskunde in Graad 12 ingeskryf is, moet die volgende formule gebruik word.

$$PGRMat = \frac{GRMat}{N} * 100$$

PGRMat is die persentasie van meisies in die provinsie wat in gewone openbare skole in Graad 12 vir Wiskunde ingeskryf het.

GRMat is die aantal meisies wat in gewone openbare skole in die provinsie in Graad 12 vir Wiskunde ingeskryf het.

N is die totale aantal meisies wat in Graad 12 in gewone openbare skole in die provinsie ingeskryf het.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamendatabasis (Graad 12 Eksamens)

Data deur die Departement van Basiese Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 217: Persentasie van meisieleerders wat in Graad 12 vir Natuurwetenskap ingeskryf het

Definisie en Doel

Hierdie is die persentasie van vroulike leerders wat vir Natuurwetenskap in Graad 12 ingeskryf het. Hierdie is meisies in hierdie vakke ondervertegenwoordig, sodat verhoogde deelname daarin 'n belangrike aanwyser van die beweging na groter genderbalans sou wees. Hierdie PM behoort bereken te word deur die aantal meisieleerders in ag te neem wat Wiskunde in Graad 12 neem.

Formule

Om die persentasie van meisies te bereken wat vir Natuurwetenskap in Graad 12 ingeskryf is, moet die volgende formule gebruik word.

$$PGRPS = \frac{GRPS}{N} * 100$$

PGRPS is die persentasie van meisies in die provinsie wat in gewone openbare skole in Graad 12 vir Wetenskap ingeskryf het.

GRPS is die aantal meisies in die provinsie wat in gewone openbare skole in Graad 12 vir Wetenskap ingeskryf het.

N is die totale aantal meisies wat in Graad 12 in gewone openbare skole in die provinsie ingeskryf het.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamendatabasis (Graad 12 Eksamens)

Data deur die Departement van Basiese Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 218: Die prestasieverhouding van die 20% armste leerders in kwintiel 1-skole teenoor die mins arm 20% leerders in kwintiel 5-skole met betrekking tot die graad 12-slaagsyfer

Definisie en Doel

Hierdie is die persentasie van die tellings van Graad 12-leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat in kwintiel 1-skole, vergeleke met leerders in kwintiel 5-skole. Om hierdie maatstaf te bereken, word 'n steekproef van 20% van leerders in kwintiel 1, en 20% van die mins arm leerders in kwintiel 5 getrek.

Formule

Die volgende formule sou gebruik word om die PM te bereken:

$$PR12_{Q1/Q5} = \frac{Perf_{Q1}}{Perf_{Q5}}$$

Waar:

$PR12_{Q1/Q5}$ die Prestasieverhouding is van die armste 20% kwintiel 1-leerders vergeleke met 20% van die mins arm kwintiel 5-leerders m.b.t. Graad 12.

$Perf_{Q1}$ die gemiddelde Nasionale Senior Sertifikaat-punte vir 20% Graad 12-leerders in die kwintiel 1-skole in die provinsie is. Dit word soos volg bereken:

$$Perf_{Q1} = \frac{\sum AggrMarks}{N}$$

met

$\sum AggrMarks$ Som van die totale punte vir 20% van Graad 12-leerders in kwintiel 1-skole vir die spesifieke provinsie

N 20% van Graad 12-leerders in kwintiel 1-skole wat die Nasionale Senior Sertifikaat in die verslagtydperk geslaag het

$Perf_{Q5}$ is die gemiddelde Nasionale Senior Sertifikaat-punte vir alle Graad 12-leerders in die kwintiel 5-skole in die provinsie. Dit word soos volg vir kwintiel 1 bereken.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamendatabasis (Graad 12 Eksamens)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 219: Graad 12 slaagsyfer

Definisie en Doel

Hierdie is die totale aantal wat die Nasionale Senior Sertifikaat in 'n jaar slaag, gedeel deur die totale aantal leerders wat die Graad 12-Nasionale Eksamens geskryf het. Hierdie prestasiemaatstaf toon die verhouding van ingeskrewe leerders wat 'n Nasionale Senior Sertifikaat sal ontvang. Hierdie PM is bedoel om na te speur hoeveel leerders die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen slaag, uitgedruk in terme van die aantal leerders wat Graad 12-eksamens geskryf het.

Formule

Die volgende formule is van toepassing om hierdie PM te bereken:

$$PR = \frac{LP}{N} * 100$$

Waar:

PR die Slaagsyfer is, d.w.s. die persentasie wat die Nasionale Senior Sertifikaat slaag, uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal leerders wat die Graad 12-eksamens in die provinsie geskryf het.

LP die totale aantal leerders is wat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in die provinsie in 'n bepaalde jaar geslaag het.

N die totale aantal leerders is wat die Graad 12-eksamens in 'n provinsie in enige spesifieke jaar geskryf het.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamendatabasis (Graad 12 Eksamens)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde**Definisie en Doel**

Hierdie is die totale aantal leerders wat Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in 'n jaar slaag, gedeel deur die totale aantal leerders wat Wiskunde-eksamens afgelê het. Hierdie prestasiemaatstaf bied 'n idee van die lewering van die stelsel op die gebied van skaars vaardighede.

Hierdie PM is bedoel om na te speur hoeveel leerders Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen slaag, uitgedruk in terme van die verwagte aantal leerders wat Graad 12-wiskunde eksamens kon geskryf het.

Wiskunde is een van die sleutelvakke wat benodig word om die Suid-Afrikaanse mensehulpbronpoel voldoende te ontwikkel in lyn met die regering se 6% ekonomiese groeiakoers.

Daar is tans inisiatiewe onderweg om die aantal leerders te vermeerder wat grade met Wiskunde en Wetenskap verwerf. So byvoorbeeld mik die 528 Dinaledi-skole met 'n spesifieke fokus op Wiskunde en Wetenskap om die aantal hoërskoolleerders wat in Wiskunde en Wetenskap afstudeer, teen 2008 tot minstens 50 000 te vermeerder.

Formule

$$PRMat_{Gr12} = \frac{LPMat}{N} * 100$$

Waar:

$PRMat_{Gr12}$ die slaagsyfer vir Wiskunde in die Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in die provinsie is.

$LPMat$ die totale aantal leerders in die provinsie is wat Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens geslaag het.

N die aantal leerders is wat Wiskunde in die nasionale eksamens in Graad 12 in die provinsie geskryf het.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamendatabasis (Graad 12 Eksamens)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 221: Slaagsyfer in Graad 12 vir Natuurwetenskap**Definisie en Doel**

Hierdie is die totale aantal leerders wat Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in 'n jaar slaag, gedeel deur die totale aantal van alle leerders wat die Natuurwetenskap-eksamens in Graad 12 afgelê het. Hierdie PM is bedoel om na te speur hoeveel leerders Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen slaag, uitgedruk in terme van die verwagte aantal leerders wat die Natuurwetenskap-eksamens in 'n bepaalde jaar afgelê het.

Wiskunde is een van die sleutelvakke wat benodig word om die Suid-Afrikaanse mensehulpbronpoel voldoende te ontwikkel.

Formule

$$PRPhys_{Gr12} = \frac{LPPhys}{N} * 100$$

Waar:

$PRPhys_{Gr12}$ die slaagsyfer vir Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaat in die provinsie is.

$LPPhys$ die totale aantal leerders in die provinsie is wat Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens geslaag het.

N is die totale aantal leerders wat die Natuurwetenskap-eksamens in Graad 12 in 'n spesifieke jaar in die provinsie geslaag het.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamendatabasis (Graad 12 Eksamens)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 222: Aantal leerders wat by gratis leerdervoer baat**Definisie en Doel**

Dit is die aantal leerders in openbare gewone skole wat by gratis leerdervoer baat. Hierdie maatstaf sluit leerders in wat probleme het om, weens afstand of die nie-beskikbaarheid van skole in hul omgewing, toegang tot gewone openbare skole te verkry. Hierdie maatstaf sluit nie leerders in wat by gratis leerdervoerskemas baat nie.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Programbestuurder of finansiële data

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 223: Aantal leerders wat by die geenfooi-skoolbeleid baat**Definisie en Doel**

Dit is die aantal leerders in openbare gewone skole wat by die geenfooi-skoolbeleid baat. Artikel 29 (20)(a) van die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal dat elkeen die reg op 'n basiese opvoeding het. Die geenfooi-skoolbeleid doen dus weg met skoolfooi in die armste skole landwyd vir leerders vanaf Graad R tot Graad 12. Skole wat geen fooie vereis nie kry 'n groter bedrag befondsing per leerder om op te maak vir die fooie wat gehef sou gewees het.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Provinsiale Programbestuurder

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 301: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is**Definisie en Doel**

Hierdie is die aantal onafhanklike skole wat 'n regeringsubsidie ontvang, wat gedurende die jaar vir gehaltebeheerdoeleindes deur die Departement besoek word. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys wat in onafhanklike skole gelewer word moniteer, en veral dié wat staatsubsidies ontvang, en stappe doen waar daar nie aan minimumstandaarde voldoen word nie.

Verdere spesifikasies

Hierdie is die aantal onafhanklike skole wat minstens een moniteringsbesoek in 'n jaar van 'n beampte van die Provinsiale Onderwysdepartement ontvang het.

Die moniteringsbesoeke wat vir hierdie PM van belang is, word spesifiek in die Nasionale Norms en Standaarde vir Skoolbefondsing vir onafhanklike skole beskryf. Alle onafhanklike skole wat befondsing van die Departement versoek, moet aan 'n bestuurskontrolelys onderwerp word wat sal vasstel of die skool in staat is om openbare befondsing op verantwoordelik wyse te bestuur. Nadat die aanvanklike goedkeuring gegee is, het Provinsiale Onderwysdepartemente ook die verantwoordelikheid om onaangekondigde inspeksies uit te voer om te verseker dat die skole se praktyke in terme van die kontrolelyste op datum is. Die kontrolelys moet items insluit m.b.t. die skool se kapasiteit om openbare fondse te hanteer en rekenskap daarvan te gee, die kapasiteit om kontraktuele verpligtings jeens goedere- en diensteverskaffers na te kom, en die vermoë om finansiële besluite te neem wat opvoedkundig juis is. Die moniteringsbesoeke wat hierdie PM beoog om na te speur, is dus spesifiek verwant aan die nagaan van inskrywingsyfers teen subsidie-eise, en om te verseker dat gehalte-onderwys gelewer word.

Indien openbare fondse gebruik word om hierdie onafhanklike skole te subsidieer, het Provinsiale Onderwysdepartemente die verantwoordelikheid om te verseker dat die besteding die moeite werd is.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Provinsiale Programbestuurder

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

Teiken Gestel

Die teiken behoort gestel te word teen die totale aantal onafhanklike skole in die provinsie wat subsidies van die regering ontvang.

PM 302 Aantal leerders in gesubsidieerde onafhanklike skole**Definisie en Doel**

Hierdie is die aantal leerders wat in gesubsidieerde onafhanklike skole ingeskryf is. Subsidievlakke staan in verband met fooivlakke op 'n vyf-punt progressiewe skaal. Skole wat vir die laagste vlak vra, sal vir die hoogste vlak van die subsidie kwalifiseer. Skole wat fooie hef wat meer as 2,5 maal die afsonderlike provinsiale gemiddelde raming per leerder in Primêre en Sekondêre fases van gewone openbare skole respektiewelik is, word geag om 'n baie ryk klandisie te dien, en 0% subsidie sal uit openbare fondse aan hulle betaal word, Kennisgewing 20 van 2003. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys wat in onafhanklike skole gelewer word moniteer, en veral dié wat staatsubsidies ontvang, en stappe doen waar daar nie aan minimumstandaarde voldoen word nie.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartement

Databron

Provinsiale Programbestuurder (finansiële data)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

P401: Aantal kinders van 6 tot 15 jaar met spesiale behoeftes wat nie by onderwysinstansies ingeskryf is nie**Definisie en Doel**

Hierdie is die aantal kinders van 6 tot 15 jaar met spesiale behoeftes wat nie by onderwysinstansies ingeskryf is nie. Dit is belangrik dat die regering voldoende en toepaslike toegang tot spesiale en gewone openbare skole vir hierdie leerders moet voorsien. Die ideaal is vir hierdie prestasiemaatstaf om 'n waarde van 0% te dra.

Vir die doel van hierdie PM sal die "kinders met spesiale behoeftes" is, uit die statistieke oor gestremdes soos deur Statistiek Suid-Afrika voorsien, bepaal word.

Bereken deur:

Departement van Basiese Onderwys

Databron

Algemene Huishoudings-opname (AHO)

Data deur die Nasionale Departement van Onderwys voorsien

Hierdie data sal aan Provinsiale Onderwysdepartemente voorsien word

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 402: Aantal leerders wat by Spesiale Skole ingeskryf is**Definisie en Doel**

Hierdie is die aantal leerders in spesiale skole. Dit is belangrik dat die regering voldoende en toepaslike toegang tot spesiale skole vir hierdie leerders moet voorsien.

Hierdie PM is daarop gemik om ten dele rekenskap te gee van daardie leerders met spesiale behoeftes (LSO) wat van enige onderwys uitgesluit is. Die onderwys- en opleidingstelsel is daarop gemik om onderwys vir almal te bevorder en die ontwikkeling van inklusiewe en ondersteunende leersentrums te kweek wat alle leerders in staat sal stel om aktief in die opderwysproses betrokke te wees sodat hulle kan ontwikkel en hul potensiaal uitbrei en as gelyke lede van die samelewing kan deelneem.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

OBIS KITS (Spesiale Skole)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 501: Aantal NS(B)-studente wat by openbare VOO-kolleges ingeskryf is**Definisie en Doel**

Hierdie PM vertel ons van die aantal Nasionale Sertifikaat (Beroep) NS(B) -leerders wat in openbare VOO-kolleges ingeskryf is. Vanaf Januarie 2007 het die Nasionale Sertifikaat (beroep) die NATED-kursusse vervang (N1 – N3). Die Nasionale Sertifikaat (Beroep) is 'n nuwe en moderne kwalifikasie op vlakke 2, 3 en 4 in die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR). Hierdie NS (Beroep) is by VOO-kolleges op NKR-vlak 2 in 2007 ingevoer, op Vlak 3 in 2008, en dit sal in 2009 op vlak 4 ingevoer word.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

OBIS KITS (VOO-kolleges)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 502: Aantal NS(B)-studente wat in tegniese velde ingeskryf is (Siviele, Meganiese, Ontwerp, Elektriese velde, slegs een hiervan, geen dubbele tellings nie)**Definisie en Doel**

Hierdie OM verlang die aantal NS(B)-leerders wat in minstens een kursus in 'n tegniese veld ingeskryf is, uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal NS(B)-leerders wat by openbare VOO-Kolleges inskryf. Vir die doel van hierdie PM word enige kursus wat in die velde van Siviele Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese, Elektriese Ingenieurswese en ander elektriese programme val, as "Tegniese Velde" beskou. Vir hierdie PM moet geen leerders tweemaal getel word nie.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

OBIS KITS (VOO-kolleges)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

M 503: Aantal leerders in leerlingskappe in VOO-kolleges geplaas**Definisie en Doel**

Hierdie is die aantal leerders wat deur 'n VOO-kolleges in leerlingskappe geplaas is. Hierdie aanwyser meet die aantal leerders in VOO-kolleges wat aan 'n daadwerklike ervaring en werkomgewing blootgestel is.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

Programbestuurders by VOO Kolleges

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 601: Aantal BOOV-leerders in die provinsie

Definisie en Doel

Hierdie is die aantal leerders wat in openbare BOOV-sentrums ingeskryf is. Hierdie prestasie-meting gee 'n aanduiding van hoe ekstensief die openbare voorsiening van BOOV in die provinsie is.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

OBIS KITS (BOOV)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

PM 701: Aantal Graad R-leerders in openbare skole

Definisie en Doel

Hierdie is die aantal Graad R-leerders in openbare skole. Dit sluit Graad R-leerders in openbare spesiale skole in. Dit sluit egter leerders uit wat in onafhanklike skole is, of in onafhanklike persele wat by skole inskakel.

Bereken deur:

Provinsiale Onderwysdepartemente

Databron

OBIS KITS-opname

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

M 702: Aantal vyfjarige kinders in onderwysinrigtings

Definisie en Doel

Hierdie is die aantal vyfjarige kinders in enige onderwysinrigting. Hierdie maatstaf sluit leerders in wat sowel openbare as private inrigtings bywoon (onafhanklik)

Bereken deur:

Nasionale Departement van Onderwys

Databron

Algemene Huishoudings-opname (AHO)

Rapporteerfrekwensie

Jaarliks

WOORDELYS

BOOV:	(Basiese) Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	LOOM:	Leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal
GOS:	Gevorderde Onderwysertifikaat	WWT:	Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie
BBS:	Besigheidbestuurstelsel	MTUR:	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
KA:	Kurrikulumadviseur	NKV:	Nasionale Kurrikulumverklaring
ROM:	Raad van Onderwysministers	NK(B):	Nasionale Kurrikulum (Beroep)
SOBIS:	Sentrale Onderwysbestuur-inligtingstelsel	NPOD:	Nasionale Professionele Onderwysdiploma
GLS:	Gemeenskapsleersentrum	NOEOE:	Nasionale Ontwikkelingseenheid vir Onderwysevaluering
KVP:	Kringverbeteringsplanne	WNOB:	Wet op Nasionale Onderwysbeleid
KOLI:	Kaapse Onderrig en Leerinstituut	NRO:	Nieregeringsorganisasie
DHOO:	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding	NKR:	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
DVP:	Distrikverbeteringsplanne	NSS	Nasionale Seniorertifikaat
DGVV:	Departement van Gemeenskapsveiligheid	NSVP	Nasionale Skoolvoedingprogram
DBO:	Departement van Basiese Onderwys	NSSB	Norms en Standaarde vir Skoolbefondsing
DBS:	Dokumentbestuurstelsel	WBGV:	Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid
DBIS:	Distrikbestuur- en Inligtingstelsel	POD:	Provinsiale Onderwysdepartement
DOK:	Departementele Opleidingskomitee	WBOF:	Wet op Bestuur van Openbare Finansies
VKO:	Vroeëkindontwikkeling	OPV:	Openbare-privaat Vennootskap
OIB:	Ondermeminginhoudbestuur	PPM'e:	Programprestasiemaatstawwe
OBIS	Onderwysbestuur-inligtingstelsel	PGOOO:	Program vir Gehalteverbetering, Ontwikkeling, Ondersteuning en Opheffing
OIB:	Onderwysinligtingsbeleid	VLR:	Verteenwoordigende Leerderraad
UOWP:	Uitgebreide Openbare Werke-program	SARO:	Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders
OOOP	Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyke	SAKO:	Suid-Afrikaanse Kwalifikasiesowerheid
VOO:	Verdere Onderwys en Opleiding	SASW	Suid-Afrikaanse Skolewet
VOOBIS:	Verdere Onderwys en Opleiding Bestuursinligtingstelsel	SABS	Skooladministrasie- en Bestuurstelsel
AOO:	Algemene Onderwys en Opleiding	SAPD:	Suid-Afrikaanse Polisie diens
HODKOM:	Hoofde van Onderwysdepartemente-komitee	SOOO	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid
HOI:	Hoër Onderwys-instansie	SBL:	Skoolbeheerliggaam
IKT:	Inligting- en Kommunikasietegnologie	SVP:	Skoolverbeteringsplan
IBB:	Institusionele Bestuur en Beheer	SITA:	Staats-inligtingstegnologie-agentskap
I-SABS	Geïntegreerde Skooladministrasie- en Beheerstelsel	SBS:	Skoolbestuurspan
GGBS:	Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel	PPBOS:	Personeelprestasiestuur en -ontwikkelingstelsel
KB:	Kennisbestuur	HSE:	Heelskoolevaluering
LSOB:	Leerders met Spesiale Onderwysbehoefes	WVP:	Werkplekvaardigheidsplan

VRYWARING

Hierdie verslag is 'n vertaalde weergawe van die Ouditkomitee verslag wat goedgekeur en onderteken is. Die gedeelde Ouditkomitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

Deel 3 – Verslag van die Ouditkomitee

VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE VAN DIE WES-KAAP PROVINSIALE REGERING OOR DIE ONDERWYSDEPARTEMENT (BEGROTINGSPOS 5) VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

1. Inleiding

Die Ouditkomitee bied die verslag vir bogenoemde finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2010 met genoeë aan.

2. Ouditkomiteelede en bywoning

Die Ouditkomitee bestaan uit die lede wat hieronder genoem word: Daar word verwag dat die komitee 'n minimum van VIER keer per jaar sal vergader ooreenkomstig sy goedgekeurde opdrag. In die afgelope jaar is vier (4) vergaderings gehou:

15 Mei 2009

6 Julie 2009

13 Augustus 2009

23 Oktober 2009

Lid	Kommentaar	Aantal vergaderings bygewoon
Me B Daries		4
Prof E Calitz	Aangestel as komiteelid op 1 Januarie 2010 en daarna aangestel as voorsitter met onmiddellike inwerkingtreding	0
Mnr RG Nicholls	Voorsitter – kontrak het verstryk op 31 Julie 2009	2
Dr L Kathan		3
Mnr L Mdunyelwa	As komiteelid aangestel op 1 Oktober 2008 en aangestel as die interim voorsitter vanaf 1 Augustus 2009 tot 31 Desember 2009	4
Me P White		4

3. Ouditkomitee se verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee rapporteer dat hulle die verantwoordelikhede nagekom het soos bepaal in artikel 38 (1) (a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en Tesourieregulasie 3.1.13, soos vereis.

Die Ouditkomitee noem verder dat hulle ingevolge die 2008 Handves die gepaste opdrag as hulle Ouditkomiteehandves aangeneem het en hulle sake gereël en verantwoordelikhede ingevolge hierdie Handves nagekom het.

4. Doeltreffendheid van interne kontrole

Die stelsel van interne beheer was nie doeltreffend vir die jaar onder oorsig nie. In sy 2008/09-verslag het die Komitee genoem dat die operasionele interne kontroleomgewing sekere betekenisvolle gebreke gehad het, wat in die finansiële jaar eindigend Maart 2010 uitgeskakel moes word. Belangrike veranderings in die bestuurstruktuur en die posbkleërs in bestuur in die Departement van Onderwys tydens die periode onder oorsig het die beheer onder druk geplaas, maar daar was alreeds tekens dat dieselfde veranderinge die grondslag gelê het vir belangrike verbeterings in die toekoms. Daar was teen die einde van die finansiële jaar hoogs verbeterde interaksie onder leierskap van die nuwe rekenkundige beampte, tussen die Ouditkomitee en topbestuur.

Die Departement het gerapporteer dat 72% van die bevindings deur die Ouditeur-generaal hanteer is. Implementering was op koers ten opsigte van 'n verdere 11% van die bevindings en geen statusverslae is ontvang ten opsigte van die oorblywende 17% van die bevindings nie. Geeneen van die uitstaande kwessies was Bylae A-sake nie. Die Ouditeur-generaal het daarop gewys dat die aksieplanne geneig het om nie die kernoorsake aan te spreek wat onderliggend was aan die bevindings nie en die Interne Oudit- en die Ouditmoniteringspan is versoek om dit reg te stel. Die Ouditeur-generaal het ook aangedui dat hulle in staat was om op aspekte van interne oudit se risiko-assessering te vertrou, maar nie op enige ander ouditeurswerk nie. Dit bepaal die toekomstige prestasie-evaluering van Interne Oudit.

5. Die gehalte van monitering wat gedurende die jaar plaasvind en maandelikse of kwartaalike verslae voorgelê ingevolge die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste

Daar is slegs gedeeltelik voldoen aan die vereistes van die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste wat maandelikse en kwartaalike verslae betref. Hierdie verslae is nie gereeld aan die Ouditkomitee voorgelê nie. Die meeste van die niefinansiële prestasieaanduiders in die onderwys het betrekking op skoolprestasie, waarvan die gegewens net jaarliks bekendgemaak word. Die kwartaalike verslaglewering van finansiële bestuur was genoegsaam en het die bestuur van uitgawes binne die toegekende begroting vergemaklik.

6. Risikobestuurfunksie

Die Departement het 'n omvattende oorsig van sy risiko's onderneem en het die benadering tot risikobestuur ten opsigte van elk van sy begrotingsprogramme in sy strategiese plan vir die belastingjare 2010 – 2014 uiteengesit. 'n Aanbieding deur die Departementshoof voor die Ouditkomitee is geskeduleer vir die volgende belastingjaar.

Die Komitee het sy besorgdheid oor die bedrogregister teenoor die Departement uitgespreek. Sommige gevalle was lank uitstaande en onopgeloste uitbestede gevalle is aangedui as gesluit.

7. Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële state wat in die jaarverslag van die Ouditeur-generaal en die rekenpligtige beampte ingesluit moet word, hersien en bespreek;
- die Ouditeur-generaal se bestuursbrief en die bestuur se respons daarop in hersiening geneem; en
- betekenisvolle aanpassings wat uit die oudit voorgekom het, in hersiening geneem.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die Ouditeur-generaal se gevolgtrekking oor die finansiële jaarstate en is van mening dat die geouditeerde finansiële state aanvaar kan word en saamgelees kan word met die verslag van die Ouditeur-generaal.

Die Departement word weereens gelukkig met die verkryging van 'n ongekwalifiseerde opinie van die Ouditeur-generaal.

8. Interne Oudit

Dit was die eerste volle jaar van die bedryf van die Interne Oudit na die verandering van 'n uitbestede voorsiener na 'n inbestede voorsiener teen die einde van die 2008/09 finansiële jaar. In die jaar onder oorsig het die Interne Oudit uitdagings ervaar ten opsigte van die kapasiteit en verandering van bestuur wat 'n impak gehad het op sy vermoë om sy plan uit te voer. 'n Aantal vakatures is slegs gevul teen die einde van 2009. As gevolg van opleiding en vaardighedeontwikkeling sal die personeelkomplement slegs ten volle operasioneel wees in die loop van 2010/11. Die gevolg is dat die goedgekeurde 2009/10 Interne Ouditplan nie in sy geheel geïmplementeer kon word nie. Die komitee sal in die komende jare voortgaan om Interne Oudit se vordering tot die bereiking van optimale kapasiteit te monitor.

9. Prestasie-inligting

Die gevolgtrekking van die Ouditeur-generaal oor prestasie-inligting in 2008/09 het 'n paar verdere kwessies geïdentifiseer en die Departement is versoek om hieraan aandag te gee en aan die Ouditkomitee verslag te doen. In die Departement se terugvoer aan die Ouditkomitee oor die status van implementering van die Ouditeur-generaal se bevindings (sien Afdeling 4 hierbo) was daar 'n aanduiding dat alle aanbevelings ten opsigte van prestasie-inligting geïmplementeer is. In sy eksterne audit van voorafbepaalde doelwitte met betrekking tot die 2009/10 finansiële jaar het die Ouditeur-generaal verklaar dat daar geen sake was om te rapporteer nie.

10. Kommunikasie

Voor die huidige Departementshoof haar amp opgeneem het op 1 November 2009, was die enigste vorm van direkte kommunikasie wat die Ouditkomitee met die Departement gehad het die bywoning van sekere TOPCO-vergaderings deur die voorsitter. Kommunikasie tussen die Departement en die Ouditkomitee het sedertdien grootliks verbeter. Die Departementshoof het onderneem om Ouditkomitee-vergaderings by te woon en om 'n vergadering te skeduleer (voor en/of na die Ouditkomitee-vergaderings) met die voorsitter van die Ouditkomitee.

11. Ander areas van besorgdheid

As 'n gevallestudie van stelsels en prosedures op skoolvlak het 'n taakspan van die Ouditkomitee besoek afgelê by 'n aantal swak-presterende skole, wat deur die Departement geselekteer is. Die bevindings is aan die Departement gerapporteer en het die volgende onthul:

- tekortkomings ten opsigte van veiligheid en Inkonsekwente kommunikasie tussen die Hoofkantoor, distrikskantore en skole;
- 'n gebrek aan duidelikheid oor rolle en verantwoordelikhede tussen die Hoofkantoor, distrikskantore en skole; en
- tekortkomings ten opsigte van die ondersteuning wat van ander regeringsagente vereis is.

Hierdie kwessies is onder die aandag van die Departement gebring. 'n Respons word in die nuwe finansiële jaar verwag.

12. Ouditeur-generaal

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-generaal vergader en bevestig dat daar geen onopgeloste kwessies was nie.

13. Samevatting

Die Ouditkomitee merk op dat die nuwe bestuur in die Departement ernstig daarvoor is om goeie korporatiewe beheer te verseker en doeltreffende interne kontrole en risikobestuur te vestig. Die uitdaging is om dit in aksie te stel. Sommige van die toetse of dit suksesvol was sal wees: die implementering van strategiese planne en interne kontroles, gegewe begrotingsbeperkings; die gehalte van interne auditondersoeke; die geloofwaardige en vroegetydige respons op interne en eksterne auditbevindings; en die interaksie met die onlangs-gesentraliseerde risikobestuur en interne auditfunksies in die Departement van die Premier.



Estian Calitz
Voorsitter van die Ouditkomitee van die
Wes-Kaap Onderwysdepartement
11 Augustus 2010

Deel 4 – Jaarlikse Finansiële State

Inhoud	Bladsy
Verslag van die rekenpligtige beampte	1
Verslag van die Ouditeur-Generaal	7
Toewysingstaat	11
Aantekenige by die Toewysingstaat	21
Staat van Finansiële Prestasie	22
Staat van Finansiële Posisie	23
Staat van Verandering in Netto Bates	24
Kontantvloeistaat	25
Rekeningkundige beleid	26
Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state	34
Onthullingsnotas by die finansiële state	43
Bylaes tot die jaarlikse finansiële state	52

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Verslag van die Rekenpligtige Beampte aan die Uitvoerende Gesag en Provinsiale Wetgewer van die Republiek van Suid-Afrika.

1. Algemene oorsig van die stand van finansiële sake

- 1.1 Die onderwys bly 'n belangrike fokusgebied vir die land se toekoms. Die finansiële krisis in die wêreld het ook 'n rol gespeel in hoedat die departement se finansies toebedeel is. Alhoewel die begroting vir die departement nie in die algemeen afgeneem het nie, was daar 'n verhoogde toebedeling vir die implementering van die spesifieke beroepsdispensasie en salarisverwante inflasietoenames.

Nietemin was die departement in staat om met groot nasionale intervensieprogramme soos die nasionale skoolvoedingsprogram en PGOOO voort te gaan.

Die departement het 99.96% van die aangepaste begroting bestee, wat 'n verbetering oor die vorige jaar is. Die teiken wat die provinsiale tesourie gestel het, is dat die departement nie met 1% moet onder- of oorbestee nie. Die onderbesteding het op R59 miljoen neergekom.

Redes vir onderbesteding is soos volg.

- Infrastruktuur-onderbesteding was weens betrokkenheid by kapitale projekte. Daar was vertragings by 'n aantal kontrakte waar daar nie met konstruksiewerk begin kon word nie omdat persele onwettig beset was, omgewingsimpakstudies nie gedoen is nie, en tenderverkrygingsprosesse langer geneem het as wat verwag was.
- Daar moet gelet word op die feit dat hierdie verbonde projekte is, en dat versoeke vir hernuwing tot die nasionale tesourie gerig is.

Virement:

Die provinsiale tesourie het die volgende viremente tussen hoofafdelings van die begroting goedgekeur:

Verskuiwing van R19 728 000 vanaf program 1 na program 4 weens diensvoorwaardes en beroepspesifieke dispensasie (BSD).

Verskuiwing van R11 958 000 vanaf program 2 na program 4 weens diensvoorwaardes en beroepspesifieke dispensasie (BSD).

Verskuiwing van R7 631 000 vanaf program 2 na program 4 weens die aankoop van skoolmeubels.

Verskuiwing van R1 108 000 vanaf program 2 na program 4 weens die uitbetaling van verlofgratifikasie.

Verskuiwing van R1 571 000 vanaf program 2 na program 5 weens diensvoorwaardes en beroepspesifieke dispensasie (BSD).

Verskuiwing van R4 684 000 vanaf program 7 na program 5 weens diensvoorwaardes en beroepspesifieke dispensasie (BSD).

Verskuiwing van R183 000 vanaf program 3 na program 5 weens die uitbetaling van verlofgratifikasie.

Verskuiwing van R202 000 vanaf program 3 na program 8 weens die vergoeding wat aan eksaminatore betaal is.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Verskuiwing van R1 479 000 vanaf program 6 na program 8 weens die vergoeding wat aan eksaminatore betaal is.

Verskuiwing van R8 185 000 vanaf program 7 na program 8 weens die vergoeding wat aan eksaminatore betaal is.

- 1.2 Enige ander materiële sake – klere en kaartjies vir Sokker Wêreldbeker.

Die departement het geen sodanige uitgawes aangegaan nie.

2. Diens deur die departement gelewer

- 2.1 Tariefbeleid

Die departement hef fooie vir eksamenverwante dienste soos die nasien van skrifte, versoeke vir kopieë van seniorsertifikate ens., waarvoor tariewe deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys vasgestel word.

- 2.2 Gratis dienste

Die departement het geen diens wat beduidende inkomste kon verdien het, gelewer nie .

- 2.3 Inventarisse

Die inventaris wat op jaareinde bestaan het, is saamgestel uit onvoltooide werk wat verband hou met konstruksiekontrakte. Onvoltooide werk word gedefinieer as daardie konstruksiekontrakte waarvoor dienste gelewer is. Daar nog moet egter nog retensiefondse betaal word, soos ooreengekom is met die verskaffer op grond van kontraktuele verpligtinge. Die betrokke bedrag vir die verslagjaar is R56,6 miljoen.

3. Kap asiteitsbeperkings

Skole beleef uitdagings om personeel met toepaslike kwalifikasies vir sekere vakke soos wiskunde en wetenskap te vind. Die departement het 'n beurstelsel wat die uitdaging deels aanspreek. Die Nasionale Departement van Basiese Onderwys is egter ook besig om moontlike oplossings te ondersoek. Ondertussen bied die departement egter 'n program aan wat by 120 skole uitgesaai word om Graad 12-leerders met daardie kritieke vakke te help.

Die vakante poste in die hoofkantoor, veral in die transversale dissiplines soos Mensehulpbronbestuur, Verkyngingslynbestuur en Finansiële Rekeningkunde bly 'n uitdaging. Die opleiding van bestaande personeel en herevaluering van posvlakke is inisiatiewe wat onderneem word om probleme op te los. Daarby hersien ons egter ook bedryfprosesse op sekere gebiede.

4. Benutting van donateursgeld

Die departement het geen beduidende fondse van donateurs ontvang nie.

5. Handelsentiteite en openbare entiteite

Die departement het geen sodanige entiteite nie.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

6. Organisasie es waaraan oordragbetalings gemaak is

In Bylae 1B van die jaarlikse finansiële state word 'n lys gegee van die entiteite waaraan oordragbetalings gemaak is. Die departement het ongeveer 1 900 instansies waaraan oordragbetalings gemaak word.

Oordragbetalings word gemaak aan opvoedkundige instansies in terme van die relevante wet van die parlement wat hulle reguleer. Oordragbetalings word byvoorbeeld aan gewone openbare skole gemaak vir norme en standaarde soos uiteengesit in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet., 1996, (Wet nr. 84 van 1996). Verwys asseblief na Bylae1B vir 'n meer gedetailleerde verduideliking vir elke tipe entiteit.

Die departement pas Artikel 38(i)(j) van die WBOF streng toe waar entiteite wat oordragbetalings ontvang moet bewys dat hulle die fondse bestee vir die doeleindes waarvoor dit bestem is. Hier moet die relevante entiteite 'n verklaring maak en 'n sertifikaat uitreik voordat die volgende oordragbetaling gemaak word. Dan is hulle ook in terme van die relevante wet wat op daardie entiteit van toepassing is, verantwoordelik vir die indiening van hul geouditeerde finansiële state teen 'n sperdatum vir oorsig en nakoming. Die onderwysdistrikskantore gee spesiale aandag aan kapasiteitsbou op skoolvlak en voorsien deurlopende ondersteuning. Hierdie proses word op 'n deurlopende basis gemoniteer.

7. Publieke private vennootskappe (PPP)

Die WKOD het nie by enige sodanige reëlings betrokke geraak nie.

8. Korporatiewe bestuursreëlings

Huidige tesourieregulasies bepaal dat 'n risiko-gebaseerde benadering tot 'n interne audit gevolg moet word. Hierdie benadering stem ooreen met die King II-verslag.

'n Risikogebaseerde benadering vereis die dekking van alle beduidende risiko's, maar is nie daartoe beperk om op operasionele en strategiese risiko's te fokus nie.

Die strategiese en operasionele risiko-assesserings is afgehandel. Die nuut-gevestigde interne ouditeenheid het eers laat in die finansiële jaar met hul werk begin. Nogtans was die strategiese risiko altyd onder die aandag van senior bestuur.

Die departement het wel 'n auditkomitee wat uit onafhanklike lede bestaan. Dit is tans vir die sesde jaar in bedryf. Die komitee vergader gereeld en skakel deurlopend met senior bestuur. Die interne auditfunksie rapporteer direk aan die auditkomitee.

Die departement het 'n risiko-assesseringseenheid wat weens skaars vaardighede en interne vakatures nie doeltreffend kon funksioneer nie. Een van die hoof funksies is om saam met die provinsiale tesourie 'n risiko-beleidsraamwerk te ontwikkel. Die risiko-beleid sal in 'n beleid vir die assessering van bedrog-risiko ontvou. Alhoewel laasgenoemde nie in plek is nie, het die departement 'n generiese bedrogvoorkomingsplan wat nie beduidend sou verskil indien 'n bedrog-risiko-assessering afgehandel sou word nie.

Senior bestuurslede moet jaarliks 'n verklaring van "geen botsende belange" voltooi en dit indien. Alle bodkomiteelede en alle personeel in verkrygingslynbestuur moet ook enige belangebotsings verklaar. Die departement vereis nou ook dat alle biëers potensiële verhoudings met die werkgewer of werknemers verklaar. Die auditkomiteelede moet ook 'n verklaring van "geen botsende belange" indien.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Die veiligheid van leerders en opvoeders by skole is 'n groot uitdaging en die departement het 'n vennootskap gevorm met ander relevante provinsiale departemente om met hierdie kwessie te werk. Dit wil voorkom of daar wel vordering is m.b.t. programme wat die departement onderneem het om skole te beskerm.

9. Gestaaakte aktiwiteite/aktiwiteite wat gestaak moet word

Geen

10. Nuwe/voorgestelde aktiwiteite

Geen

11. Batebestuur

Die WKOD het alle mylpale bereik soos uiteengesit in terme van die hervormings m.b.t. batebestuur. Die bateverifikasieproses word tweejaarlike gedoen om volgehoue verbetering te verseker. Alle bates is dus op die bateregister vasgelê en die toestand van elke bate is aangeteken.

12. Gebeure na die verslagdatum

Die Wes-Kaapse Regering het 'n moderniseringsproses van stapel gestuur. Die voltooiing van die proses het tot gevolg gehad dat funksies van die WKOD na die Departement van die Premier verskuif is. Die interne oudit- en risiko-assesseringsfunksies is met ingang 1 April 2010 verskuif. Die gevolglike begroting van R5,859 is derhalwe verskuif.

13. Prestasie-inligting

Daar word op 'n kwartaallikse basis van prestasie-inligting rekord gehou en dit word dan by die provinsiale tesourie ingedien.

In hoofsaak is die stelsels wat in plek is die Sentrale Onderwysbestuurinligtingstelsel (SOBIS) om leerderdata te voorsien, en PERSAL om personeelsyfers en uitgawes te voorsien. Basiese Rekeningkundige Stelsel (BRS) word gebruik om data aangaande uitgawes te voorsien.

Die gehalteversekeringsdirektoraat is verantwoordelik vir die bekragtiging van die data wat vir inligting oor prestasie ingedien word. Dit is nodig om te verseker dat inligting oor prestasie akkuraat en volledig weerspieël word.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

14. SKOOR- resolusies

Verwysing na vorige auditverslag en SKOOR-resolusies	Onderwerp	Bevindings oor vordering
SKOOR-verslag gedateer 31 Maart 2010	Die departement sal maontlik rekenskap moet gee van afskrywings in terme van beweerde vrugtelose en verkwistende uitgawes m.b.t. infrastruktuurprojekte. Die uiteindelijke uitkoms van die saak kan nie nou bepaal word nie, en daar is geen voorsiening vir enige vrugtelose en verkwistende uitgawes gemaak wat mag voorkom nie. Die verlies weens die kansellering van die kontrakte word as vrugtelose en verkwistende uitgawes beskou.	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. Die departement het 'n nota in die finansiële state ingesluit dat 'n bedrag van R1,7 miljoen as maontlike vrugtelose en verkwistende uitgawes geïdentifiseer is, wat aan finalisering onderworpe is.
	Probleme is tydens die audit ervaar i.v.m. verdragings of die onbesikbaarheid van inligting. Dit dui op 'n situasie waar daar 'n gebrek is aan voortdurende monitering en toesig, sowel as 'n gebrek aan doeltreffende beheer rondom die beskikbaarheid van verwagte inligting. Beheer- en/of tenderdokumentasie sou misplaas kon gewees het en 'n betaling sou gemaak kon gewees het wat nie in lyn met die vereistes van die kontrakte of bodinligting of tenderdokumentasie is nie.	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. Die departement het beheermaatreëls rondom die insameling van brondokumentasie geïmplementeer, wat ook op 'n maandelikse basis gemoniteer word.
	SKOOR-resolusies is nie wesenlik geïmplementeer nie. Indien korrektiewe optrede nie op SKOOR-resolusies volg nie sal foute en praktyke uit die verlede waarskynlik weer voorkom.	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings.
	Die ondersteunende dokumentasie vir die volgende prestasie-metings is nie vir volwassenes voorsien nie aangesien die eintlike uitset sonder ondersteunende dokumentasie aan die beampte gestuur word wat die prestasieverslag opstel. 'n Duidelike spoor van ondersteunende dokumentasie wat maklik beskikbaar en betyds voorsien is, is dus nie in plek nie. Gevolglik kon die prestasie-inligting wat in die jaarverslag onthul word, nie deur die skrywers bevestig word nie.	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings. Die dokumentasie is voorgelê en die saak word as afgehandel beskou.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

15. Vroeëre wysigings van auditverslae

Die Ouditmoniteringspan (OMS) het seker gemaak dat korrektiewe optrede ten opsigte van die Ouditeur-generaal se aanbevelings plaasgevind het en het bystand en leiding aan die bestuurders ten opsigte van die implementering verskaf.

Die OMS het daarin geslaag om bestuurders te help om aan die aangeleenthede gelys onder Aanhangsel A en B van die Ouditeur-Generaal se bestuursverslag van 2008-09 aandag te gee. Die OMS het dit reggekry deur aan die relevante hoofdirekteure opdrag te gee om aksieplanne saam te stel vir implementering en om die vordering daarvan op 'n maandelikse basis te monitor.

Die Departement het 'n strategie ontwikkel om werk te maak van die kommer oor die kwalifikasies van opvoeders en die verwante vakke wat hulle onderrig. 'n Kwalifikasiedatabasis (KDB)-stelsel word tans ontwikkel vir die vaslegging van onderwyskwalifikasies en die uitrol daarvan na skole.

16. Vrystellings en afwykings ontvang vanaf die Nasionale Tesourie

Geen

17. Ander


Geen

18. Infrast rukturkweesies: Magqwaka-geval

Die verslag wat deur die hoof van die DTOW aangevra en deur 'n onafhanklike adviseur gelewer is, het standpunt ingeneem m.b.t. beweerde vrugtelose en verkwistende uitgawes op infrastruktuurprojekte vir skole. Die aanbevelings deur die adviseur aangaande besigheidsprosesse en -beheer is opgevolg, finale rekenings is opgestel, en die staatsprokureur het 'n mandaat gekry om waarborge te herroep. Die proses vorentoe is om enige vrugtelose en verkwistende uitgawes in te vorder en om te oorweeg om enige oninvorderbare nalatige en vermorsende uitgawes af te skryf. Die rekeningkundige optrede m.b.t. vrugtelose en verkwistende uitgawes is dat die transaksies slegs in die rekeningboeke aangeteken word nadat die oninvorderbare bedrag gekwantifiseer is. Enige afskrywing sal tegnies vir die rekening van die klientdepartement wees, aangesien die voorwaardes vir infrastruktuurlewering in terme van die Wet op Inkomsteverdeling gesetel is in die begroting van die klientdepartement, naamlik Onderwys. Bestuur het aangedui dat enige vrugtelose en verkwistende uitgawes slegs bepaal kan word nadat die finale rekening intern bekragtig is. Die verwagte datum vir die finale rekeningproses is 31 Augustus 2010.

19. Goedkeuring

Die Jaarlikse Finansiële State soos op bladsye 11 tot 62 uiteengesit, is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



**PA VINJEVOLD
SUPERINTENDEN-GENERAAL
DATUM: 31 Mei 2010**

VRYWARING

Hierdie ouditverslag is 'n vertaalde weergawe van die ouditverslag wat goedgekeur en onderteken is. Die Kantoor van die Ouditeur-generaal aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR DIE
FINANSIËLE STATE VAN BEGROTINGSPOS Nr. 5: WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT VIR DIE JAAR
GEËINDIG 31 MAART 2010**

VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

Inleiding

1. Ek het die meegaande finansiële state van die Wes-Kaap Onderwysdepartement geoudit, wat bestaan uit die toewysingstaat, staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2009, die staat van finansiële prestasie, die staat van verandering in netto bates. en die kontantvloeietaat vir die jaar geëindig, en 'n opsomming van die beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting soos uiteengesit op bladsye 11 tot 62.

Die rekenpligtige beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die gemodifiseerde kontantbasis soos bepaal deur die Nasionale Tesourie en soos uiteengesit in rekeningkundige beleidnota 1.1 en op die wyse vereis deur die Wet op finansiële Bestuur, (Wet Nr. 1 van 1999 (WBOF) en die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2008 (Wet Nr. 12 van 2009) (WVI). Hierdie verantwoordelikheid sluit die volgende in: die ontwerp, implementering en handhawing van interne beheer m.b.t. die opstel en billike voorlegging van finansiële state wat sonder wesenlike wanvoorstellings is, hetsy weens bedrog of foutering; die seleksie en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige beramings wat onder die omstandighede redelik is.

Die Ouditeur-Generaal se verantwoordelikheid

3. Soos vereis word deur artikel 188 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika gelees saam met artikel 4 van die Openbare Ouditwet (Wet Nr. 25 van 2004) (OOW) en artikel 40(2) van die WBOF, is my verantwoordelikheid om 'n opinie uit te spreek oor hierdie finansiële state gebaseer op my audit.
4. Ek het my audit uitgevoer in ooreenstemming met die Internasionale Standaard oor Ouditering saamgelees met die Algemene Kennisgewing 1570 van 2009, uitgereik in die Staatskoerant 31057 van 27 November 2009. Daardie standaard vereis dat ek voldoen aan die etiese vereistes, en die audit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat die finansiële state sonder wesenlike wanvoorstellings is.
5. 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word hang af van die ouditeur se oordeel, met inbegrip van die assessering van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state of hetsy weens bedrog of foutering. Tydens die assesseringsproses oorweeg die ouditeur interne kontroles wat relevant is tot die entiteit se voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state om ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n opinie uit te spreek oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne kontroles nie. 'n Oudit sluit ook die evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid gebruik en die redelikheid van rekeningkundige beramings wat deur bestuur gemaak is, sowel as die evaluering van die oorhoofse aanbieding van die finansiële state.
6. Ek glo dat die ouditbewyse wat ek verkry het genoegsaam en toepaslik is om 'n basis vir my ouditmening te verskaf.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Mening

7. Na my mening is die finansiële state in alle wesenslike aspekte 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement soos op 31 Maart 2008 en sy finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar geëindig, in ooreenstemming met die aangepaste kontantbasis van rekeningkunde soos bepaal deur die Nasionale Tesourie, soos uiteengesit in rekeningkundige beleidnota 1.1 en op die wyse soos vereis deur die WBOF en die WVF.

Beklemtoning van aangeleentheid

Ek vestig aandag op die aangeleentheid hieronder. My mening is nie weens hierdie aangeleentheid gewysig nie.

Rekeningkundige basis

8. Die Departement se beleid is om finansiële state voor te berei op die gemodifiseerde kontantbasis van rekeningkunde soos uiteengesit in rekeningkundige beleidnota 1.1 van die finansiële state.

Ander aangeleenthede

Ek vestig aandag op die aangeleentheid hieronder. My mening is nie weens hierdie aangeleentheid gewysig nie.

Ongeouditeerde aanvullende skedules

9. Die aanvullende inligting wat op bladsye 54 tot 62 uiteengesit word, vorm nie deel van die finansiële state nie en word as bykomstige inligting aangebied. Ek het nie hierdie skedules geoudit nie, en gevolglik spreek ek nie menings daarvoor uit nie.

VERSLAG OOR ANDER REGS- EN REGULATIEWE VEREISTES

10. Ingevolge die WOR van Suid-Afrika en Algemene Kennisgewing 1570 of 2009, uitgereik in die Staatskoerant Nr. 32758 van 27 November 2009, sluit ek hieronder my bevindings oor die verslag oor voorafbepaalde doelstellings in, in nakoming van WBOF, WVF en finansiële bestuur (interne kontrole).

Bevindings

Voorafbepaalde doelstellings

11. Geen aangeleenthede vir verslag

Nakoming van wette en regulasies

WVF

Nie-aanhang van wetgewing

Raamwerk vir MIV/VIGS-toekenning (onderwys in lewensvaardighede)

12. Ondanks die bepalings van Artikel 24 (1) (d) van die WVF was MIV/VIGS-ondersteuningsmateriaal vir leerders by sekere skole nie beskikbaar en/of versprei of gebruik nie.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

13. Ondanks die bepalings van Artikel 24 (1)(d) van die WFV het sekere skole nie 'n geïntegreerde MIV/VIGS-plan/beleid ontwikkel en aangeneem as deel van hul onderrigplan wat die behoeftes, etos en waardes van die skool en sy gemeenskap binne die raamwerk van provinsiale beleid weerspieël nie.

INTERNE KONTROLE

14. Ek het interne kontrole as relevant vir my audit van finansiële state en die verslag oor nakoming van die WVF beskou, maar nie vir die uitspraak van 'n mening oor die doeltreffendheid van interne kontrole nie. Die aangeleenthede wat hieronder vermeld word, is beperk tot tekortkominge wat tydens die audit geïdentifiseer is.

- Leierskap

Die toon m.b.t. die aanhang van interne kontrole word van bo bepaal, maar die rekeningpligtige beampte evalueer nie of bestuur doeltreffende interne kontrole geïmplementeer het deur 'n begrip te ontwikkel vir hoedat senior-bestuur sy verantwoordelikhede nagekom het nie. Daar was twee gevalle van wesenlike nie-nakoming van die WVF m.b.t. 'n voorwaardelike MIV/VIGS-toekenning.

ANDER VERSLAE

Ondersoeke

Lopende ondersoek

15. Gedurende Augustus is 'n ondersoek deur die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) uitgevoer in terme van 'n prestasie-audit van entiteite wat met regeringswerknemers skakel en met departemente van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie sake doen. Ten tyde van hierdie verslag kon daar nie vasgestel word of enige verdere ondersoeke deur die departement uitgevoer is nie.
16. Die Direkoraat: Die forensiese ondersoekenheid het twee gevalle vir ondersoek en finalisering na die departement verwys. Hierdie aangeleenthede hou verband met 'n ondersoek om te bepaal of magmisbruik en voorkeurverkryging m.b.t. Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdienste (OBID), en beweerde ongerymdhede m.b.t. leerdervoer voorgekom het. Ten tyde van hierdie verslag kon nie vasgestel word of hierdie ondersoeke gefinaliseer was nie.
17. Met betrekking tot paragraaf 18 van die rekeningpligtige beampte se verslag oor die finansiële state, sal die departement moontlik rekenskap moet gee van afskrywings weens beweerde vrugtelose en verkwistende uitgawes in verband met infrastruktuurprojekte. Die uiteindelijke uitkoms van die saak kan nie nou bepaal word nie, en daar is geen voorsiening gemaak vir enige vrugtelose en verkwistende uitgawes wat mag voorkom nie. Bestuur het aangedui dat enige vrugtelose en verkwistende uitgawes slegs bepaal kan word nadat die finale rekening intern bekragtig is. Die verwagte datum vir die finale rekeningproses is 31 Augustus 2010.

Prestasie-audits

18. Soos in paragraaf 15 hierbo gemeld, is 'n prestasie-audit uitgevoer van entiteite wat met regeringswerknemers skakel en met departemente van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie sake doen. Die transaksies in die verslag dek die periode vanaf 1 April 2005 tot 31 Maart 2007, en die verslag is op 12 Junie 2009 ter tafel gelê.

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

19. 'n Prestasie-oudit is op die departement se infrastruktuurloweringsproses uitgevoer. Die bestuursverslag het 19 projekte gedek wat R242 miljoen beloop het, en is op 30 November 2009 uitgereik.

Auditor - General

Kaapstad

31 Julie 2010



**AUDITOR - GENERAL
SOUTH AFRICA**

Auditing to build public confidence

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**TOEWYSINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Toewysing per program									
Programme	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike besteding R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike besteding	Variansie	Besteding as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
1. Administrasie									
Lopende betaling)	369,442	(712)	(12,853)	355,877	355,847	30	100.0	327,796	327,796
Oordragte en subsidies	41,453	447	(1,334)	40,566	40,564	2	100.0	34,841	34,841
Betaling vir kapitale bates	24,871	265	(5,541)	19,595	19,194	401	98.0	30,892	30,892
2. Openbare Gewone Skoolonderwys									
Lopende betaling)	7,877,324	34,565	(14,680)	7,897,209	7,891,316	5,893	99.9	6,782,665	6,779,687
Oordragte en subsidies	554,517	(28,162)	(7,588)	518,767	513,983	4,784	99.1	453,895	454,904
Betaling vir kapitale bates	221,234	(6,403)	-	214,831	182,061	32,770	84.7	187,463	175,944
3. Onafhanklike Skole Subsidies									
Oordragte en subsidies	55,907	-	(385)	55,522	55,522	-	100.0	44,119	44,119
4. Openbare Spesiale Skoolonderwys									
Lopende betaling)	460,548	(2,200)	31,686	490,034	490,034	-	100.0	414,963	414,963
Oordragte en subsidies	95,507	2,200	8,739	106,446	104,246	2,200	97.9	95,427	95,427
Betaling vir kapitale bates	29,743	-	-	29,743	29,324	419	98.6	-	-
5. Verdere Onderwys en Opleiding									
Lopende betaling)	206,415	5	6,255	212,675	212,675	-	100.0	200,850	200,850
Oordragte en subsidies	156,064	(5)	183	156,242	156,242	-	100.0	166,341	166,340
6. Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes									
Lopende betaling)	7,414	-	(513)	6,901	6,901	-	100.0	4,803	4,803
Oordragte en subsidies	23,544	-	(966)	22,578	22,578	-	100.0	22,035	22,035
7. Vroeë-kind-ontwikkeling									
Lopende betaling)	157,246	(21,045)	(12,869)	123,332	119,332	4,000	96.8	67,715	67,715
Oordragte en subsidies	148,243	21,045	-	169,288	169,288	-	100.0	161,034	161,033
8. Hulp- en Verwante Dienste									
Lopende betaling)	129,337	2,648	9,866	141,851	141,851	-	100.0	112,582	112,552
Oordragte en subsidies	104,859	(2,736)	-	102,123	102,123	-	100.0	98,422	98,422
Betaling vir kapitale bates	144	88	-	232	232	-	100.0	245	155
Totaal	10,663,812	-	-	10,663,812	10,613,313	50,499	99.5	9,206,088	9,192,478
Rekonsiliasie met staat van finansiële prestasie									
Voeg by									
Ontvangste deur die Departement				3,056				-	
Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (totale inkomste)				10,666,868				9,206,088	
Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (uitgawes)					10,613,313			9,192,478	

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**TOEWYSINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Toewysing per ekonomiese klassifikasie									
Ekonomiese klassifikasie	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike besteding R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike besteding	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
Lopende betaling)									
Vergoeding van werknemers	8,200,780	(12,312)	26,375	8,214,843	8,214,843	-	100.0	7,089,690	7,089,690
Goedere en dienste	1,003,438	19,592	(19,483)	1,003,547	993,624	9,923	99.0	816,018	813,020
Finansiële transaksies in bates en laste	3,508	5,981	-	9,489	9,489	-	100.0	5,657	5,657
Oordragte en subsidies									
Departementele agent-skappe en rekeninge	4,604	-	-	4,604	4,604	-	100.0	4,255	4,255
Instansies sonder winsbejag	1,123,555	(17,275)	(2,532)	1,103,748	1,096,762	6,986	99.4	1,016,187	1,017,195
Huishoudings	51,935	10,064	1,181	63,180	63,180	-	100.0	55,674	55,673
Betaling vir kapitale bates									
Geboue en ander vaste strukture	242,602	-	-	242,602	209,413	33,189	86.3	170,674	162,455
Masjinerie en toerusting	19,993	(6,678)	(926)	12,389	11,988	401	96.8	37,257	33,857
Programmatuur en ander ontasbare bates	13,397	628	(4,615)	9,410	9,410	-	100.0	10,676	10,676
Totaal	10,663,812	-	-	10,663,812	10,613,313	50,499	99.5	9,206,088	9,192,478

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**TOEWYSINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

**Besonderhede per program 1 – Administrasie
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Besonderhede per subprogram	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike uitgawes	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
1.1 Kantoor van die LUR									
Lopende betaling	4,107	87	-	4,194	4,194	-	100.0	3,501	3,501
Oordragte en subsidies	-	-	-	-	-	-	-	12	12
Betaling vir kapitale bates	-	6	-	6	6	-	100.0	9	9
1.2 Korporatiewe dienste									
Lopende betaling	201,578	(1,569)	(9,563)	190,446	190,416	30	100.0	175,322	175,322
Oordragte en subsidies	17,758	1,246	-	19,004	19,004	-	100.0	19,277	19,277
Betaling vir kapitale bates	12,690	(20)	(3,944)	8,726	8,325	401	95.4	19,660	19,660
1.3 Onderwysbestuur (OBIS)									
Lopende betaling	137,624	(335)	(1,787)	135,502	135,502	-	100.0	121,520	121,520
Oordragte en subsidies	13,932	(110)	(1,334)	12,488	12,486	2	100.0	8,159	8,159
Betaling vir kapitale bates	6,141	445	-	6,586	6,586	-	100.0	6,705	6,705
1.4 Menshulpbrontwikkeling									
Lopende betaling	13,400	2,455	-	15,855	15,855	-	100.0	17,056	17,056
Oordragte en subsidies	2,063	(2,039)	-	24	24	-	100.0	16	16
Betaling vir kapitale bates	165	(166)	-	(1)	(1)	-	100.0	6	6
1.5 Onderwysbestuur-inligtingstelsel (OBIS)									
Lopende betaling	12,733	(1,350)	(1,503)	9,880	9,880	-	100.0	10,397	10,397
Oordragte en subsidies	7,700	1,350	-	9,050	9,050	-	100.0	7,377	7,377
Betaling vir kapitale bates	5,875	-	(1,597)	4,278	4,278	-	100.0	4,512	4,512
Totaal	435,766	-	(19,728)	416,038	415,605	433	99.9	393,529	393,529

Program 1 per ekonomiese klassifikasie	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike uitgawes	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	228 926	5 796	(6 266)	228 456	228 456	-	100.0	192 440	192 440
Goedere en dienste	137 008	(12 489)	(6 587)	117 932	117 902	30	100.0	129 701	129 701
Finansiële transaksies in bates en laste	3 508	5 981	-	9 489	9 489	-	100.0	5 657	5 657
Oordragte en subsidies									
Instansies sonder winsbejag	39 679	(1 445)	(1 224)	37 010	37 008	2	100.0	31 059	31 059
Huishoudings	1 774	1 892	(110)	3 556	3 556	-	100.0	3 782	3 782
Betaling vir kapitale bates									
Masinerie en toerusting	11 586	(352)	(926)	10 308	9 907	401	96.1	22 014	22 014
Programmatuur en ander ontasbare bates	13 285	617	(4 615)	9 287	9 287	-	100.0	8 876	8 876
Totaal	435 766	-	(19 728)	416 038	415 605	433	99.9	393 529	393 529

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**TOEWYSINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

**Besonderhede per program 2 – Openbare Gewone Skoolonderwys
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Besonderhede per subprogram	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike uitgawes	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
2.1 Openbare primêre skole									
Lopende betaling)	4,371,652	79,722	-	4,451,374	4,450,213	1,161	100.0	3,735,045	3,734,042
Oordragte en subsidies	321,943	1,955	-	323,898	319,114	4,784	98.5	283,953	283,953
Betaling vir kapitale bates	140,320	161	-	140,481	115,792	24,689	82.4	75,740	67,521
2.2 Openbare sekondêre skole									
Lopende betaling)	2,991,939	(67,114)	(13,956)	2,910,869	2,910,869	-	100.0	2,613,291	2,613,291
Oordragte en subsidies	183,550	(9,779)	-	173,771	173,771	-	100.0	161,779	162,788
Betaling vir kapitale bates	72,539	12	-	72,551	64,470	8,081	88.9	97,931	97,931
2.3 Professionele dienste:									
Lopende betaling)	368,782	8,991	-	377,773	373,041	4,732	98.7	326,556	326,556
Oordragte en subsidies	803	565	-	1,368	1,368	-	100.0	2,378	2,378
Betaling vir kapitale bates	4,989	(3,190)	-	1,799	1,799	-	100.0	10,174	10,174
2.4 Menselike hulpbronnontwikkeling									
Lopende betaling)	42,654	13,344	(724)	55,274	55,274	-	100.0	30,275	30,275
Oordragte en subsidies	36,161	(24,675)	(7,588)	3,898	3,898	-	100.0	22	22
Betaling vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	-	318	318
2.5 Nasionale Skoolvoedingprogram									
Lopende betaling)	102,297	(378)	-	101,919	101,919	-	100.0	77,498	75,523
Oordragte en subsidies	12,060	3,772	-	15,832	15,832	-	100.0	5,763	5,763
Betaling vir kapitale bates	3,386	(3,386)	-	-	-	-	-	3,300	-
Totaal	8,653,075	-	(22,268)	8,630,807	8,587,360	43,447	99.5	7,424,023	7,410,535

Program 2 Per ekonomiese klassifikasie	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike uitgawes	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	7,189,403	(23,694)	(14,680)	7,151,029	7,151,029	-	100.0	6,164,427	6,164,427
Goedere en dienste	687,921	58,259	-	746,180	740,287	5,893	99.2	618,227	615,259
Oordragte en subsidies									
Instansies sonder winsbejag	537,476	(37,117)	(7,588)	492,771	487,987	4,784	99.0	435,170	436,179
Huishoudings	17,041	8,955	-	25,996	25,996	-	100.0	18,727	18,727
Betaling vir kapitale bates									
Geboue en ander vaste strukture	212,859	-	-	212,859	180,089	32,770	84.6	170,674	162,455
Masjinerie en toerusting	8,375	(6,403)	-	1,972	1,972	-	100.0	14,998	11,688
Programmatuur en ander ontasbare bates	-	-	-	-	-	-	-	1,800	1,800
Totaal	8,653,075	-	(22,268)	8,630,807	8,587,360	43,447	99.5	7,424,023	7,410,535

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**TOEWYSINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

**Besonderhede per Program 3 – Onafhanklike Skole Subsidies
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Besonderhede per subprogram	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike uitgawes	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
3.1 Primêre fase Oordragte en subsidies	23,865	(870)	(385)	22,610	22,610	-	100.0	19,500	19,500
3.2 Sekondêre fase Oordragte en subsidies	32,042	870	-	32,912	32,912	-	100.0	24,619	24,619
Totaal	55,907	-	(385)	55,522	55,522	-	100.0	44,119	44,119

Program 3 Per ekonomiese klassifikasie	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike uitgawes	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
Oordragte en subsidies Instansies sonder winsbejag	55,907	-	(385)	55,522	55,522	-	100.0	44,119	44,119
Totaal	55,907	-	(385)	55,522	55,522	-	100.0	44,119	44,119

**WES-KAAP PROVINSIE
ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**TOEWYSINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

**Besonderhede per program 4 – Openbare Gewone Skoolonderwys
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010**

Besonderhede per subprogram	2009/10 2008/09							Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000
	Aangepaste toewysing	Verskuiwing van fondse	Virement	Finale toewysing	Werklike uitgawes	Variansie	Uitgawes as % van finale toewysing		
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%		
4.1 Skole									
